KAUNDA OOR SY WIT SAKDOEK

# vrye weekblad

8 - 21 JUNIE • R5,00

ONAFHANKLIK • ONVERBONDE • ONVERSKROKKE



# die wit gevaar

DAAR IS NIE GENOEG HAAT EN NYD
VIR 'N BURGEROORLOG NIE

DIE SKOLLIE-FAKTOR IN DIE WIT POLITIEK

REGSES KÁN SA LAMLÊ

Antjie Krog sê sy's 'n Kuifie

**SPRINGBOKRUGBY:** die hart is terug

**Die ANC se onheilige tweeling**

GORKI KAN JOU TROOS,
SÊ JEANNE GOOSEN

ISSN 1015-9649



IN AFRIKA, HET ONS DIE REISKUNS GENEEM EN DIT VLERKE GEGEE.

In die vroegste tye het die mens opgekyk en sy arms uitgestrek ... want dit was sy droom om te vlieg soos 'n arend.

Ons, die mense van Afrika, het die droom geneem en dit omskep in iets baie besonders. Want in hierdie wydgestrekte land het ons meer omtrent die reiskuns geleer as enigiemand anders.

Kom beleef 'n wêreld van weelde, gerief en warmte.

In ons strewe om die vliegkuns in 'n buitengewone ervaring te omskep, is ons beloon deur die lesers van Brittanje se *Executive Travel*-tydskrif. Hulle het ons vyf jaar na mekaar aangewys as die lugredery van hul keuse na Afrika. Maar vir die Suid-Afrikaanse Lugdiens eindig dit nie daar nie, want ons wil die reiskuns verby die gewone grense neem.

Ons het dit vlerke gegee.

SAL
SUID-AFRIKAANSE LUGDIENS

'n Divisie van Transnet Beperk

LINDSAY SMITHERS-FCB 7412

vrye weekblad

8 JULIE 1993

TWEEDE REEKS N° 2




Daar is waarskynlik nie genoeg haat, bitterheid en ontbering onder wit Suid-Afrikaners om hulle in doodsveragtende terroriste te laat ontaard en 'n burgeroorlog te ontketen nie. Die "skollie-faktor" vervreem boonop baie gewone konserwatiewe witmense. Maar dit is ook waar dat net tien spoorwegwerkers 'n duisend treine tot stilstand kan bring. Is die regses se berugte "tien plae" meer bek as binnegoed?



**Kenia** is 'n vriendelike land in Oos-Afrika wat steeds vasgevang is in 'n identiteitstryd tussen tradisionele Afrika en moderne demokrasie. Keniane sien Suid-Afrika as die maatstaf vir ontwikkeling en glo dit gaan die eerste werklike moderne demokrasie op die kontinent wees.

**Depressie** het 'n skynwoord geword vir die aansteeklike pessimisme onder Suid-Afrikaners. Maar die gevolge van hierdie maklike diagnose is om die werklike gevolge van depressie onder veral ons kinders, mis te kyk.

**AKTUEEL**
KORTBEGRIP 5
AAS VIR INKATHA 8
OM 'N SKOOLBUS TE BESKERM 13
WIE'S SLOWAKE EN WAAR'S SLOWENIË? 21
DIE NUWE OU GESKIEDENIS KRY LEWE 22
TEGNOLOGIE: TELE-WEELDE 31
STRAATMODES IS WAT TEL 42

**ADVERTENSIES**
HARRY IS 'N BIELIE VAN 'N OU 14

**MENSE**
YENGENI, 'N KOMMUNIS WAT KERK TOE GAAN 16
MOKABA: HOEKOM BOERE IN LIEDJIES KOM 17
STEFAN WELZ: JOU GOED SE WAARDE 30
SHIRLEY WIE KOM DANS? 41

**BOEKE**
WIE'S JY: KUIFIE OF ASTERIX? 27
JEANNE GOOSEN LEES GORKI 34

**KUNS EN VERMAAK**
OPERA PRYS HOMSELF SKOON DOOD 23
REDFORD REGISSEER SY *RIVER* 38
GRAHAMSTOWN KRY SY KOERS 45


**RUBRIEKE**
BRIEWE VAN ONS LESERS 4
VLIEG IN DIE SALF 9
KOOPKRAG 32
VROUEFRONT 32
POPMUSIEK 33
LEWENSTYL 40
FILMRESENSIES 46
WYNPROE 48
ONTDEK 'N EETPLEK 48
FYNPROE 49
KLIPOOG 50
BROLLOKS EN BITTERGAL 53

**SPORT**
KOERASIE VIR DIE WALLABIES 51
BRITSE GHOLF-OPE BEPROEWING 52

**LAASTE SÊ**
WAT SÊ KENNETH KAUNDA SE WIT SAKDOEK WERKLIK? 54

# briewe

BRIEWE KORTER AS 300 WOORDE GENIET VOORKEUR
**RIG BRIEWE AAN:**
DIE BRIEWEREDAKTEUR, VWB POSBUS 177
NEWTOWN 2113



**'n Mens kan net jou kop laat sak in skaamte...**

## Leuenagtige diktonge

*PJD Lourens van Quellerina skryf:*

Die nasate van die Boere het baie om oor skaam te wees, baie om te bely, baie om te boet. Ons gruwels klou aan ons soos bosluise aan 'n straatbrak.

Maar van huis uit was ons hoflik. Ons het soms mense gerespekteer, veral dié wat iets tussen die ore het, veral vroue. Daar was en is sommige van ons wat vir hul medemens omgee, wat selfs eerlik is.

Toe kom die Broeders en roof die land kaal. Beskaafd, o so beskaafd: botter kon nie in hul skelm bekke smelt nie.

En nou is daar die suipende, liegende, vandalistiese buffels wat hulself diktong, namens ons, op die volkereg (!) beroep.

'n Mens kan net jou kop laat sak en jou landgenote om verskoning vra. Waaragtig, Viljoen, daardie goed wat agter jou aandraf het met Afrikaanswees bitter min uit te maak.

Wat het ons anders verwag? Ons geboorte, ons bestaan is deurspek met leuens. Ons het oor ons taal en afkoms gelieg. Ons was bereid om vir ons belaglike leuens te sterf - en miljoene "anderskleuriges" daarvoor op te offer!

Miskien het ons, helaas, die segsmanne gekry wat ons verdien.

## Goeie toekoms wel moontlik

*Piet Meiring van Waterkloof skryf:*

Die skaarsste, maar kosbaarste menslike bate van ons dag is goedgesindheid. Dis kosbaar omdat ons land se toekoms daarsonder gedoem is. En dis skaars omdat ons geneig is om ander, eie dinge voorkeur te gee. Dis dus 'n positiewe stuk in 'n negatiewe wêreld.

En juis nou, in die huidige krisistyd, is mens tog geneig om jou denke negatief in te stel. Dis moeilik om jou met ideale besig te hou onderwyl jy om jou lewe veg.

Ons is natuurlik bederf. Dis byna vyftig jaar dat ons Afrikaners die land regeer en vir onsself eerste sorg. Maar dan het ons natuurlik 'n agterstand gehad om in te haal, 'n eie taal en kultuur om te vestig en veral 'n bestaan om te verseker. Waar ons nou ons baasskap verkry het, ons doel bereik het en ons gemaklik gemaak het, het daar eindelik ontnugtering gekom omtrent ons beoefening van die veelgeprese Christelike inslag van die Afrikaner. Skielik het die meeste van ons begin besef ons kan nie so aangaan nie, nie as ons met ons gewete wil bly saamleef nie.

Ons staan voor 'n taak wat onmeetlike moeilikhede bevat: om 'n brug te bou oor die geweldige gaping tussen die eerste en die derde wêreld in ons gemeenskap. Dit vereis baie meer as planmatigheid en veral die goedgesindheid waarvan ek gepraat het.

Die wonder is dat soveel van ons mense bereid is om hierdie offers te bring. Hulle is die soort mense wat die groot dinge van Bo gaan beërf. Van hulle het die profeet Joël destyds geskryf: "Die Here het wonders vir julle gedoen. Wanneer dit alles gebeur het, sal ek my Gees laat kom op al die mense. Julle seuns en julle dogters sal as profete optree. Julle ou mense sal drome droom, julle jong mense sal visioene sien".

Dis waar, ons oumense droom drome van 'n vreedsame en 'n regverdige Suid-Afrika waar al sy mense in staat sal wees om 'n mooi en goeie bestaan te voer. Daar is ook leiers onder ons jongmense wat visoene sien en hulle aangord om die uitdagings van ons tyd die hoof te bied. In hulle hande is die toekoms van ons land en al sy mense veilig. Mag ek die hoop uitspreek dat hierdie nuwe blad sy deel sal doen om hierdie ideale by ons in te skerp.

## FNB wil los wees

*Malcolm Lupton, sekretaris-generaal van die Front vir Nasionale Bevryding, skryf:*

Veels geluk met die nuwe tydskrifformaat, maar dit spyt my dat ek ook ten sterkste beswaar moet aanteken teen 'n berig oor die FNB deur Virginia Keppler (*VWB* 25 Junie 1993). Die pers het alle reg om kritiese joernalistiek te bedryf, maar dan is dit ook die media se taak om gehalte inligting, gebaseer op die feite, aan die publiek te verskaf.

Drie aspekte van Keppler se berig is heeltemal verkeerd en misleidend. Eerstens is die projek van die FNB nie gerig tot die skepping van 'n kleurlingstreek- of 'n deelstaat "in 'n groter federale bestel in Suid-Afrika", soos mej Keppler beweer nie. Inteendeel, *VWB* (14 Mei 1993) self het ons Nasionale Voorsitter, Russel Jegels, korrek aangehaal: "Ons doel is om nasionale self-beskikking vir bruinmense te verkry deur 'n soewereine, demokratiese en sekulêre staat vir hulle te skep." Jegels se stelling reflekteer 'n integrale komponent van die FNB se projek, en ons doel het intussen nie verander nie.

Tweedens word 'n aantyging gepubliseer, sonder die nodige kontrole van die feite, dat Sanlam ons organisasie R18 000 sou gegee het.

Laastens, moet die stellings van Hamilton en Mattera, twee swartes wat hulself onder valse voorwendsels as kleurlinge voordoen, wat naas my onderhoud gepubliseer is geensins die indruk wek dat ons organisasie, by monde van myself of enige FNB-lid, gesprek voer met dié twee persone, of dat ons onderhandel met hul onderskeie organisasies: die ANC en Azapo, of selfs die PAC nie. Die FNB benader die ANC, PAC en Azapo presies soos die Britse en Israeliese owerhede die Ierse Republikeine Leër (IRL) en die Palestynse Bevrydings Organisasies (PBO) beskou: hulle is almal terroriste-organisasies met wie daar nie onderhandel sal word nie. Soos met die Britse anti-terreur beleid in Noord-Ierland, sal dié drie organisasies in die kleurlingstaat verbied word, terwyl subversiewe nie-kleurlinge soos Mattera en Hamilton met uitsettingsbevele gedien sal word.

## Geen Sanlam-geld aan FNB

*Leon Koen (Senior Bestuurder: Sanlam Openbare Betrekkinge) skryf:*

Op bladsy 24 van u uitgawe van 25 Junie haal u vir Weizmann Hamilton van Eldorado Park soos volg aan: "Daar is sprake dat Sanlam 'n som van R18 000 aan die FNB gegee het."

Die FNB, wat blykbaar op die politieke terrein aktief is, ontvang - net soos enige ander politieke organisasie - géén finansiële ondersteuning van Sanlam nie. Ons kan nie dink waar Hamilton aan sy inligting gekom het nie, maar ons ontken dit ten sterkste.

## Flou spieëlbeeld

*Deon Wagner van Aucklandpark skryf:*

Ek verwys na u artikel "Kathy Africa in die Brandpunt". Meer spesifiek, die retoriese(?) vraag teen die einde, "Wat hou haar in dié senuvretende, ewigdurende en onbesoldigde risikolewe?"

Juig, want ek het die antwoord: Die rol wat sy speel, laat haar belangrik (vernaam) voel! Want daarsonder sou sy net nog 'n vaal voorstedelike vroutjie gewees het! Dit gee betekenis aan haar bestaan! Is dit dan so moeilik om uit te werk en dan nog soveel moeiliker om in soveel woorde te sê? Intellektuele eerlikheid!

Die "Africa"-gedeelte het ek veral amusant gevind, ook na aanleiding van ene Tatamkulu Afrika wat deesdae so gehype word in die Afrikaanse "intellegentsia-pers". Ek dink Afrika is 'n agterlike kontinent - mense wat die kontinent hype het 'n minderwaardigheidsgevoel.

So nou is *VWB* 'n flou spieëlbeeld van *Insig* en *Die Suid-Afrikaan*: die resep is dieselfde en 'n paar sinnelose struktuurlose artikels soos "Musieksmake" (Wat was die doelwit nou eintlik? Om Nataniël verder te hype?)

Julle moet ophou om so bloedskendig te verkeer... en kan Max du Preez asseblief aan ons verduidelik wat die verskil is tussen 'n "kapitalis... (wat nie vertrou kan word behalwe om sy) rykdomme vermeerder..." en 'n "soort markekonomie wat nie té ongesond is nie..." Die probleem met Brolloks is dat hy 'n Kollektiewe Mentaliteit het, aangekweek in die sestigerjare.

## Infantiele snert

*Koekie Ziervogel van Linden skryf:*

Die brief wat Jan Taljaard in *VWB* geskryf het oor die groep Afrikaanssprekendes wat hul stemme dik gemaak het oor veral die NP se politieke eierdanse, laat 'n mens net één ding opnuut besef: Dis 'n bewys dat die begrip "Militêre Intelligensie" 'n kontradiksie in terme is, want ek het lanklaas sulke infantiele snert gelees as in Taljaard se brief. ■



Drie straatkinders van Dhaka, soek in ou pype skuiling teen die stormreën wat al meer as 100 lewens in Bangladesj geëis het dié maand. (Foto: AP)

## SA een van die soetste lande in Afrika

SUID-AFRIKA het die laagste voorkoms van diefstal, verbruikersbedrog en seksuele misdrywe in Afrika, en die tweede laagste voorkoms van korrupsie, volgens 'n verslag deur die United National Interregional Crime Research Institute (UNICRI) in Rome.

Prof Beaty Naudé en kollegas van die departement Kriminologie, Unisa, het aan die ondersoek deelgeneem. Die internasionale slagofferopname is gedoen in twaalf nywerheidslande, vyf Oos-Europese lande en twaalf ontwikkelende lande waarvan vyf uit Afrika.

Terselfdertyd het Suid-Afrika die hoogste voorkoms van motordiefstal in Afrika, waarskynlik omdat hier so baie voertuigeienaars is. In 'n land soos Frankryk is dit 2,4 persent.

Wat die seksuele aanranding van vroue betref, is Suid-Afrika tweede hoogste op die lys in Afrika (10,8 persent), net onder Tunisië (12 persent). In Australië is dit 5,6 persent, in die VSA 3,7 persent en in Duitsland drie persent.

Dit is verder duidelik dat verbruikersbedrog en korrupsie die grootste misdaadprobleme is waarmee die meeste Afrikalande te kampe het. Plaaslik is dit 10,4 persent. Maar dit is niks vergeleke met Tunisië nie (71,5 persent), of in Kampala en Uganda, 70,1 persent, en in Egipte, 48,3 persent.

Verder wys die verslag dat 29,7 persent van die 1 000 Suid-Afrikaners wat aan die ondersoek deelgeneem het, die afgelope vyf jaar slagoffers van misdaad was. Net 33,8 persent het die misdade aan die polisie gerapporteer. Die meeste Suid-Afrikaanse slagoffers het die diefstal van 'n motor (88,5 persent) gerapporteer. Seksuele voorvalle (27,3 persent) het die laagste rapporteringsyfer gehad.

## SAP bedags, AWB snags?

**VERSKEIE** wit speurders van Orkney is verlede week in kakieklere met AWB-tekens gesien waar hulle die polisiekantoor in polisiemotors verlaat. Die Sondagblad City Press haal verskeie ooggetuies aan wat die polisiemanne herken het en verbaas was oor hul nuwe "uniform". Hulle het hul dienspistole vir haelgewere verruil.

City Press haal luit JH Degenaar van die Wes-Transvaalse polisie aan dat hy sou bevestig het dat die polisiemanne die betrokke dag kakieklere aangehad het. Hulle was op pad na 'n potjiekos-partytjie waar hulle "tema-klere" moes dra.

## Alle oë op 'onsigbare' drag

DIE nuwe tegnologies ontwerpte kamoefleerdrag - kreukelvry en onsigbaar vir nagsigapparaat - wat die ou weermag-"browns" moet vervang, is klaar midde-in 'n geskil. Kritici wil weet waarom die uniform aan die vooraand van 'n nuwe weermag en 'n nuwe Suid-Afrika bekendgestel is.

Senior polisie-offisiere het ook hul kommer teenoor *Vrye Weekblad* uitgespreek oor die nuwe drag. Hulle sê hulle kry die terugvoer dat die swart gemeenskappe mense in kamoefleerdrag as die polisie beskou. Dit gaan nou ook weermaglede geld. Die nuwe klere kan verwarring skep omdat die polisie nie altyd weet van die weermag se bewegings nie. Die probleem word reeds ondervind dat MK en AWB-lede met hul kamoefleerdrag vir die polisie aangesien word.

Die bevelvoerder van die polisie se afdeling openbare betrekkinge in Pretoria, genl-maj Leon Mellet, sê kamoefleerdrag van watter aard ookal skep 'n probleem vir die polisie.

Die wet is nog nie eintlik getoets nie, sê Mellet, maar dit lui dat net kamoefleerdrag wat met die polisie se kamoefleerdrag verwar kan word, onwettig is. Hoewel 'n aantal sake hieroor binnekort in die hof gaan voorkom, is daar nog geen uitspraak hieroor nie.

Weermagoffisiere sê die kamoefleerdrag word al geruime tyd getoets en sal beslis keer dat misdadigers wat met "browns" misdade pleeg, vir weermaglede aangesien word.

# kortbegrip

## MENSE SE DINGE

**MYLPAAL:** Pieter Haasbroek, ekonoom en skrywer van macho-literatuur, het pas 50 geword en dit met 'n groot potjiekos-fees in Pretoria gevier. Sy jongste "gespierde" verhaal met die gepasde titel, Lem, lê reg by die uitgewers Human en Rousseau om versprei te word.

**MYLPAAL:** Faith Gasa, leier van die Inkatha Vroue-beweging, het op 30 Junie haar 45e verjaardag aan die onderhandelingstafel by die Wêreldhandelsentrum gevier. Die KP se darling by Cosas is hartlik "Happy Birthday" toegesing. Dít en 'n koek met 20 kersies is salf aan die wonde nadat die AWB haar op 25 Junie uitgesonder het vir beledigings en ruwe behandeling met die boewery by die Sentrum.

**DOOD:** Die man wat met sy radio-aanbiedinge en konserte gewyde musiek gewild gemaak het, Dirkie de Villiers, seun van ML (Die Stem) en pa van Coenie, op 72 op Onrus oorlede.

**RAAK:** Nou binne-in die Guinness Book of Records as langste toespraakmaker ter wêreld ons eie Mangosuthu Buthelezi - 'n prestasie wat niemand verbaas nie. Elf ure lank het hy oor dae aan dieselfde toespraak gepraat. Geen melding van die verstaanbaarheid al dan nie.

**MIS:** Ouma Pammy Manuel van Noordgesig, Johannesburg, sterf op 128 sonder om die Guinness Book of Records te haal, al is die langslewende - 'n Japanner - maar 'n hupse 122 jaar oud. Ouma Pammy het darem jaar ná jaar die koerante gehaal met 'n ewig onveranderende dankbaarheid vir die seëning van al haar jare.

**VAN DIE VET IN DIE VUUR:** Dr Danie Cronjé word Absa-baas nadat die briljante, maar kompulsiewe prosedeerder Piet Badenhorst oornag uitskuif. Cronjé se groot taak is om verlore klandisie terug te lok.

**VERWOND:** Kathy "Africa" Jansen, vredevegter, voorsitter van die Germiston/Kathlehong Vredeskomitee: 'n dag ná haar onderhoud met Vrye Weekblad (sien 24 Junie) is sy in die maag gesteek deur 'n PAC-ondersteuner. Die verwonde "soldaat" word oorval deur besoeke en oproepe uit haar "slagveld" om haar 'n spoedige herstel toe te wens.

**BEDAGSAAM:** Ton Vosloo van Nasionale Media het glo kondome in alle mans- en vroue-toilette van die maatskappy laat neersit. Dis voorafgegaan deur 'n inligting-seminaar oor Vigs. Skinner 'n vies joernalis: Dis seker om die rubriekskrywer Lood te vrywaar teen sy voëltjie wat hom allerlei dinge wysmaak.



Op soek na nog Somaliese sluipskutters: twee Italiaanse soldate van die VVO-vredesmag in Mogadisjoe. (Foto: AP)

# so sê hulle

"Ek kan nie sê hoeveel nie, maar ek het dosyne rebelle met my AK-47 doodgemaak."
**FATUMATA,** *'n 7-jarige kindersoldaat in Sierra Leone. Sy moes aanskou hoe rebelle haar ma verkrag en haar keel oopsny.*

"Dis die sotlikste opdrag wat 'n regter ooit kon kry."
**EUGENE TERRE'BLANCHE** *oor hoekom die AWB weier om saam te werk met die Goldstone-kommissie - wat die inval by die World Trade Centre gaan ondersoek.*

"Ek sou graag 'n modelkontrak wou kry, maar niemand het my nog een aangebied nie. Ek het nog vir niemand gevra nie. Ek weet nie wie om te vra nie."
*Die 18-jarige Mej Wêreld,* **JULIA KUROCHKINA** *van Rusland, wat bekommerd is oor haar werk-vooruitsigte in dié land.*

"Die amptelike beleid is dat naakte borste nie op die kassie toegelaat word nie, behalwe natuurlik as dit swart is en behoort aan vroue wat versier is met krale en velle."
**DRIES PRETORIUS,** *program-direkteur van CCV*

"My rekord vir twee ure is 525."
*Die steenkoolmyn-baas* **DICK DAUGHERTY** *(wat in Junie ná 272 dae in aanhouding deur Colombiaanse rebelle vrygelaat is) oor hoe hy verveling beveg het deur vlieë dood te maak*

# het jy geweet?

1990 was die warmste jaar wat al opgeteken is. Die gemiddelde temperatuur wêreldwyd dié jaar was 15.45 grade Celsius (59.81 grade Fahrenheit, gemeet deur Nasa van die VSA) - die warmste jaar sedert 1880.
Die Britse weerburo sê geen ander jaar in hul verslae, wat tot 1850 terugstrek, was al so warm nie - en ses van die sewe warmste jare dié eeu was in die tagtigerjare.

## Heyns bring 'n sleutel

DIE moderatuur van die Nederduits Gereformeerde Kerk - en veral die assessor, Johan Heyns - het 'n sleutelrol gespeel om 'n persoonlike ontmoeting te reël tussen Nelson Mandela van die ANC, en Constand Viljoen, 'n hooffiguur in die Afrikaner Volksfront (AVF).

Heyns het Mandela die dag ná die regse inval van die World Trade Centre genader om 'n ontmoeting te reël, enkele ure voordat Mandela na Egipte en die VSA vertrek het.

"Meneer Mandela het beloof hy sal onmiddellik met sy terugkeer 'n ontmoeting met generaal Viljoen as 'n hoogste prioriteit hanteer," sê Heyns. Viljoen het al laat blyk hy is "in beginsel" vir so 'n gesprek te vinde, maar hy wil eers met sy kollegas in die AVF praat.

Ferdie Hartzenberg, KP-leier en voorsitter van die AVF se uitvoerende raad, was vroeër saam met Viljoen op besoek by die NGK-moderatuur om hul eise vir selfbeskikking te verduidelik. Hartzenberg moes die vergadering vroeg verlaat, maar Heyns het aan Viljoen gesê daar is geen hoop dat iets van enige van hul eise sal kom nie, tensy die regse alliansie regstreeks met die ANC praat. Hy het Viljoen ook eers verseker dat Mandela 'n Christen is. In TV-onderhoude hierna het Viljoen die deur opgelaat vir 'n ontmoeting.

Heyns waarsku dat die gebeure in Kemptonpark gesien moet word "as die skrif aan die muur". Nou moet dringend aandag gegee word op kompromis-politiek en 'n ontmoeting tussen Mandela en Viljoen kan baie help daarmee. - HENNIE SERFONTEIN

## ANC steun dalk AVU-volkstaat

ANC-STRATEGE by die veelparty-onderhandelings beskou die teenwoordigheid van Andries Beyers se Afrikaner Volksunie as 'n teenvoeter vir die onbuigsame planne van die KP vir 'n onafhanklike blanke volkstaat.

Die KP en die AVF se eerste gedetailleerde voorstel vir 'n wit volkstaat behels die grootste dele van die Vrystaat en Transvaal.

ANC-bronne sê die verwagte AVU-voorstelle vir 'n baie kleiner nie-rassige volkstaat is meer realisties. Om 'n moontlike KP-uitstappery te keer, is die ANC blykbaar van plan om die AVU-voorstel - 'n volkstaat binne 'n federale verband - uiters simpatiek te bejeën en dit sover prakties moontlik te probeer akkommodeer. - HENNIE SERFONTEIN

# koerante sê

***SUNDAY TIMES* 4 JULIE:** Two great dangers lie ahead. The first is that the rightwingers, having discerned correctly that the end of white rule is only months away, will try to sabotage the transition, as many local councils have threatened to do; the second is that SA's endemic racism may poison the election campaign, and play into the hands of both left-wing and right-wing racists.

***BEELD* 2 JULIE:** Die KP staan soos 'n seer vinger uit. Dit is die enigste party wat nog nie 'n sentimeter verskuif het om 'n kompromis moontlik te maak nie. Trouens, hoe meer dié halsstarrige apartheidsdenkers gedruk word, hoe dieper kruip hulle in hul volkstaatgate in... Ons doen 'n beroep op die KP en ander regse leiers om hul trots te sluk en, soos die Afrikaner Volksunie, eers die opsie van sterk streekregering in 'n federale bestel op die proef te stel.

***CITY PRESS* 4 JULIE:** Under the disguise of the so-called national resistance campaign, the recently formed Afrikaner Volksfront has now shown its true colours as a movement that would rather perish than see a black takeover. What happened at the World Trade Centre last week was the beginning of worse things to come. We are therefore not surprised to see a number of blockades by right-wing groups preventing blacks from entering towns like Vrede, Koppies and Bloemhof.

***SOWETAN* 2 JULIE:** How the SABC debacle is finally solved will set a precedent in many other areas where the old and new establishments still have to find each other. Hopefully this incident has convinced Mr F W de Klerk that he can't just ram any decision down people's throats and hope it will stick. As the farcical events at the World Trade Centre last Friday have shown, De Klerk is now a broken reed. He neither has the strength nor authority to stand up to the storms buffeting him from all sides. His government can't even run a tap without some assistance. Honest consultation should therefore be the name of the game from now on.

## Geen foto's, asseblief


PALLO JORDAN, hoof van die ANC se departement van Inligting, sit waarskynlik agter die ANC se weiering dat Staatspresident FW de Klerk en Nelson Mandela saam met pres Bill Clinton afgeneem word by die oorhandiging van die Amerikaanse vryheidsprys aan hulle in Philadelphia.

Die ANC sê die beoogde fotosessie was 'n "kunsmatige foefie" wat "subtiel" deur die regering vir propaganda-doeleindes gereël is.

Die regering sê dit is as die "natuurlike geleentheid" vir 'n fotosessie saam met Clinton gesien.



'n Bejaarde Sarajevo-inwoner dra sy laaste paar besittinkies na 'n nuwe blyplek ná nog hewige gevegte in die hoofstad van Bosnië dié week. (Foto: AP)



Vissermanne Roelf en Cyril: gee genoeg lyn.



Inkatha se Ben Ngubane leen sy oor uit. (Foto's: Natasha Pincus)

# Inkatha en die KP word ingekatrol



**HENNIE SERFONTEIN** bekyk die jongste roeringe in die onderhandelingsproses

Soos twee gesoute vissermanne is die ANC se Cyril Ramaphosa en die regering se Roelf Meyer besig om 'n spartelende Inkatha en 'n stoeiende Konserwatiewe Party bietjie vir bietjie by die onderhandelingsproses in te katrol.

Maar hul delikate hengelary word oneindig bemoeilik deur die sogenaamde "Buthelezi-faktor". Die Inkatha-leier is byna "patalogies wantrouig" oor die motiewe van die onderhandelingsvennootskap van die ANC en die regering en is die rots wat die inkatrolproses telkens onverwags laat vashaak.

Die komende weke sal finaal wys of die IVP wel die politieke en grondwetlike lokaas gaan byt wat Meyer en Ramaphosa behendig uitgegooi het.

Senior onderhandelingsbronne onderstreep ook dat die IVP in groot mate die sleutel is tot die uiteindelike ontlonting van die KP se onbuigsame eise vir 'n onafhanklike volkstaat.

Word die IVP se eise vir sterk streekregering besweer deur waterdigte grondwetlike waarborge in dié verband, dan beteken dit hulle aanvaar 'n federale nie-rassige Suid-Afrika met 'n sentrale regering. Vir die KP is dit totaal onaanvaarbaar - maar Inkatha het al amptelik die KP se aanspraak op 'n konfederasie en volkstaat as rassisties verwerp.

Die rede hoekom Buthelezi die KP se betrokkenheid by die regse inval op Kemptonpark geïgnoreer het en weer bevestig het dat die IVP en die KP steeds as die twee hoofvennote in Cosag saamwerk, is dat die IVP die KP en sy uitloopdreigemente steeds nodig het om die maksimum toegewings vir streekregering te beding.

Senior onderhandelaars was verstom toe die KP ná die jongste verreikende besluite by die onderhandelingsforum nie finaal uitgestap het nie. Maar 'n ervare KP-politikus erken: "Ons het verlede jaar die les geleer dat 'n politieke party wat nié by die onderhandelingstafel is nie, polities geïgnoreer en vergeet word omdat hy uit die openbare kalklig is. Daarby is ons alliansie in Cosag vir ons uiters waardevol, want andersins sou ons polities heeltemal geïsoleer wees."

Vol vertroue sê hy "ons verhouding met ons Zoeloe-vriende is nou groter en sterker as ooit. Hulle sal ons nie in die steek laat nie".

Maar vir die KP en Inkatha het die uur van waarheid uiteindelik aangebreek. Slegs die KP het laasweek saam met Inkatha by die onderhandelingsforum uitgestap. Die bevel het regstreeks van Buthelezi gekom, wat sterk onder die invloed is van sy twee wit wildewragtags, die vuurvreter Walter Felgate en die Amerikaanse akedemikus Mario Ambrosini. Buthelezi se hoofonderhandelaars soos Joe Matthews en Ben Ngubane het hoegenaamd nie daarmee saamgestem nie.

Daar is nou duidelik krake in Cosag en groepe soos Bophuthatswana stem nie altyd met Buthelezi se strategie van blinde konfrontasie saam nie.

Die onderhandelingsforum het die tegniese komitee oor grondwetsake opdrag gegee om 'n volledige konsep-grondwet op te stel en sal dit van 19 Julie aan die onderhandelingsraad begin voorlê.

Die inhoud daarvan sal bepaal of die IVP sy weerstand teen die sogenaamde twee-fase onderhandelings, met 'n TEC (Uitvoerende Oorgangsraad) en 'n verkose grondwetskrywende liggaam, sal laat vaar.

Maar in lang bilaterale gesprekke tussen die regering en Cosag en die ANC en Cosag, is merkwaardige waarborge oor streekregering gegee. 'n Senior IVP-leier sê: "As alles wat aan ons gesê is in die tussentydse grondwet staan, het ons geen keuse as om dit te aanvaar nie".

Daarvolgens sal die tussentydse grondwet die grense, magte en funksies van streekregerings so verskans dat 'n later verkose grondwetskrywende liggaam dit nie wesenlik kan verander nie.

Ewe belangrik is dat die ANC en die regering op aandrang van die IVP toegegee het dat op 27 April 1994 terselfdertyd ook vir die onderskeie streekregerings gestem kan word.

Die effek daarvan is tweërlei. Enersyds sal die verkose streekliggame effektief die streekgrondwette skryf, terwyl die grondwetskrywende liggaam die nasionale grondwet skryf.

Andersyds beteken dit dat daar voor die verkiesing nou ook mini-Kodesas in die streke moet plaasvind om sake soos veral die gelykmaking van die politieke speelveld te bespreek.

Buthelezi en die IVP skop steeds vas teen die instelling van 'n TEC omdat dit klaarblyklik nou veel meer magte gaan hê as wat oorspronklik verlede jaar by Kodesa voorgestel is.

Die vraag is dus nou of die verrassende grondwetlike waarborge oor streekregering Buthelezi aan die TEC sal laat byt. ■

# VLIEG IN DIE SALF

# daar's ander soort afrikaners ook



deur max du preez

EK en 'n klompie Suid-Afrikaners, meestal Afrikaanssprekendes, was voorlaas-Saterdagoggend in die voorportaal van 'n hotel in Mombasa toe een van ons in 'n Keniase oggendkoerant lees van die regses se aanval op die onderhandelingsentrum in Kemptonpark.

Die reaksie was interessant: eers skaamte oor die boewery, toe woede oor dit ook in ons naam as Afrikaansprekendes gedoen is, en toe 'n vasberadenheid dat dié klomp wit skollies verder gemarginaliseer moet word en die wêreld goed verstaan moet laat word dat hulle nie verteenwoordigend is van Afrikaners nie.

Dit wás 'n ander soort emosie as die verontwaardiging wat ons swart Suid-Afrikaanse reisgenote oor die voorval gevoel het. Miskien het ek my dit uit hipersensitiwiteit verbeel, maar dit het my gevoel daar was so 'n klein bietjie van 'n onuitgesproke gevoel van: ja, dis julle mense, dis mos eintlik maar hoe Afrikaners is, ons moes geweet het julle het nie regtig verander nie.

'n Uur of wat later het 'n swart kollega baie amper sover gekom om dit te sê toe ons saam die sestiende-eeuse Portugese fort in Mombasa besoek van waar tienduisende Afrikane as slawe uitgevoer is. Die slawefort was vir hom 'n emosionele ervaring, en hy het sommer parallelle met Suid-Afrika en apartheid begin trek.

DIE VOORDEEL WAT ek in my argument teenoor hom gehad het, was dat ons in dié stadium reeds drie dae saam met 'n span senior mense van M-Net, op enkele uitsonderinge na Afrikaanssprekendes, in Kenia op besoek was.

Hy moes later aan my erken hy het nie die indruk gekry het dat hy as swart Suid-Afrikaner méér tuis gevoel het in Oos-Afrika as die Afrikaners saam met hom nie, of dat hy makliker ingepas en aangepas het nie.

Hy moes ook toegee dat dié gesig van Afrikaners dalk net so geldig is as die een van die bekakiede, rassistiese klomp drek van die AWB: wit Afrikane wat verknog is aan die Afrika-bodem en maklik en geesdriftig inpas en vir hulself 'n opwindende toekoms sien.

Dis nie net my swart kollega wat dit raakgesien het nie. Die meeste van ons Keniase gashere het dit agtergekom en met aangename verwondering begin uitsien na die dag dat daar 'n meer gemaklike verhouding tussen ons twee lande kan wees en die kruisbestuiwing meer aktief kan plaasvind.

Dis seker dié dat die chaos van Kemptonpark my nie soveel ontstel het nie: terwyl dit gebeur het, was ek in Afrika getuie dat daar 'n heel ander klas Afrikaner ook bestaan: dinamiese, gesofistikeerde en besielde mense soos die Koos Bekkers en Gerrie de Villiers'e van M-Net wat Afrika nou as entrepreneurs en uitsaaiers invaar.

DIE SKRILLE KONTRAS tussen Afrikaners soos dié en Afrikaners soos Eugene TerreBlanche en sy handlangers laat 'n mens maar net weer wonder oor die ou vraag: wat is 'n Afrikaner dan nou eintlik? Is daar nog so iets soos 'n Afrikanervolk?

'n Politieke konsep kan "Afrikaner" tog nie meer wees nie - hoe kom 'n mens daarby verby dat Carl Niehaus én Barend Strydom hulself as goeie Afrikaners beskou? Kultuurskonsep dan? Wel, wat ís die Afrikaner se kultuur? Jukskei en volkspele sekerlik tog nie meer nie. Braaivleis en rugby? Die Australiërs is beter daarmee as ons.

Taal, ja. En miskien ook 'n Calvinisme waarmee die meeste van ons grootgeword het. Maar die meeste Afrikaanssprekendes met bruin velle is dan identies. En wanneer Constand Viljoen, Ferdi Hartzenberg en Eugene TerreBlanche praat van die "volk" wat hulle verteenwoordig vir wie hulle 'n tuisland wil hê, dan sluit hulle dié mense spesifiek uit en sluit in dieselfde asem Oos-Europese immigrante in, katolieke wat g'n woord Afrikaans kan praat nie en 'n gans ander kultuur het, in as synde welkom in die Boerestaat. Of mense soos Clive Derby-Lewis en sy Australiese vrou Gaye. Of die Britse fascis wat voorbok was by die Kemptonpark-aanslag, "kolonel" Conroy.

Dan praat hulle mos g'n van volk of kultuur of Afrikaner-wees nie, hulle praat doodeenvoudig van ras. Van wit velle teen swart en bruin velle.

Ons moet nou begin om dié mense te dwing om eerlik te wees hieroor. Hulle praat nie namens die meeste wit Afrikaanssprekendes nie. Dit gaan nie vir hulle om kultuur of etniese identiteit nie, selfs nie oor Protestantisme nie. Hulle wil net wit en apart wees. En dit ontneem hulle die basiese morele argument wat hulle so graag gebruik van "selfbeskikking van volke".

EK WEET NIE JUIS wat is 'n Afrikaner nou eintlik nie. Ek het myself nog altyd as een gesien, en doen dit steeds - al het ek my nooit in my volwasse lewe geskaar by die politieke ideale van die meerderheid Afrikaners nie.

Afrikaans as taal is vir my belangrik, doodgewoon omdat dit die taal is wat my ma my geleer het, die taal waarin ek my hele lewe lank die maklikste en graagste kommunikeer, die taal waarmee ek met my kinders praat.

Maar Afrikaner-wees self lyk my is eintlik maar net 'n erfenis. Dit het iets meer nostalgies geword, iets histories. Ek is 'n Afrikaner omdat ek in 'n Afrikaner-huis onder Afrikaners en met die Afrikaner-geskiedenis grootgeword het. Iets soos 'n Amerikaner wie se Ierse of Italiaanse voorsate geslagte gelede geïmmigreer het, en wat homself/haarself by geleentheid as 'n Irish American of Italian American sal beskryf.

Maak nie juis saak watter soort Afrikaner ek of jy dink ons is nie. Ons gaan 'n opdraande stryd hê in die dae wat voorlê om die skade wat die regse skollies aan ons taal en ons beeld in ons land aangedoen het, ongedaan te maak en vir die meerderheid van ons landgenote duidelik te laat verstaan: ons is nie almal so nie. Inteendeel, die meeste van ons is heeltemal anders.


vrye weekblad

**REDAKTEUR**
MAX DU PREEZ

**ASSISTENT-REDAKTEURS**
INA VAN DER LINDE
MARTIE MEIRING

**POLITIEKE KORRESPONDENT**
HENNIE SERFONTEIN

**KOPIEREDAKTEUR**
JOHANNES BRUWER

**ONTWERP**
ANTON SASSENBERG

**VERSLAGGEWERS**
ESMA ANDERSON
WALLY MBHELE
CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN
VIRGINIA KEPPLER
BEVERLEY MITCHELL
LOUIS KIRSTEIN

**OMGEWINGSKONSULTANT**
TIENIE DU PLESSIS

**REDAKSIE-ASSISTENT**
NICOLETTE VILJOEN

**FOTOREDAKTEUR**
SALLY SHORKEND


**FINANSIËLE BESTUURDER**
MARK BEARE

**BESTUURDER (BEMARKING )**
ELIZE VILJOEN

**KANTOOR-ASSISTENTE**
JOSEPH MOETAESI
VERNON ZULU



Gaan hulle iets meer doen as stoom afblaas? (Foto's: SALLY SHORKEND)



Constand Viljoen... het 'n Achilles-hiel.

# daar's nie genoeg haat en swaarkry nie

deur max du preez

## Die Wit Gevaar begin sy ware kleure wys

DIT was voorspelbaar: hoe verder Suid-Afrika met konkrete stappe vorder om die regering en die gemeenskap te demokratiseer, hoe feller sou die wit regses se aanslag word.

Ná jare van dreig en blaas en los voorvalle van geweld, het die regses nou vir die eerste keer begin om te beplan en gesamentlik op te tree. Dit val saam met die aankondiging van 'n verkiesingsdatum en die eerste stappe om 'n oorgangsraad as regerende liggaam 'n werklikheid te maak.

Dit beteken waarskynlik, en die regses dreig ook só, dat daar selfs erger optrede as die aanval op die onderhandelingsentrum gaan kom na gelang verdere vordering met die onderhandelinge vir 'n staatkundige skikking gemaak word.

Aan die ander kant is die regses se leiers nog betrek by die veelparty-onderhandelinge en gaan hulle waarskynlik geruime tyd nog 'n voet in dié kamp hou.

Die regses is juis dié week uiteindelik verplig om vir die eerste keer 'n praktiese voorstel aan die ander onderhandelaars te maak oor hoe die grense van hul beoogde volkstaat moet lyk. Die voorstel is nou wel verregaande in die sin dat etlike miljoene swartmense in die voorgestelde streek woon, maar ten minste bied dit 'n grondslag vir onderhandeling.

Daar is twee breë menings oor die potensiële gevaar wat die nuwe regse militantheid inhou: dat hulle die land in bloed en konflik kan dompel wat tot 'n burgeroorlog kan eskaleer; of dat hulle maar net 'n klomp stoomafblasers is wat uiteindelik sonder veel skade sal inval by die onafwendbare. En die waarheid lê waarskynlik tussen dié twee pole.

DAAR IS VERAL twee sterk argumente vir die scenario dat die regses nie die potensiaal het vir 'n burgeroorlog nie.

Die eerste is dat daar altyd verdeeldheid sal wees tussen die verskillende groepe en persoonlikhede, soos nou die geval tussen die Volksfrontleiers en die AWB is.

Die "skollie-faktor" kom ook hier in: tienduisende gewone konserwatiewe mense wat bloot bang is vir die toekoms, word deur woeste elemente soos die AWB afgeskrik.

Die tweede argument is dat daar nie genoeg bitterheid, haat en ontbering onder witmense was of is wat van hulle vreeslose geweldenaars gaan maak nie - anders as byvoorbeeld die geval met die Palestyne in die Midde-Ooste, die Baske in Spanje of die Katolieke in Noord-Ierland. Wit Suid-Afrikaners is die laaste paar geslagte nie aan enige vorm van verdrukking of vernedering onderwerp nie. Die teendeel is eerder waar.

Die teenargument is dat dit mense is met 'n byna paranoïese vrees vir swart oorheersing wat geslagte lank deur die Nasionale Party-regerings by hulle ingeprent is, en dat die meeste regse mans militêr opgelei is.

Die gebeure by die onderhandelingsentrum en daarna het ook lang skaduwees van agterdog laat val oor die bereidwilligheid van die SA Polisie om teen hul "eie mense" op te tree wanneer gesag só gewelddadig uitgedaag word.

DIE KONFLIK tussen die "skollie-element" en die meer respektabele regses soos Constand Viljoen moet nie onderskat word nie. Die meeste leiers van die Afrikaner Volksfront het nou tot die gevolgtrekking gekom dat die AWB hul politieke achilles-hiel is.

Een van die mees senior KP-parlementariërs,

# REGSES KÁN LAND LAMLÊ

## 'Tien plae' verg nie te veel moeite

deur ina van der linde

AS net tien lede van Transnet se sleutelpersoneel vir één dag besluit om deel te neem aan die "tien plae" waarmee die regses die land wil tref, sal 1 000 treine aan die Witwatersrand botstil gaan staan. En omtrent al wat hulle hoef te doen, is om net skielik "siek" te word.

Die Lughawe Jan Smuts kan heeltemal lamgelê word as 50 mense nie kom werk nie. "Ons sal dalk nie 'n vliegtuig kan land nie, en hy sal op 'n ander plek moet gaan land. Daarvoor kan ons sorg... dis te sê as hulle nie op die ander plekke ook staak nie", sê 'n werknemer van Spoornet.

"Ons praat nie groot nie", sê hy, "maar as ons praat, sal die mense in beheer moet luister".

Die Transnet-unie van Suid-Afrika is - soos die Yster- en Staalwerkersunie, die Mynwerkersunie (MWU) en die Transvaalse Munisipale Werkersvereniging - geaffilieer by die Afrikaner Volksfront (AVF).

Die MWU, wat aanspraak maak op die grootste wit ledetal van alle vakbonde, het 50 000 lede. En hulle is nie net in die mynbedryf nie, maar ook by Eskom, die yster- en staalbedryf, die chemiese bedryf, die Randse Waterraad en die Atoomenergiekorporasie - almal in sleutelposisies van ambagsmanne tot professionele mense.

Die MWU is ook die grootste wit vakbond onder Eskom-personeel. In die mynbedryf het die MWU 7 320 lede in sleutelposisies, meestal ondergronds. En dit is net by myne wat by die Kamer van Mynwese ingeskakel is.

'n Woordvoerder van 'n myn sê mynwerkers het toegang tot kragtige plofstof. Sommige is goed opgelei in die gebruik van plofstof en tot onlangs is sogenaamde skietsertifikate net aan wittes uitgereik.

DIE GROOT VRAAG is wáár die regses volgende gaan toeslaan, as hulle nie hul sin kry nie. Die eerste plaag waarmee die regses hul "politieke farao" wil oortuig om hulle na hul eie tuisland te laat trek, was die wanordelike betoging by die World Trade Centre. Genl Tienie Groenewald het egter nie net tien plae nie, maar 'n lys van 98 verskillende vorms van nie-gewelddadige verset in sy sak. Dit sluit betogings, stakings en burgerlike ongehoorsaamheid in. En druk mens hulle so bietjie, praat party van sabotasie soos in die dae van die Ossewa-Brandwag. "En as ons by die tiende plaag kom, dan skiet ons," sê Ferdie Hartzenberg, leier van die KP.

Terwyl Bongani Khumalo, skakelhoof van Eskom, taktvol verklaar dat "ons nog altyd kon reken op die integriteit van ons werkers" en dat Eskom "geen ervaring het van waar die politieke oortuigings van sy werkers die vermoë om produkte en dienste aan sy kliënte te lewer, benadeel het nie," verseker vakbondmense soos Cor de Jager van die Mynwerkersunie (MWU) en lid van die uitvoerende raad van die AVF "dat ons die land se water en ligte kan afsny".

As die regses ernstig is, kan hulle die land behoorlik lamlê. Dis onmoontlik om elke kragmas en substasie te bewaak. En massiewe skade kan ondergronds in myne aangerig word.

Casper Uys, die veteraan KP-LP en adviseur by die veelparty-onderhandelinge, sê: "Die druk van ons eie mense om iets drasties te doen om die onderhandelingsproses te vertraag en die instelling van 'n eenheidsstaat te keer, word byna ondraaglik." - INA VAN DER LINDE

---

duidelik nog onthuts en onstokke oor die Kempton-gebeure, sê aan VWB: "Die AV en veral die KP durf nie langer toelaat dat ons op sleeptou geneem word en gekaap word deur 'n organisasie van skobbejakke wat baie duidelik nie die gevoel van die groot meerderheid van ordentlike konserwatiewe Afrikaners verteenwoordig nie."

(Die "skollie-faktor" is geen nuwe verskynsel in die politiek nie. Dieselfde het die laaste klompie jare met die UDF en die ANC gebeur - wilde en kriminele elemente het om hul eie redes by die aksie aangesluit en is gou tot "comtsotsi's" vir "comrade tsotsi's" gedoop. Miskien moet die AWB nou die "kamskollies" gedoop word - hulle dra nog boonop kamme in hul kouse...)

As regse vrese en aspirasies met geduld en takt aan die een kant en beslistheid en fermheid aan die ander kant gehanteer word, is daar 'n goeie kans dat die massa-aksie waarvoor nou beplan word, genoeg gaan doen om die regses te laat stoom afblaas. ■

---

# DIE TYDBOM WAT NIEMAND WOU SIEN NIE

## Koppies wys wat nog kan voorlê

deur martie meiring

**MIN** mense het al van Koppies in die Noord-Vrystaat gehoor - tot die dag toe dié dorpie en sy interafhanklike buurdorpie, Kwakwatsi, die lont aangesteek het van die tydbom wat op die platteland lê en wag het vir 'n vuurhoutjie.

Nou het Koppies en Kwakwatsi teksboekvoorbeelde geword van wat kán gebeur in die maande vorentoe wanneer wit dorpies met hul swart buurdorpe daaraan dink om gesamentlike besture te bewerkstellig, en so vroeg al as in September.

Duidelik heers die spanning tussen baas en klaas nog sterk. In Transvaal en die Vrystaat alleen is daar 66 KP-oorheersde stadsrade - waarvan 'n hele paar al gesê het hulle gaan die moontlike oorheersing van ANC in gesamentlike rade verbete beveg.

Toe Kwakwatsi sy spiere wou wys deur boikotte en protesaksies het Koppies SY spiere uitgehaal deur werkers van Kwakwatsi met versperrings uit die dorp te hou. Eensklaps het die vertrouensafstand tussen die twee dorpies ligjare groter geword. Ondanks dié bestaande strukture van dorpsraad, ANC-rade, Aksiekomitee en selfs die vredeskomitee kon geen vergelyk getref word tussen die ANC (lees: Kwakwatsi se inwoners) se eise en Koppies se vergunnings nie.

Uiteindelik het die ekstremistiese magte van die ANC-jeug en die verwoede jong wit dorpenaars en boere op geweld uitgeloop met groot skade aan eiendom en getuienis van wit aanvalle op mense binne-in die swart dorp.

Koppies/Kwakwatsi het die lelikste gesig van wit-swart vrees en haat gewys.

**DIE KRUIPENDE TERREUR** van byvoorbeeld Apla op plase het die verwydering tussen die wit plattelandse dorpe en hul buurdorpe (in die ou dae hul lokasies) versterk. Die stede het dié vrees en opbouende haat op die platteland oor die hoof gesien. Die ANC se enorme aanhang op die plattelandse dorpies en ook die wisselwerking wat daar bestaan tussen die ANC en PAC is deur die KP gebruik as afskrikmiddel teen gebalanseerde samewerking tussen wit en swart.

Pogings tot beter verhoudings tussen die plattelandse dorpe en die swart slaapdorpe van waar hul arbeid en koopkrag kom, was tot dusver klaaglik yl.

Nou het Koppies se oënskynlike onversetlikheid teen Kwakwatsi se oënskynlike uitdagendheid wel moontlik die resep gebied vir die kruitvat vorentoe. ■

# die afdraande van die dag is kil, generaal!



**INA VAN DER LINDE** vergelyk die regse bedreiging met die wit opstand in Algerië



**Charles de Gaulle... meesterlik dubbelsinnig**

REGSTREEKSE parallelle is daar nie in die geskiedenis nie, maar die AWB se besetting van die Wêreldhandelsentrum en die rol wat afgetrede generaals in die Afrikaner Volksfront speel, laat mens tog dink aan Algerië.

Die wit gemeenskap in dié voormalige Franse kolonie het, namate die oorlog vir onafhanklikheid gevorder het, onder leiding van eers weermag-generaals en later afgetrede generaals die regering probeer oorneem. Die eerste keer het hulle dit reggekry om die Franse regering van die gematigde Pierre Pflimlin te laat swig en die uitgetrede oorlogsheld Charles de Gaulle weer aan bewind te plaas.

Die oorlog vir onafhanklikheid het op 12 November 1954 uitgebreek, en in die byna agt jaar wat dit geduur het so wreed geword dat dit die bevrydingstryd hier na 'n kinderpartytjie laat lyk. Teenoor die colons - die wit setlaars - en die Franse weermag het die rebellebeweging, die Front de libération nationale (FLN), gestaan. Die FLN, gebaseer in die buurland Tunisië, het geleidelik, laag vir laag, daarin geslaag om die Algeriese bevolking agter hulle te skaar.

Die koloniale owerhede het daarop 400 000 soldate - veterane van die Franse leër in Indo-China inkluis - die land ingepomp. Die twee belangrikste aanvoerders was die opperbevelvoerder, Raoul Salan, en genl Jacques Massu, bevelvoerder van die elite Tiende Valskerm Bataljon. Met groot geesdrif en onmenslike taktieke is die Moslem-bevolking geïsoleer en onderwerp aan ongelooflike druk, teistering, aanhouding en marteling. Dit het gelyk of die Franse soldate die oorlog begin wen - maar toe draai die openbare mening in Frankryk téén hulle.

Die colons het begin vermoed hulle gaan vir die wolwe gegooi word. Op 13 Mei 1955 stroom duisende colons Algiers binne en beset die hoofregeringsgebou. Onder leiding van 'n eers huiwerige Massu, dring hulle daarop aan dat Algerië by Frankryk ingelyf word.

Entrée die uitgetrede genl Charles de Gaulle. Majestueus dubbelsinnig verseker hy die colons: "Je vous ai compris!" (Ek het julle verstaan). Maar hy het gekom om Frankryk te red en nie Frans-Algerië, Afrika, of die Vierde Republiek nie. Binne 'n ommesientjie het hy die Vierde Republiek van Frankryk omgeskop en al Frankryk se kolonies losgesny. Maar terwyl Brittanje haar kolonies voorberei het op die skok om die nes te verlaat, het Frankryk hulle eenvoudig summier uitgeskop.

DIÉ PROSES WAS in Algerië nog nie voltooi nie, toe kom die tweede colon-opstand. Onder die naam Front de l'Algerie francaise (FAF) word bande gesmee met die regses in Frankryk. Die nou afgetrede generaals Raoul Salan en Edmond Jouhaud sluit hulle by die beweging aan. Hulle wil De Gaulle vermoor en die land lamlê met stakings en sabotasie. Maar die planne misluk en FAF word in Januarie 1961 verbied.

Net die volgende maand herorganiseer die colons onder die naam Organisation armée secrète (OAS). Raoul Salan, nou 'n uitgewekene in Madrid, en Marie-André Zeller, 'n afgetrede stafhoof, is die militêre leiers. Maurice Challe, ook nou afgetree, sluit hom by hulle aan. Op 21 April 1961 neem die Valskermregiment van die Vreemdelegioen die hoofstad in, en neem die kommunikasie- en die veiligheidstrukture oor.

Terwyl Parysenaars die lug angstig dophou vir valskermbataljonne wat op hulle mag neerdaal, bly die Franse weermag egter lojaal. Twee dae later begin die OAS ontrafel. Challe gee homself oor en die res word óf gevang óf vlug land uit. Daarna word die offisierskorps "gesuiwer" en die weermag waarmee Frankryk die Algierse strewe na onafhanklikheid bedwing, word finaal geknou.

Terwyl finaal onderhandel word vir 'n onafhanklike Algerië, duur die OAS se skrikbewind voort. Op 18 Maart 1962 word die kolonie uit die nes geskop. Die Franse onderhandelaars het die beste moontlike bedeling vir die colons beding, maar dit blyk onnodig te wees. Europeërs stroom na die hawens en die lughawens en einde 1962 het 90 persent van die wit gemeenskap die land verlaat. In 'n laaste orgie van wraaksug vernietig hulle alles wat hulle nie kan saamneem nie: bilioteke, hospitale, regeringsgeboue, skole, fabrieke en masjinerie.

DAAR IS boeiende ooreenkomste tussen die regse trugolf in Suid-Afrika en Algerië, maar Deon Fourie van Strategiese Studies, Unisa, wys ook op die verkille. Die Franse weermag sit met 'n tradisie van politieke betrokkenheid en het dikwels hul stem dik gemaak in politieke sake. In Suid-Afrika volg die weermag 'n Engelse benadering dat hulle buite die politiek staan.

Waar politieke dade gepleeg word deur die weermag, glo hy het dit gekom in opdrag van die politieke hoofde. Dis die tradisie waaruit genl Constand Viljoen kom en daarom word vaagweg gedreig met "plae", maar stel Viljoen dit uitdruklik dat nie van oorlog gepraat word nie.

Dr L Hahn, uitvoerende direkteur van die Association on Third World Affairs in Washington, wys in 1985 op 'n seminaar van die Instituut vir Strategiese Studies van UP daarop dat die colons nooit ernstig begeer het om iets anders te wees as Franse burgers nie. Terwyl die Engelse hier moontlik sekere ooreenkomste met die colons toon, het die Afrikaners daarenteen 'n afsonderlike identiteit met 'n eie taal, 'n eie nasionaliteit en beskik hulle oor 'n grondgebied wat hulle as hul eie beskou het. Hulle het nooit buitelandse hulp, militêr of andersinds, ontvang nie en het geen ander heenkome nie.

As daar dus baklei gaan word, is dit tot die bitter einde toe...■

# vrees het 'n eie reuk

**GERDA MIDDELBERG** vertel die storie van die Skoolbus en die Groot Vrees

ONS sit opgekommandeer in die Inn se sy-saal. In die kroeg langsaan gaan dit jolig, maar ons vergader stemmig.

Die dertig ma's en pa's ken mekaar al dertig jaar - saam grootgeword, daagliks saam in die koöperasie, Saterdae saam in die Inn, Sondae saam in die kerk. Martiens, die ryk boer wat die garage het, en sy vrou wat sy sake vir hom reël, Jan en Hetta van die OTK, Marie die weduwee wat kinders op die hoër- en laerskool het en nog altyd ordentlik was, Nicolene die dokter en haar boereman wat 'n tyd gelede 'n kind in 'n ongeluk verloor het. En die stilles.

Fanus, die blonde boer met die plaas wat altyd water het, is voorsitter.

Iemand open en sê vir God ons weet Hy besef die erns van die saak en Hy's aan ons kant teen die kommuniste en die moordenaars. Dan begin die verrigtinge.

"Mense, julle weet seker van die ernstige tye waarin ons ons bevind en van dinge wat om ons gebeur," sê Fanus. "Ons as ouers kan nie langer stilsit nie.

"Ons kinders ry elke dag 36 gevaarlike kilometers skool toe in 'n bus wat totaal onbewaak is. Al is ons pad nog taamlik stil, weet ons die vyand kan enige oomblik toeslaan."

Dan kom die Kaptein aan die woord in sy kommando-uniform. Hy is hier in sy hoedanigheid as Busbeskermingsbeampte vir die streek, sê die Kaptein. Sy lisp versag die erns ietwat. Oorkant die vertrek tjip 'n kommandosersant, beter bekend as Oom Andries, kort-kort in wanneer die Kaptein se sinne 'n bietjie versterking nodig het.

"Ek mag nie thpethifieke gevalle noem nie," sê die Kaptein, "want ek wil nie paniek thaai nie. Maar daar wath die afgelope tye aanvalle op thkoolbuthe in ons thtreek." Weet ons dat ons bus die enigste in die omgewing is wat nie bewaak word nie? In al die ander dorpe ry ouers of veiligheidsmagte gewapen saam met die skoolbus. Skool toe en terug.

Hulle is ook paraat en versigtig. Op Paardeplaas maak die vroulike busbestuurder seker sy gaan nie onnodig stadig om 'n draai nie. "Thooth u weet, dameth en here, is 'n buth wat om 'n draai gaan, die ideale dwarthteiken vir die vyand".

Die Sersant neem oor en verduidelik in oorlogjargon hoe die vyand se kop (enkelvoud) werk. "Niemand weet presies waar en wanneer hy gaan toeslaan nie, maar uit navorsing blyk dat hy vir die huidige afgeskrik word deur buseskorte."

Al bestaan die eskort uit 'n pa en ma wat met hulle huis-rollie in 'n stasiewa agter die bus aanry? vra ek Die Sersant.

"Ja, beslis," antwoord hy. "Dis natuurlik vir die huidige. Ons weet nog nie wat die volgende stap gaan wees nie, Mevrou."


Ek sien al Die Sersant en Die Kaptein in hul army-klere agter 'n bos besig met empiriese navorsing oor skoolbusvyande.

DIE GEKIBBEL BEGIN. Mevrou Prins mik vir die pa wat ook polisieman is: "Maar die ander busse word deur die polisie ge-eskort. Hoekom is ons bus nie belangrik genoeg nie?"

Sy kry onmiddellik steun en die arme polisiepa kry nie gesê dat die stasie net deur drie beman word en met al die moorde nie nog die bus ook kan oppas nie. Een ou moet by die stasie bly en die ander is uit op...

"Ja, en wat van die weermag? Is ons kinders nie goed genoeg om deur hulle beskerm te word nie?" kom dit uit 'n ander hoek.

Totdat Fanus sy voorsitterstem aandraai: "Nee manne, ek dink ons pak die ding nou verkeerd aan. Die polisie en die weermag het nie die mannekrag nie. Julle is self almal kommandolede of reserviste en julle weet dit net so goed soos ek. Ons as ouers sal die verantwoordelikheid self moet dra om ons kinders te beskerm."



Die ouer wat die kind in 'n ongeluk verloor het, kom op die been: "Ek wil net vir julle almal hier sê as jou kind dood is, is hy dood. Dan is dit te laat. Dan kan nie die polisie of die weermag hom terugbring nie. Wanneer hy lewe - dis wanneer jy jou deel moet doen!"

Die ouers stem volmondig saam. Maar die Magte moet darem ook hul kant bring. Hoe gaan hulle ons help? Kan hulle ons nie radio's en gewere gee nie - hulle sit mos met die goed. En wat van die polisie-van?

NEE, HOKAAI, hokaai, keer die polisieman. Hy's nie in sy amptelike hoedanigheid hier nie. Om die waarheid te sê, sy baas weet nie eens van dié vergadering nie. Maar hy weet wel die polisie deel nie sommer wapens en voertuie uit nie. Hy kan met die Luitenant gaan praat oor vergunnings aan reserviste, maar dit werk nie sommer so nie.


"Mense, ons moet ophou praat en 'n lys begin opstel," gryp Fanus se vrou in. "Wie gaan môreoggend ry?"

Fanus sê hy sal. En die polisiepa sê hy sal die bus die middag terugbring met die van, hy moet in elk geval dié kant toe.

"En oormôre?" beur Daphne voort. Die hande skiet nie juis op nie. Martiens se vrou waarsku: vyf jaar gelede was dit dieselfde storie. "Toe't ons ook begin reël om die bus te eskort - en ná twee weke het dit op dieselle drie mense afgekom. En toe't die ding net daar doodgeloop."

Ek sit en dink aan ons waterpistool by die huis (dit lyk heel eg) en sien hoe ek en my man die skoolbus beskerm. Aqua 007 teen AK 47. Hoe gaan ek vir hom die nuus oordra sonder om hom te dryf tot een van sy pynlike alleensprake teen die dorp se mentaliteit?

Ek waag 'n konstruktiewe gedagte. Kommunikasie is mos een vorm van beskerming. As ons 'n radio op die bus kan kry, kan die bestuurder ons ten minste laat weet as die bus breek. "As ons wel 'n radio op die bus het," vra ek die Kaptein, "met wie sal ons kommunikeer?"



Met 'n hele netwerk, verseker hy my. Koos Lategan (een van die plaaslike AWB-boere) het 'n radiostasie op sy plaas. En dan is daar ons kommando op die dorp - 'n anderhalf uur van ons af.

"So, in 'n krisis is julle binne twee ure by ons?" vra ek skynheilig. "Dit verheker ek jou, Mevrou," lisp hy met die opregtheid van my vyfjarige kind. "Nee kyk, dit kan ek jou belowe."

DIE FOON ROEP die dokter weg en nog 'n paar ouers onthou hulle kinders is alleen by die huis. Die vergadering verdaag sonder om te dank en ons loop uit deur die raserige kroeg...


Buite is die straat donkerblou en doodstil. Nêrens anders kan die lug so vars ruik nie. Maar die laaste twee jaar het ons dorp verander. Skoolkinders pronk aggressief met pistole in die gatsak in die strate rond. Hul ouers dra AWB-sleutelringe en praat heeldag net van veg.

• Die ouers het die skoolbus drie dae lank vergesel. Nou het een van die drie polisiemanne die taak oorgeneem. Die laaste maand het hy darem eenkeer kon help om 'n pap wiel om te ruil. ■




(FOTO'S: SALLY SHORKEND)

# harry die hartedief



**ESMA ANDERSON** ontmoet Harry, enigmatiese held van die advertensiebedryf

'N BLIND DATE? Ag nee wat, hou verby. Ek het al genoeg slegte ervarings gehad. Toe kollega Elize voorstel ek moet ene Harry ontmoet, ry die spook my weer.

Ek probeer dié kant toe en daai kant toe, maar uitkomkans is min. Dié Harry gaan jou hart steel, hou Elize vol.

Ek bel huiwerig die nommer wat sy my in die hand gestop het. "Video Lab, good morning," sing 'n vrou oor die foon. Ek wil met Harry praat 'seblief, sê ek. Sy skakel my eers deur na Lisa Goldberg. Harry se sekretaresse? Nee, produksie-koördineerder.

Lisa klink vriendelik. 'n Date met Harry? Sekerlik, maar ek sal omtrent R2 300 moet opdok vir 'n uur in sy geselskap.

Nee wag, stop die trein. Wat gaan hier aan? Ek werk vir *Vrye Weekblad*, sê ek, Elize het gesê ek moet bel.

Lisa sê sy verstaan. Sy sal dit reël - en ek hoef nie duisende op te dok nie.

DIE GROOT DAG breek aan. Ons ontmoet eers vir Helene Silverman, Harry se chaperone. Sy sal ons gaan voorstel.

Ons loop 'n gang af. Twee stelletjies trappe op, eerste ingang regs. Bo die deur spel 'n bordjie sy naam statig uit in swart op silwer letters: HARRY. G'n van nie?

Ons stap in en daar sit hy - die man van my drome: upbeat, hightech, veelsydig, intelligent en 'n geheue soos 'n olifant.



**Harry in al sy glorie. Voor is die rekenaar-tekenpen op sy skerm met 'n toetsbord daaragter. Op die groot kleurskerm verskyn die Windows-program en "verfdoos" saam met die videobeeld waaraan gewerk word. Die skermpie langs dit beheer die kleurgehalte. Net links daarvan is 'n skerm waarop die operateur kan sien wat op die band is wat gebruik word en of iemand anders ook van dié band af werk. Heel links staan 'n skerm waarmee die klank beheer word. 'n Paar van Harry se ledemate wat nie op die foto te sien is nie, is 'n persoonlike rekenaar, die klank-apparaat en 'n byskrif-kamera.**

Harry is nie sommer enige lieplapper nie - hy het die hele wese van die televisie- en veral die advertensiebedryf hier in Suid-Afrika 'n nuwe inspuiting van lewe en gehalte gegee.

Byna g'n advertensie word deesdae gemaak sonder dat Harry 'n handjie daarin het nie. Hy's die een wat jou laat wonder hoe hulle dit regkry - van die ou Nissan Sentra advertensie waar die man se klere en hond nie die versoeking kan weerstaan om sonder hom op 'n joyride te gaan nie; die nuwe Sentra advertensie waar die straatligte hande klap en die robot 'n buiging maak as die kar verby ry; die Ford Lazer advertensie waar die laserstrale die kar so rakelings volg; tot die SAUK-advertensie waar die gesin sit en TV kyk en die seuntjie na verskillende fantasiewêrelde meegevoer word.

HARRY IS OOK die skepper van verskeie program kentekens, soos dié van Top Sport en Bonus Sport.

Slaan Harry eers sy hand aan 'n videoband, ondergaan dit 'n magiese gedaantewisseling. Hy tower klein foutjies én groot flaters weg, verander agtergronde, laat dowwe voorwerpe skielik blink, verskerp die kleure, stryk selfs die plooie uit gesigte, maak reguit wat krom is.

Harry is 'n kragtige masjien: deels digitale redigeringsgerief en deels elektroniese verfdoos.

Helene, opgelei as grafiese kunstenaar en later in die fynere kunste, werk heeltyds met Harry - en is duidelik verlief op hom.



## SÓ TOOR HARRY

**MET** dié Smartie-advertensie wys die operateur Helene Silverman hoe Harry kan toor.

1. Die agtergrond is 'n animasiebeeld, op 'n rekenaar geskep met 'n driedimensionale grafiese program.
2. Raampie vir raampie teken Helene met die "verfdoos"-funksie 'n paar skittersterre waar die meisie op die Smartie-boksie moet verskyn. Die sterre word al hoe meer en helderder. Dié effek word verkry deur eers die buitelyne van 'n eenvoudige ster in wit oor die beeld te teken en dit dan met die verfspuit oor te gaan in 'n gloeiende wit sodat dit lyk of dit skyn en skitter. Raampie vir raampie verhelder Harry dié gloeiende sterretjies.
3. Die meisie verskyn in die sterrewolk. Dit word so gedoen: Eers word die meisie bloot teen 'n blou agtergrond verfilm. 'n Spesiale filter skakel dié agtergrond in die redigeringsproses uit. Die beeld van die meisie word dan raampie vir raampie op die animasieprent gesuperponeer, van net 'n dowwe kol totdat dit lyk asof sy bo-op die Smartie-boksie sit.

Helene teken dan vir die meisie 'n skaduwee om die beeld meer realisties te laat lyk - en siedaar! Nog 'n taak behendig deur Harry afgehandel.

"Hoeveel mense ken jy wat elke dag werk toe kan gaan en lekker kan speel?" vra sy met 'n vonkel in die oog.

Daar is net één Harry in die land - en sy is een van net drie mense wat só behendig is met hom dat sy haar werk "speel" kan noem.

Maar dis meer as net pret, sê Helene, dis 'n verslawing. "As jy eers ge-hook raak op dié tegnologie, raak jy bederf en sê net heeltyd 'ek wil nóg hê, ek wil nóg hê'."

Een van Harry se wonderlikste eienskappe is dat hy al die inligting wat jy hom voer, digitaal kan bêre. Dit beteken byna niks van die beeld se gehalte gaan verlore in die redigeringsproses nie. Met konvensionele redigering, verduidelik Helene, verloor 'n mens gewoonlik kleur en skerpheid van beeld. Nie met Harry nie. Hy kan tot 2 minute lewende opnames in sy digitale geheue bêre.

Harry se talente ken byna geen perke nie. En al kos hy duur, bespaar hy jou selfs méér. Het daar 'n blaps ingesluip met die maak van 'n advertensie, hoef jy nie als oor te doen nie - Harry kan jou red. Hang daar byvoorbeeld 'n mikrofoon in 'n toneel wat niemand raakgesien het nie, of was daar 'n haar op die kameralens, haal Harry dit in 'n japtrap uit.

En as 'n toneel te kort of te lank is, rek of versnel Harry dit sonder dat die beeld spring soos gewoonlik in konvensionele redigering gebeur. As 'n kleur nie in jou smaak val nie, verdof, versterk of verander Harry dit gou-gou vir jou. Hy kan beelde ook helderder of deursigtiger maak, nes jy wil.

HY KAN BEELDE omkeer, onderstebo of agteruit speel, krimp, rek en kantel, in die rondte tol of opbreek in blokkies as jy dit na 'n mosaïek wil laat lyk. Hy kan ook animasiewerk vir jou doen: gee hom twee stilprente so 12 raampies uitmekaar en hy vul vir jou die bewegings tussen-in met seepgladde oorgange in.

Soos wat Helene beduie en verduidelik, raak jy al meer verwonderd oor Harry. En groen van jaloesie. Wie sal nou nié daagliks diep in Harry se volkleurskerm-oë wil staar of muis in die hand rillings langs sy digitale ruggraat wil afstuur nie - selfs al huur hy homself by die uur uit?

Please sir, can I have some more? ■

ONAFHANKLIK, ONVERBONDE & ONVERSKROKKE




Breyten Breytenbach se briljante digbundel wat pas uitgekom het, *nege landskappe van ons tye bemaak aan 'n beminde*, kos R69,99. Maar as jy vir 'n jaar lank op *Vrye Weekblad* inteken teen die reeds verminderde bedrag van R100, stuur ons vir jou 'n gratis eksemplaar van dié besonderse Afrikaanse boek.

(Jy spaar dus R94,99 op die normale intekengeld van R125, of andersom gestel, *Vrye Weekblad* kos jou in werklikheid net R30,01 vir 'n jaar.)

Intekenare kry *Vrye Weekblad* vóór die naweek in hul posbusse, of, in die geval van Groter Johannesburg of Pretoria, by hul voordeure afgelewer. BTW en afleweringskoste is ingesluit.

Dié spesiale aanbod geld net vir 'n beperkte tyd en net die eerste veertig intekenare kry 'n Breyten-boek, so stuur dadelik 'n tjek of posorder aan VWB-intekenare, Posbus 177, Newtown 2113.

Ja, ek wil graag die Breytenbach-digbundel hê.

Naam: ..........................................

Adres en poskode: ..........................................

..........................................


..........................................

Telefoonnommer: ..........................................

❑ tuisaflewering

❑ per pos

# ontmoet die ANC se terrible twins



Opgelei in Moskou en 'n Kaapse tronk... Foto: Carien Breytenbach

## die duiwel is nie 'n kommunis nie

### As jy wil weet wie maak die geskiedenis, kyk na gewone mense, sê **Tony Yengeni**

deur trudi du toit

TONY YENGENI, omstrede en charismaties, streeksekretaris vir die ANC Wes-Kaap, woon 'n Afrikaneraand in 'n blinkhak-Kaapse voorstad by. Hy het kwaai bedenkinge: wat as 'n spul regses hom voorlê en ontvoer?

Dit gebeur nie. Maar tog braai die Boere hom. Dit laat hom lus kry vir méér kuier by Afrikaners: "Dit het my oë laat oopgaan."

Hy sit in sy kantoor in Khayelitsha. Ondanks sy woeste bewegings in die kruitvat-township is sy hemp kraakwit, sy houding kalm en belangstellend. Maar onder die yuppie-uiterlike kruip die MK-bevelvoerder se onwrikbare patroon-beleid tog uit.

**Waarom massa-aksie voorop?**

Ek is radikaal, want ek glo die massas is van kardinale belang, maar hul rol word grotendeels deur die onderhandelingsproses op die agtergrond geskuif - hulle voel uitgesluit van daardie elite-groep wat in die World Trade Centre onderhandel. Mense moet dus altyd organiseer en mobiliseer om hul stem gehoor te kry. Die massa maak die geskiedenis. Leiers kom en gaan - mense bly altyd bestaan.

**Is dit nie mob-rule nie?**

Solank hul strewes gekanaliseer word, is dit nie mob-rule nie. In die Wes-Kaap fokus ons op ondemokratiese strukture. Die massa het byvoorbeeld hul stryd gewen teen die ondemokratiese plaaslike besture - nou regeer hulle hulself. Ons konsentreer ook op wenbare aksies.

Natuurlik weet ons daar is kwaadstokers wat die ANC se naam misbruik. Maar as jy klippe op die N2 gooi in die naam van die ANC, dan probeer ons op ANC-saamtrekke die mense se woede in meer positiewe kanale stuur.

Maar daar is wel ander organisasies wat ook meedoen, weet jy?

**Sien jy 'n wit regse gevaar?**

'n Ernstige gevaar. Maar hul vrees vir die kommuniste in ons geledere is misplaas. Die kommuniste staan vooraan in die onderhandelingsproses. In die verkiesing het almal 'n gelyke kans om die volk se wil te toets. As jy die verkiesings verloor, waarom die wapen opneem? Die regses baseer hul standpunt glo op die Bybel - maar nêrens in die Bybel staan dat jy mense moet doodmaak wat nie met jou saamstem nie.

Hulle beskou die kommuniste as die Antichris. Ek het my tweejarige dogter laat doop. Ek neem my ma, 'n oortuigde Christen, dikwels kerk toe. Is ek dan die duiwel? Die meeste swartes is gelowig - en tog het hul reaksie op Chris Hani gewys hoe hulle hom, 'n kommunis, vereer. Waarom kan die regses nie die verskil tussen Satan en 'n ander siening van byvoorbeeld die ontstaan van die wêreld begryp nie? Ons verstaan tog die verskil tussen 'n Wit Wolf en 'n lid van die Volksfront.

**Hoe gaan die ANC die aspirasies hanteer van die mense wat nou Kill the Boer skreeu?**

Ons sê mense se verdraagsaamheid is verstommend, gesien die onderdrukking van ons mense. Jy sou dink dat daar al 'n swart TerreBlanche of 'n swart Barend Strydom moes gewees het. Die jeug is ongeduldig - die onderhandelings het nog nie werk of hoop vir hulle gebring nie. Daardie woede behoort die politieke partye te druk tot 'n skikking.

Chris Hani het voor sy dood 'n Vredeskorps bepleit. Die jeug moet nog bereik word, hulle moet 'n fokuspunt kry waarmee hulle hulle kan vereenselwig. Anders kry ons regtig mob-rule.

Die eerste mense wat in die parlement gaan sit, gaan met baie buite-aksies te doen kry: kos, werk, huise. 'n Marshall-plan sal nodig wees. Die buiteland sal ons moet steun.

**Sal die haves vir die have-nots moet gee?**

Nee, dié wat geld het, sal nie hul geld verloor nie, hulle sal net meer baat vind by 'n oop demokrasie. Gelykstellende optrede sal wel moet kom om die minderbevoorregtes te help - ons sal die geld elders moet soek. Maar daar sal opofferings wees - die demokrasie eis dit. Eksklusiewe wit gebiede sal moet verdwyn, maar niemand sal sy huis moet prysgee of met ander moet deel nie. Ons is menslik; ons Freedom Charter eis dit: Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin leef, wit en swart. ■






Foto: SALLY SHORKEND

## die gehate, geliefde mokaba



### Die leier van die ANC se jeugliga gesels met **WALLY MBEHELE**

PETER MOKABA gesels nederig en wek die indruk van 'n beheerste, gedissiplineerde leier - totdat hy praat van die boere onder wie hy in die hartland van apartheid om Pietersburg grootgeword het. Dan sien jy die pyn in sy gesig.

Mokaba is 35 jaar gelede gebore in wat eens die township New Look naby Pietersburg was. Sy ouers was arm trekarbeiders. Hy het skoolgegaan in Mankweng, ook naby Pietersburg, waarheen sy ouers moes verhuis toe hulle gedwing is om New Look te verlaat.

Een ervaring as kind wat sy siening van die polisie gevorm het, was toe die polisie by hul huis opdaag en sy ma aanrand en arresteer omdat daar 'n leë brandewynbottel in die huis was. Die bottel, sê hy, is deur 'n besoeker daar gelos en swartmense is destyds nie toegelaat om sterk drank te drink nie.

As jong seun, sê hy, het hy met bewondering geluister na die stories oor 'n man genaamd Nelson Mandela. Toe hy hoor hoe dié prokureur die hele nasie probeer toespreek het deur 'n "ondergrondse radiostasie", het Mokaba besluit om die elektronika en wetenskap te studeer.

Maar sy onderrig is dikwels onderbreek deur 'n gebrek aan geld en tye in aanhouding. "Ek het 'n soort gemeenskapsprojek geword - mense het saamgespan om handboeke aan my te skenk."

Van tyd tot tyd het hy gewerk as straatverkoper, winkel-assistent en tuinier. Hy het gedigte en toneelstukke geskryf en was ook vryskut-joernalis - dit het sy begrip van politieke gebeure verskerp, sê hy. Naas sy politieke aktiwiteite, het hy op skool ook in sport uitgeblink: lid van die sokkerspan se bestuur, kaptein van die sagtebalspan, karate-instrukteur. Hy het aan toneelopvoerings deelgeneem en was voorsitter van die dansklub. Jy kan sien waarom wanneer hy sy gehoor in 'n toyi-toyi lei.

In 1980 het hy hom ingeskryf as student in die rekenaarwetenskap aan Turfloop. Ná struwelinge daar het Mokaba hom dieselfde jaar gaan aansluit by die ANC. In Angola het hy saam met Fapla-vegters militêre en politieke opleiding ontvang. Met sy terugkeer na Suid-Afrika het hy 'n bevelvoerder geword en geheime militêre en politieke strukture in Noord-Transvaal op die been gebring.

In 1982 is hy gevang en na Robbeneiland gestuur. Hy het mede-gevangenes karate geleer en deur Unisa in die regte studeer.

Toe hy in Maart 1985 vrygelaat is, sê Mokaba, het die gemeenskap van Mankweng 'n reuseparty vir hom gehou en is hy aangestel as die streekorganiserder van die United Democratic Front. In Mei dié jaar is sy huis gebombardeer.

Tydens sy laaste aanhouding onder die noodtoestand (sy ma is ook aangehou), is sy ouers geskei. "My pa het gekla oor ons politiek," sê hy. Mokaba se eie huwelik is ook deur sy politieke betrokkenheid verwoes. "Ons het dieselfde probleme ervaar as my ouers. Dit was 'n bittere, uitmergelende ervaring."

Met die ontbanning van politieke organisasies in 1990 is Mokaba verkies tot die ANC se Nasionale Uitvoerende Komitee (NEC), en in Julie 1881 tot president van die ANC se Jeugliga - ondanks persbewerings dat hy 'n polisie-spioen was.

Mokaba sê vals gerugte is ook oor Chris Hani versprei voor sy dood.

Mokaba rook nie en drink nie. Hy lees graag en luister na 'n verskeidenheid musiek. Sy driejarige dogtertjie het naas sy suster se naam ook Winnie Mandela se Afrika-naam, Nomzamo. "Ek wil nie hê sy moet deurmaak wat ek moes deurmaak nie," sê hy. "Ons is ons jeug en gesinslewe ontsê. Sy moet kan studeer en 'n goeie aanwins wees vir die land en die familie."

## 'vandag se jeug is anders'

**Baie witmense, veral wit boere, is baie kwaad vir jou.**

Presies. Hulle is kwaad vir my omdat hulle mislei is. Die Nasionale Party kon witmense nie op 'n suiwer politieke grondslag mobiliseer nie. Toe maak hulle witmense bang dat hul voortbestaan bedreig word. Dit was die Swart Gevaar, die Totale Aanslag - en nou, in die tyd van onderhandelinge, kom hulle met die een vermeende bedreiging ná die ander om die witmense by die laer te hou. Wanneer hulle geweld aanblaas in die townships is dit nie net om die ANC te probeer verswak nie, maar ook om te sê: "Kyk na die mense wat dalk die land kan oorneem - kyk hoe maak hulle mekaar dood."

Wanneer die NP na die slagspreuk ("Kill the Boers") verwys, beteken dit nie hulle begryp nié die ANC se beleid van nie-rassigheid nie. Hulle verdraai die betekenis van ons liedere om die idee van 'n bedreiging te behou, óm witmense agterdogtig te hou jeens swartmense.

**Die voorsitter van die SA Landbou-unie, Boet Fourie, het gesê hy gaan jou persoonlik aankla weens beweerde intimidasie en opstokery,** ▶

Ek erken nie hul howe nie - en dit sal hulle in 'n krisis laat beland. Dit sal nie die probleem oplos van boere wat doodgemaak word nie. Die mense wat die boere vermoor, is dieselfde mense wat ons mense op die treine vermoor. Die Nasionale Party behoort te weet wie dié mense is.

Waarom word die boere skielik doodgemaak net wanneer die NP sê die boere word doodgemaak? Ons het al gesien dat die geweld in die townships altyd aan- en afgeskakel word in ooreenstemming met die NP se politieke programme. Wanneer De Klerk oorsee gaan, bedaar die geweld altyd. Die hele kwessie van die doodmaak van boere is dat De Klerk hul steun deur hul bloed probeer wen.

Ons het nou die slagspreuk "Kill the boer, kill the farmer" gestaak, maar nie die toyi-toyi nie. Maar dit sal die boere nie help vasstel wie hulle doodmaak nie. Die boere self sê 35 van hulle is al sedert Januarie vanjaar vermoor. Wat het aanleiding gegee tot die moord op die boere vóórdat die SAUK die slagspreuk na hulle uitgedra het ná die moord op kameraad Hani?

Om nou die townships se maniere om hulself uit te druk, te probeer stopsit, is om te sê: "Ons wil niks weet van dié mense nie, ons wil nie weet waarom hulle dié liedere sing nie." Die boere moet probeer verstaan waarom die kultúur van die bevrydingsbeweging hulle deel gemaak het van die lirieke van bevrydingsliedere, hulle moet die rol verstaan wat hulle gespeel het - en hulle moet kyk of ons daardie verlede kan verander en 'n toekoms kan bou. Dis nie net die moorde op die boere wat my bekommer nie, maar ook die moorde op mense in die townships om politieke redes.

**Jy is al beskryf as een van die mees militante hardliners in die ANC.**

Ja, ek is 'n hardliner. Ja, ek is militant. Ek is ook revolusionêr. Ek vra niemand daarvoor om verskoning nie. Dit is presies wat ek geleer is deur die beweging self, die ANC. Dit is presies wat die situasie van my vereis. Om 'n einde te maak aan apartheid, 'n misdaad teen die mensdom, vereis nie gematigdheid nie. Gematigdheid is besluiteloosheid. Dis net militantheid wat jou die kans gee om op te tree. Ek is 'n hardliner oor die kwessie van nie-rassigheid, 'n hardliner oor regstellende optrede vir die jeug, vroue en werkers. Dit glo ek, is waar Suid-Afrika se redding vandaan sal kom.

**Jy was glo een van dié in die ANC wat sterk gekant was teen die "sunset clauses" vir 'n regering van nasionale eenheid. Is jy nou daartoe bereid dat die ANC mag met die NP deel vir vyf jaar?**

Ek was gekant teen die klousules wat kameraad Slovo besig was om op te stel, maar ek was nog nooit gekant teen 'n veelparty-kabinet nie - solank die beginsel van meerderheidsregering nie opgeoffer word nie, solank minderheidspartye nie by verstek leiers word nie, solank minderheidspartye nie die reg gegee word om die programme van die meerderheid in die wiele te ry nie.

**Is Thabo Mbeki die regte keuse vir vise-president van die ANC?**

Ek weet van niemand anders in sy klas nie en die jeug het 'n formele besluit geneem oor die kwessie. Dit behoort mense te wys die jeug is nie so selfbehep soos voorgegee word nie. Hulle het verwag ons gaan soek na 'n "militante" mens soos dit deur die koerante omskryf word. Ons beskou kameraad Mbeki as militant. Hy is 'n dapper man, 'n uiters intelligente man, en nie bang om sy sê te sê nie.

Ek weet van geen oorwinning in onlangse tye waarin hy nie 'n hoofrol gespeel het nie. 'n Regering van nasionale eenheid, dis Mbeki. Die Harare-verklaring, dis Mbeki. Die meeste mense weet nie kameraad Oliver Tambo se toesprake is deur kameraad Mbeki geskryf is nie. As daar 'n president is om Mandela op te volg, dan is kameraad Mbeki die enigste keuse.

**Het die ANC ooit jou geloofwaardigheid bevraagteken toe jy in ballingskap was?**

Nee, nooit. Ek is nooit deur iemand ondervra nie. Die tydsberekening van die skinderveldtog het saamgeval met die ANC se verkiesings. Ek weet daar is nou 'n ander veldtog teen my - dié slag probeer hulle my om die lewe bring. Ek weet dié veldtog sal verskerp hoe nader ons aan die verkiesing kom. Die ANC weet daarvan en ek word daagliks gewaarsku teen die pogings om my dood te maak. Ek het dit aanvaar: solank ek 'n naelstring tussen die ANC en die massas bly - soos Chris (Hani) was - sal ek altyd in die skadu van die dood bly.

**Daar word gesê die jeug is ongedissiplineerd en aan niemand aanspreeklik nie.**

Die mense wat so praat, weet nie in watter soort samelewing hulle woon - of wat dié samelewing maak nie. As jy praat van aanspreeklikheid, moet jy praat van tweerigting-verkeer. Ek sê altyd aan die ANC: "As julle die onafhanklike denke van die jeug doodmaak, dan maak julle die toekoms dood - nie net van die ANC nie, maar van demokrasie in dié land." Debat moet as debat behandel word, uitdagings moet as uitdagings behandel word. Die jeug moet toegelaat word om te verken.


Bua!





SEKS, TAAL EN SUID-AFRIKAANSE KULTUUR

en ook:
- education issues and tips for teachers
- die ware feite oor Afrikaans
- the demise of English
- rapping for democracy
- the language of AIDS

SUBSCRIBE NOW TO THIS QUARTERLY FOR R30 AND RECEIVE TWO EXTRA COPIES FREE. OF BESTEL ENKELEKSEMPLARE TEEN R7.50 ELK.


CHEQUES AND POSTAL ORDERS TO: NATIONAL LANGUAGE PROJECT, BOX 378, SALT RIVER, 7924



Die tropiese strand by Mombasa



Karen Blixen se "farm in Africa" buite Nairobi




'n Kunsgalery van latte en klei

# jambo! kies vir jou 'n kenia

foto's en teks: max du preez

## 'n Vriendelike land in Oos-Afrika op pad na 'n moderne demokrasie

DAAR is nie net een Kenia nie. Daar is Nairobi-Kenia, Mombasa-Kenia, stamgebonde Kenia, woestyn-Kenia en safari-Kenia.

Kenia is 'n soort laat-maar-gaan-land: ongestruktureerd en deurmekaar, maar tog werk dit so min of meer.

Kenia het 'n ver pad gekom sedert die bloedige dae van die Mau-Mau. Daar is 'n sterker middelklas as in die meeste ander lande in Afrika, en die elite is hoogs gesofistikeerde wêreldburgers. Terselfdertyd is dit die land van die Masai; 'n land waarin stamgebonde mense nog in die Steentyd leef; 'n land waar daar weekliks bloedige stamgevegte is; waar die stede deur reusagtige plakkerkampe omring word; waar daar maar een dokter vir elke agt duisend mense is. Aan die ander kant, weer, is die toeristebedryf en -geriewe seker die mees gesofistikeerde in Afrika.

Die politiek van Kenia moet in die lig van dié tweeslagtigheid verstaan word. Soos in die ou Afrika-diktature hang pres Daniel arap Moi se foto in elke gebou en winkeltjie; is sy regering so hardhandig en korrup soos enigeen in die onlangse Suid-Afrikaanse geskiedenis; is daar nog absurde regulasies - soos dat die president, staatsgeboue, polisiemanne, ensovoorts nie gefotografeer mag word nie.

Terselfdertyd is daar verskeie wakker en moderne opposisiepartye nadat Moi onlangs onder druk ander partye naas sy eie Kanu



Mombasa se koraalriwwe

toegelaat het. Die politieke debat in koerante en nuustydskrifte soos *The Weekly Review* en *The Nairobi Law Monthly* is skerp en intelligent.

Dit is 'n klassieke stryd tussen die oue en die nuwe, tradisionele Afrika en 'n moderne demokrasie - 'n stryd wat dertig jaar ná onafhanklikwording van Brittanje nou eers behoorlik momentum kry.

DIE DERTIGSTE verjaardag onlangs van die Unie van Radio- en Televisienetwerke van Afrika (Urtna) in Nairobi was 'n goeie voorbeeld. Die mense en regering van Kenia was baie trots daarop dat dié gala-byeenkoms in hul land sou plaasvind. "The greatest extravaganza in Africa," is vooraf gesê. En toe is dit een groteske flop: omtrent nie een van die beroemde gaste wat vooraf geadverteer is, daag op nie; mense woon nie produksievergaderings by nie; die tegnici weet nie wat hulle doen nie en hul toerusting werk nie behoorlik nie; en deurentyd is Afrika-tyd die norm.

In skrille kontras daarmee was die M-Net-span wat die toekenningsaand lewend gebeeldsaai het. Ondanks al die probleme en Afrika-tyd was dit glad en professioneel. Dit was omtrent die enigste deel van die Urtna-week wat gebeur het - selfs die musiekkonserte moes gekansel- ▶

leer word. Die koerante en elite was hoogs verontwaardig en skaam-kwaad. "It's a big embarrassment to the whole nation," het een swart sakeman gesê, en 'n ander: "The debacle could make Kenya appear a disorganised country, unable to organise anything."

Die *Daily Nation* skryf in 'n hoofartikel: "It turned out to be the greatest musical debacle of recent times as well as the greatest shame that ever afflicted the African broadcasting and music fraternity collectively. Africa and the world had been promised an extravaganza that would go down in history as the continent's statement of solidarity and brotherhood through the performing arts. This was her only chance of disproving inefficiency and disorganisation." En dan word daar vergelykenderwys verwys na die "technical excellence of M-Net, the South African broadcasting giant".

Dié vergelyking met Suid-Afrika is 'n deurlopende tema wat 'n mens telkens agterkom. By 'n Urtna-simposium het 'n koerantredakteur openlik gesê wat almal in private gesprekke met Suid-Afrikaners gesê het: "Ons oë is op Suid-Afrika om die eerste Afrika-nasie te wees wat dit regkry om 'n moderne demokrasie te word. Julle kan uit al ons foute leer. As Suid-Afrika óók 'n mislukking gaan wees, dan is daar min hoop vir die res van die vasteland."

KENIA HET TWEE staatsbeheerde TV-stasies, drie nasionale en verskeie streekskoerante en nuustydskrifte waaruit 'n mens kan aflei dat daar meer persvryheid deesdae in Kenia is as wat die norm in Afrika is. Die helfte van Kenia se mense is geletterd en byna 90 persent van die kinders is op laerskool.

Maar die een ding wat Kenia werklik reggekry het, is sy toeristebedryf. Sonder dié grootste verdiener van valuta sou Kenia 'n bitter arm landjie gewees het. Die toeristehotelle is Suid-Afrikaanse vier- en vyfstergehalte - die diens is nie altyd so goed nie, maar die argitektuur en geriewe is beter en die pryse laer. (En met 'n inflasiekoers van sowat 60 persent word dit by die dag goedkoper.) Daar word behoorlik voorsiening gemaak vir toeriste uit die Ooste, uit Europa en Amerika, en daar is aantreklike pakette wat die verskillende fasette van die land - safari's, wildtuine, die eksotiese Mombasa en die tropiese ooskus - kombineer.

Talle Keniane lewe van toerisme - en dit is plek-plek 'n probleem, soos in Mombasa waar die verkopers van curio's en ander ware baie aggressief is en 'n wandeling op die strand onaangenaam maak.

Hoteleienaars in veral Mombasa en Malindi aan die kus slyp hul tande vir 'n toeloop van Suid-Afrikaanse toeriste nadat Kenia laat verlede jaar vir Suid-Afrikaners oopgestel is. Mombasa is minder as vier uur se vlieg van Jan Smuts, en in die middel van Suid-Afrika se winter is die Keniakus soel en die helderblou see louwarm.

Naas sy klimaat is Mombasa se aantrekkingskrag sy algehele andersheid. Arabiese koloniseerders het al voor Christus slawe uit dié antieke stad verskeep, en vandag is dit 'n fassinerende kombinasie van Arabiese, Westers-kolonialistiese en Afrika-erfenisse; van swart Keniane, Indiërs en Arabiere; Moslems, Hindoes en Christene.

'n Seekos-middagete op 'n Arabiese seilboot, 'n dhow, wat om Mombasa-eiland vaar met 'n orkes wat speel, is een van die onvergeetlikse toeriste-ervarings wat ek nog gehad het.

Maar die lekkerste van Kenia was vir my die openheid en vriendelikheid van die mense en die gebrek aan aggressie en spanning. Al wat leef en beef, groet jou met 'n glimlaggende "Jambo!", die Swahili-woord vir dagsê. En as die mense agterkom jy is van Suid-Afrika, dan word hulle éérs vriendelik en spraaksaam.

Dis óns mense. ■




Graffiti wat die regerende Kanu bykom, is oral te sien

# die land en sy mense

**KENIA** het net meer as 25 miljoen mense, waarvan driekwart buite die stede woon. Die grootste stam is die Kikuyu (21 persent), gevolg deur die Luo (13 persent) en die Luhya, Kelenjin en Kamba (elk sowat 11 persent). Swahili is die amptelike taal, maar die meeste stedelinge praat uitstekend Engels en die meeste koerante en tydskrifte is ook in Engels. Die meeste mense (38 persent) is Protestants, 26 persent is Katoliek en 6 persent Moslem. Kenia was tot 1963 'n Britse kolonie. Daniel arap Moi het Jomo Kenyatta in 1978 as president opgevolg, en verlede jaar 'n veelparty-verkiesing toegelaat ná intense buitelandse druk en binnelandse weerstand van veral die Front vir die Herstel van Demokrasie (FORD). FORD het intussen versplinter tot FORD-Kenya, met Oginga Odinga as leier, FORD-Asili met Kenneth Matiba as leier, en die Demokratiese Party onder Mwai Kibaki. Die verdeeldheid onder die opposisie het veroorsaak dat Moi met net 34 persent van die stem die verkiesing gewen het en vir nog vyf jaar president gaan wees, ondanks sterk getuienis dat hy die verkiesing in sy guns gemanipuleer het.



Mombasa se hoofstraat

# die verskil tussen 'n **slowaak** en 'n **sloween**



Die Tjeggiese ambassadeur in Kenia, **JAN DRABEK,** sit sy tong in die kies en verduidelik hoe jy die Slawe van mekaar kan onderskei

TOE 'n amptenaar uit Afrika vir die soveelste maal deurmekaar raak met Joego-Slawië en Tsjeggo-Slowakye, en my vra waarom die Tsjegge besig is om Sarajevo te bombardeer, verloor ek my humeur.

"Waarom is dit so moeilik vir Afrikane om die Slawiese lande in Europa uit te sorteer as dit vir my geen probleem is om Zimbabwe van Zambië te onderskei nie?" roep ek uit.

Met 'n hoër gesag byderhand kry ek onmiddellik die antwoord. "Dis omdat jy betaal word om die verskil te ken," skree my vrou uit die slaapkamer. Sy's natuurlik reg, soos altyd.

Dis boonop baie makliker om Nigerië en Niger uitmekaar te ken as Slowenië en Slowakye. Maar nou het ek al klaar nóg twee Slawiese lande ingesleep - en heelwat meer verwarring. Laat ek probeer verduidelik. (Dis immers wat ek betaal word om in Afrika te doen.)

In die begin was daar die Oostenryks-Hongaarse Ryk en omtrent almal in Sentraal-Europa wat 'n Slawiese taal gepraat het, was deel daarvan. Die situasie was minder duidelik wanneer jy gekom het by die suidelike Slawe, wat in 'n plek genaamd die Balkan gewoon het. In 'n poging om dit duideliker te maak het 'n Serwiër, Gavrilo Princip, die troonopvolger van die Oostenryks-Hongaarse Ryk doodgeskiet.

Sy poging het goed geslaag. Toe die Eerste Wêreldoorlog wat hy begin het, agter die rug was, het die Slawe in die Balkan 'n land gevorm met die naam Joego-Slawië. Dit het sin, want die woord "Joego" beteken suidelik.

Dit het meestal bestaan uit Kroate, Serwiërs en Slowene. Daar was ook Bulgare en Albaniërs, maar niemand het hulle raakgesien nie want hulle het min identiteitsprobleme gehad.

In Sentraal-Europa het die Tsjegge en die Slowake saamgekom in Tsjeggo-Slowakye, en die Pole in Pole. Die Oostenrykers is op hul plek gesit en net toegelaat om die Alpe en Wenen te behou. Op die ou end was dit oorgenoeg, want almal in Europa wil óf ski óf wyn drink en rondwals.

OOSTENRYK SE belangrikste uitvoerproduk tussen die oorloë was Hitler. Hulle het hom na Duitsland gestuur, waar hy nog 'n wêreldoorlog begin het. Dit het die situasie in Europa verder opgehelder. Daarna het die Slawe in die suide en die middel van Europa nog steeds in Pole, Tsjeggo-Slowakye, Joego-Slawië of Albanië gewoon - met één verskil: hulle was nou almal kommuniste. Dit het sake effens bemoeilik want, soos iemand gesê het, onder die kommunisme is almal gelyk, maar sommige net meer gelyk as ander. Die vraag onder die Slawe in Europa was wie was die gelykste - en hier het die Russe loshande gewen.

Kom ons spring maar oor die volgende 40 jaar, wat die Slawe daaraan bestee het om kommunisme te probeer definieer. Op die ou end het Boris Yeltsin tot die slotsom gekom dat kommunisme nie lekker is nie, want dit verskaf nie die perskes en room wat dit beloof nie. Daarmee was dit uit en gedaan. Die kommunisme was nou uit die mode, behalwe by die Kubane en die Serwiërs. Ons los die Kubane maar vir eers, maar sal netnou terugkeer na die Serwiërs.


Om van kommunisme ontslae te raak was geen groot probleem nie - totdat ontdek is dat kommunisme ook die naam was van die eienaardige gom wat die Slawiese state saamgebind het.

POLE WAS NIE te sleg daaraan toe nie. Daar's genoeg Pole - 38 miljoen - om 'n verskil te maak. Byna almal van hulle is Pools en boonop Rooms-Katoliek.

Die Tsjegge en die Slowake se situasie was effens moeiliker. Hulle het 'n koppelteken in Tsjeggo-Slowakye gesit en regerings verkies wat omtrent so versoenbaar was soos Woody Allen en Mia Farrow. Die Slowaakse parlement doen toe 'n "verklaring van soewereiniteit". Soos die Tsjegge dit verstaan het, het dit beteken hulle wou onafhanklikheid hê as dit nodig was, maar dit was nie noodwendig nodig nie.

Uit vrees dat nog 'n Gavrilo Princip of Adolf Hitler na vore kon tree om sake te verhelder, het die Tsjegge en die Slowake besluit om vreedsaam te skei. Dit was ses maande gelede en hulle praat darem nog met mekaar - wat nogal 'n prestasie is, want kom dit by die skeiding van gebiede, is die Slawe omtrent so verdraagsaam teenoor mekaar soos Irak en Israel.

Die situasie is effens anders wat die suidelike Slawe betref. Daar verdeel hulle eiendom volgens 'n ou beproefde metode - die Balkan-




oorloë. Dit behoort die res van die wêreld te interesseer, want Balkan-oorloë het die nare gewoonte om in wêreldoorloë te ontaard. Maar die res van die wêreld is te besig om uit die resessie te kom.

Daar is egter ook 'n paar pretbederwers wat uitwys dat die beste manier om uit 'n ekonomiese windstilte te kom, nog altyd was om 'n wêreldoorlog te begin.

NOU VIR DIE Serwiërs. Hulle is Grieks-Ortodoks as hulle nie Marxisties is nie. Soms is hulle albei. Verder noord lê Bosnië-Herzegovina, waar die Serwiërs, Kroate en Moslems die laaste tyd hul uithouvermoë en nuwe wapens op mekaar toets.

Volgende, verder noord, is die Kroate, wat Katolieke is. In die vorige Wêreldoorlog het 'n paar Kroate gemeen Hitler het die situasie vir eens en vir altyd opgeklaar. Dit het hulle ongewild gemaak by die verwoede Serwiese partisane, wat tot Winston Churchil se groot plesier besig was om teen die Nazi's te veg.

Die verste noord van die voormalige Joego-Slawe is die Slowene - nie die Slowake nie - wat niks te doen wil hê met die toets van uithouvermoë nie. Hulle wil net sake doen met die res van Europa, en soek geen geveg nie, net geld. Daarom het hulle al ver gevorder op pad na herstelling van 'n ekonomiese siekte genaamd kommunisme.

So daar het jy dit. Was dié les oor Slawiese betrekkinge nou so moeilik? ■

# die gesigte agter die sweet en bloed

## Luli Callinicos wil die geskiedenis weer laat leef

deur beverley mitchell



(Foto: SALLY SHORKEND)



Luli Callinicos... "Elke mens is 'n geskiedkundige."

DIE geskiedenis lewe eers as jy deur gewone mense se oë daarna kyk, sê die historikus Luli Callinicos. En as jy werklike mense se verhale leer ken, help dit baie om die skewe beelde reg te stel van die geskiedenis wat Suid-Afrikaanse kinders lank op skool geleer is - geskiedenis uit die oogpunt van ideologie, eerder as uit die oogpunt van mense wat dit self beleef het.

Swart kinders is byvoorbeeld geleer hul voorouers het verdrukking en uitbuiting as 't ware met ope arms verwelkom. (Dingaan was 'n uitsondering, maar hy het sy les geleer.) Wit kinders is geleer hul voorouers het die eerste "beskawing" na die land gebring. Asof hier niks of niemand was nie.

Callinicos, uit eie reg 'n pionier, het dié valse persepsies lankal begin regstel. Haar drie boeke in die reeks *A People's History of South Africa (Gold and Workers 1886-1924, Working Life 1886-1940,* en die jongste, *A Place in the City - The Rand on the eve of Apartheid)* sit die mens terug in die geskiedenis.

"My boeke vertel die verhaal van die gewone werkers wat na Egoli verhuis het," sê Callinicos. Suid-Afrika se geskiedenis is deur hulle bepaal - mense van vlees en bloed - net soseer as deur strukture, wette en beleide.

In die "liberale" herskrywings van die geskiedenis is al die skuld vir die ontwrigting van die Suid-Afrikaanse samelewing op die ideologie van apartheid gepak. Callinicos vereenselwig haar met die New Left en sê mens moet verder soek: na die oorsake van dié ideologie - dit het die kapitalisme bevoordeel. Rasseskeiding se wortels lê in klasseskeiding, en Callinicos onderstreep dié verband in haar ontleding van die geskiedenis.

MAAR DIT MOET nie meganies aangepak word nie. Marxiste in die verlede het werkers nie as mense beklemtoon nie, sê Callinicos. "Hulle het net oor die strukture geskryf - nie oor die werker as 'n verliefde, 'n pa of 'n ma met gevoelens nie." Die mens het baie dimensies, is van nature 'n sosiale wese, en daar is 'n wisselwerking tussen mense, op gemeenskaplike en menslike vlak. Die klassestryd-perspektief kan baie beperk wees, sê Callinicos, veral as die bydrae van vroue bekyk word.

Om 'n meer menslike begrip te gee, teken Callinicos in *A Place in the City* die persoonlike verhale van werklike mense op - dikwels in hul eie woorde. Jy lees byvoorbeeld die verhaal van Martha Masina, die dogter van plaaswerkers, wat Egoli toe trek om van "Baas Piet" se uitbuiting en onmenslikheid te vlug. Sy wou 'n nuwe lewe begin en het in die stad werk as 'n huishulp gekry vir ses pond 'n maand. Haar verhaal gee mens 'n lewende insig in Johannesburg in die vyftigerjare.

In haar kantoor in die departement geskiedenis aan die Universiteit van die Witwatersrand vertel Callinicos meer oor hoe sy die geskiedenis benader - daar is geen sprake van 'n dooierige akademikus nie.

**Wat van die menigte ongeletterde mense?**

Die volgende stap móét oudio-visueel wees. Die meeste mense besit 'n radio - en dit moet 'n belangriker rol speel. Ons moet die werklike stemme van 'n spesifieke tydperk op radio kry.

**Die stemme van mense wat toe geleef het, of die stemme van akteurs?**

Altwee. Dit hang af van hoe ver jy teruggaan. Die verste wat ek teruggegaan het, was die twintigerjare toe ek die lewe van ou mynwerkers ondersoek het. Ek het na die liedjies van destyds gekyk en 'n paar in *Gold and Workers* opgeteken. Kultuur móét deurgeweef word in die herskrywing van geskiedenis.

**Sal die regering 'n rol in herskrywing moet speel?**

Ja, maar geskiedkundiges moet onafhanklik bly. Die regering sal finansieel moet help as herskrywing in die geheel aangepak word. Opvoeding vir volwassenes moet baie ernstig deur die regering opgeneem word, want elke mens is 'n geskiedkundige. Die meeste mense benodig net opleiding om sin van hul omgewing te maak.

**Hoe sal herskrywing aangepak moet word?**

Onderwys sal moet verander. Geskiedenis stel mense in staat om die menslike toestand te verstaan, om meegevoel met die gewone mens te kry. Dit kan jou ook leer om mense se optrede te begryp. Geskiedenis is 'n wisselwerking van struktuur, politieke ekonomie, geslag én ondervinding. Daarom móét die herskrywing van geskiedenis uit die gewone mens se oogpunt gedoen word.


**Wat van mondelinge geskiedenis?**

Dit móét opgeneem word. Hier kan radio weer 'n rol speel. En museums. Tot onlangs was museums maar droë, steriele plekke. Dit het ook nie mense se geskiedenis weerspieël nie. Daarom het min mense museums besoek. Maar museums kan die verlede fisiek herbou - byvoorbeeld 'n Doornfontein-agterplaas. Mense sal dit graag wil sien. Oudio-visuele materiaal kan beslis hier gebruik word. ■

## elkeen se oë kyk anders

**DIE** Suid-Afrikaanse geskiedenis word nou uit baie verskillende oogpunte herskryf - maar dis 'n goeie ding, sê Luli Callinicos. Daar is die gevaar dat een nasionalisme 'n ander sal vervang. Dat geskiedenis byvoorbeeld net uit die ANC se oogpunt gesien sal word. "My eerste twee boeke het ek uit die oogpunt van nasiebou geskryf." Maar as jy 'n Suid-Afrikaanse nasie wil bou, moet dit alle kulture omvat wat hier is, sê sy.

"*A Place in the City* is daarom uit 'n multi-kulturele oogpunt geskryf. Geskiedkundiges moet besef daar is talle kulturele identiteite, tale en gelowe wat uitdrukking moet kry - vakbonde en etniese verskille inkluis. Maar dié verskille kan baie skeppend gebruik word. Dit kan kritiese denke uitlok. Onderwysers kan hier 'n belangrike rol speel. Hulle kan al dié verskillende weergawes aan hul leerlinge oordra en dan vergelykings tref - so sal al die weersprekings na vore kom."




Marita Napier in Elektra ...

gaan die verhoog vervang word deur 'n videoband?

opera

# opera pleeg selfmoord op 'n hoë noot

deur henning viljoen

## wêreldwyd loop dié kunsvorm die gevaar om uit te sterf - want dit kos te veel

OPERALIEFHEBBERS het 'n beklemming om die hart: gaan dié uiters duur en ietwat elitistiese kunsvorm in die nuwe Suid-Afrika oorleef?

Van alle uitvoerende kunste is opera - die basterkuns tussen musiek, teater en ontwerp wat deur sommige as die hoogste kunsvorm beskou word - wêreldwyd 'n peperduur onderneming. Dis nie net Suid-Afrikaners wat vra of opera soos dit nou aangebied word, gaan oorleef nie. Veral in Europa en Engeland, waar dit ook deur die staat gesubsidieer word, word 'n ernstige debat gevoer oor die kwessie of dié kunsvorm die jaar 2000 gaan betree. In Amerika, waar opera deur private ondernemings geborg word (dis belastingaftrekbaar), is die geldnood vir produksies oënskynlik nog nie so hoog nie.

Herbert von Karajan het in die tagtigerjare voorspel opera gaan as lewende kunsvorm so duur word dat dit in die toekoms al hoe meer beperk sal word tot feeste, wat dan verder net op videoband en laserskyf in mense se woonkamers sal bly voortleef. Kyk 'n mens na die geldprobleme waarmee operateaters in Europa, Engeland en hier in Suid-Afrika worstel, lyk dit of Karajan se doemprofesie wel as 'n "Götterdämmerung" oor opera se voortbestaan hang.

In Suid-Afrika oorleef opera in Durban en Bloemfontein (met hul een of twee produksies per jaar) net danksy die Suid-Afrikaanse Lugdiens se borgskap. In Kaapstad woed 'n felle oorlewingstryd met die afdanking van die operasoliste en die kansellasie van sommige produksies. Truk moes vanjaar Maria Stuarda kanselleer. Dit lyk of Roodepoort darem 'n tweede asem gekry het danksy die medewerking met Truk - iets wat jare gelede al moes gebeur het.

IN ENGELAND VEG OPERA al jare lank om oorlewing - verskeie operateaters moes al sluit en operakaartjies word elke jaar duurder. By Covent Garden kos die duurste kaartjie vir 'n gewone opera R600 - en dit raak amper aan R1 000 as Domingo of Pavarotti een van die hoofrolle sing. Gewone mense kan dié pryse nie meer bekostig nie.

Al word die peperduur kaartjies vir die meeste uitvoerings by Covent Garden steeds uitverkoop - danksy maatskappye wat seisoenkaartjies ▶

koop en toeriste - was Covent Garden se verlies verlede jaar 3 miljoen pond. Die English National Opera se verlies is vanjaar opgestoot na 2,5 miljoen pond - alles geld wat uit die staatskas opgedok moet word.

Duitsland met sy 90 operateaters was tot dusver die wêreld se opera-paradys, maar die wêreldwye resessie word nou ook daar deeglik gevoel. Tot groot ontsteltenis van die meeste opera-liefhebbers weier die Duitse regering om die jaarlikse subsidie van 3,5 miljard Deutsche Mark te vergroot. (In Suid-Afrika vergelyk die R80 miljoen waarmee al vier die streekrade vir alle kunste - ballet, musiek, opera en teater - jaarliks gesubsidieer word, maar sleg met die R7 miljard wat vir opera alleen in Duitsland beskikbaar is.)

Götz Friederich, die hoof van die Deutsche Oper in Berlyn, sê reguit: "Indien die inperking van staatsfondse erger word, gaan die operateaters in Duitsland lewende lykhuise word."

WAAR Lê DIE PROBLEEM? Wat is dit wat van dié 400 jaar oue kunsvorm, bestaande uit sowat 60 000 partiture, so 'n onbekostigbare produk gemaak het?


Die probleem lê nie by die gewildheid nie-want die operasale is beslis nie leeg nie. Toe München ná 18 jaar in 1987 weer vir die eerste keer 'n volledige Ring-siklus van Wagner aanbied, was daar 20 000 aansoeke vir die 2 500 kaartjies wat per pos beskikbaar was - al het elke siklus R2 000 per kaartjie gekos. Vir die duisend kaartjies wat by die loket te koop was, het die geesdriftiges twee weke voor die tyd al begin toustaan. Vir Duitsers is dit elke jaar byna onmoontlik om kaartjies vir die Bayreuthfees te kry.

Die belangstelling is dus daar - maar vol sale is nie genoeg nie. In Frankfort moet die staat, selfs al is die huis uitverkoop teen R200 'n kaartjie, elke kaartjie met R640 subsidieer. Waar 'n teater soos Frankfort gewoonlik vir 10 maande elke aand 'n opera op die planke gebring het, was die huis in Oktober 1992 vir 13 aande gesluit, in Desember vir 16, en Februarie en Maart vanjaar elk vir 17 aande.

Die operahoof het hom só teen die grimmige operapubliek se kritiek verweer: "Elke aand wat ons nie uitvoer nie spaar ons geld, want die bedryfskoste oorskry die inkomste per aand te ver."

Wie se skuld is die hoë bedryfskoste? 'n Groot deel daarvan is die kunstenaarsfooie wat deur die platemaatskappye se wedywering om kontrakte die hoogte in skiet. Gewone fooie vir sangers in Duitsland is tussen 5 000 en 8 000 mark per aand. Die Amerikaanse sopraan Cheryl Studer is byvoorbeeld tot einde verlede jaar nog 15 000 mark (R30 000) per aand betaal. Ná al haar onlangse plaatopnames wil elke operateater haar hê en is haar fooi vir die nuwe seisoen vanaf September 32 000 mark (R64 000) per uitvoering in München. En mega-sterre soos Domingo en Pavarotti se fooie het byna geen grense nie.

Verder is daar die regisseurs en ontwerpers se fantasievlugte wat nie finansiële grense ken nie. Die dekor en kostuums vir die nuwe Ring-produksie in München in 1987 het 7,8 miljoen mark gekos met 'n gemiddelde koste van byna R12 000 vir elk van die 188 kostuums. In Stuttgart het die ontwerper Jurgen Rose daarop aangedring dat al die kostuums by La Scala gemaak moet word, "want hulle maak sulke mooi some."



**Met opera-kaartjies wat al duurder word, moet lewende opera oppas om nie permanent uit die mark geprys te word nie**

IN SUID-AFRIKA HET ons by Truk in die Neels Hansen-era ook nie ontkom aan dié baldadige oordaad in die produksies nie. Produksies waarin alles net op die visuele spektakel ingestel is sonder dat daar iets van die musiek of die opera te reg kom - omdat daar nie meer geld vir goeie sangers en/of dirigente beskikbaar is nie.

Met opera-kaartjies wat al duurder word, moet lewende opera oppas om nie permanent uit die mark geprys te word nie. In Duitsland, waar jy van R50 tot R200 vir 'n gewone opvoering van "Traviata" sonder 'n sterre-rolverdeling by een van die staatsteaters betaal, kan jy die volledige opera met die beste sangers vir R130 op CD koop. Operagangers begin daarom deesdae goed nadink of 'n lewende uitvoering sonder top-kunstenaars die geld werd is, en of mens nie liewer in die CD moet belê nie.

In Suid-Afrika, waar die opera ook 'n geldnood ervaar, het die Roodepoortse Stadsopera in die Mozartjaar gewys dit is wel moontlik om met 'n skamele R2 miljoen en groot "begeestering" 5 operas, 15 simfoniekonserte en 19 kamermusiekkonserte op die planke te bring. Dan wonder 'n mens net waar vloei al die geld van die streekrade heen - veral in Durban en Bloemfontein, waar daar op opera-gebied byna niks aangaan nie.

Die bywoning van Truk se "Idomeneo" so pas en daarna die gesamentlike produksie van "Die Fledermaus" deur die Pretoriase Technikon, Roodepoort en Truk het gewys die genot van 'n opera hoef nie noodwendig by die meer professionele en duur uitvoering te lê nie. "Idomeneo" was 'n uiters lang en vervelige aand - 'n derde van die gehoor het op die openingsaand ná die eerste bedryf geloop. Ten spyte van al die rasionaliserings in die programaantekeninge, is "Idomeneo" nêrens ter wêreld 'n gewilde opera nie. Waarom moet dit opgevoer word in Suid-Afrika, wat nie juis 'n operaland is nie? Wie se ego-trip is op die spel?

Daarenteen was "Die Fledermaus" 'n uiters genotvolle aand met die ontdekking van die rykdom aan nuwe sangtalent en die geesdrif waarmee gemusiseer is. Musikale genot en opwinding is waarom dit op die ou end gaan.

GAAN OPERA IN Suid-Afrika oorleef? Dit help nie om al die kultuurpaleise met 'n groot administratiewe personeel te hê - en die produk waarom dit móét gaan, die lewende uitvoering, word nie gelewer nie.

Kruik het byvoorbeeld vroeër vanjaar die opera-soliste ontslaan, maar daarna 'n nuwe administratiewe direkteur vir musiekblyspele aangestel. Hoekom kon die operadirekteur dit nie behartig nie, want soveel operas word daar tog nie in die Kaap gedoen nie? As jy kyk hoe min operas, ballet en teater aangebied word, is dit werklik nodig dat elke afdeling sy skakel- en reklameafdeling het?

Deeglike besinning is ook nodig oor die operas wat opgevoer word omdat Suid-Afrika nie werklik 'n operaland is nie. Met die geldnood is dit beslis nie nou die tyd vir esoteriese operas soos "Peter Grimes" (vroeër vanjaar by Kruik) en "Idomeneo" (Truk) nie - veral nie waar Truk die laaste twee dekades nie een van Mozart se meer gewilde operas soos "Die Entführung aus dem Serail", "Cosi fan Tutte" of "Don Giovanni" opgevoer het nie.

Hoekom word operakonserte nie meer oorweeg nie? Dit kan baie aan repitisietyd en produksiekoste bespaar.

Méér Suid-Afrikaanse sangers en dirigente behoort gebruik te word - eerder as die derderangse talent wat te geredelik van oorsee ingevoer word. Hier is veral Truk die laaste paar jaar 'n groot skuldige, soos duidelik blyk uit hoe min van die sangers wat Truk gebruik vir die jaarlikse Nederburg-operaprys in aanmerking kan kom - en dis nie asof daar lofliefdere oor die ingevoerde sangers gesing kan word nie. Die plaaslike talent is daar, dit moet net na behore ontgin en gebruik word. Waarom moes Kruik vir "Peter Grimes" 'n regisseur van buite kry, terwyl daar drie operaregisseurs in hul diens is?

Baie geld kan ook gespaar word met die uitspattige programme. Kyk bietjie hoe lyk die programme van die Weense Staatsopera en die Deutsche Oper Berlin, wie se eenvoudige, maar smaaklike ontwerp die laaste dekade dieselfde gebly het.

As wêreldwyd besin word, en as die kunsvorm eerder as ego's en geldsug vooropgestel word, kan opera as lewende kuns hopelik oorleef - en Karajan se profesie besweer. ■

# ons kla ons die afgrond in

## en ons kyk die gevolge mis



Baie Suid-Afrikaners is mismoedig - maar depressie is 'n ander ding, skryf **MARTIE MEIRING**

OMDAT mismoedigheid 'n algemene tafelgesprek is, kry dit sy eie momentum - en daarmee groei gerugte oor hóé uitsigloos die toekoms is, en watter vreeslike ellende ons te wagte is. Ons praat ons in 'n "depressie" in, ons praat selfs van NASIONALE depressie. Ons ontwikkel 'n lekker jargon: ons sê ons is 'n siek samelewing.

So diagnoseer ons onsself - 'n speletjie wat ongelukkig uitrimpel en tragiese gevolge meebring.

Selfs sielkundiges sê ons is 'n siek samelewing, maar met emosionele krankemente eerder as liggaamlike. Ons het 'n politieke stelsel geskep wat sy parameters tussen wit vrees en swart haat uitgekristalliseer het. Maar tussen dié uiterste emosies is dit hoofsaaklik onsekerheid wat die botoon voer. Ons erken dat ons in 'n gewelddadige wêreld woon. Daagliks verneem ons van mense wat in stamgevegte, op treine, in wilde skietery sterf. Ons hoor dat een uit elke twee vroue in ons leeftyd verkrag sal word.

Ons ken al hoe meer mense wat hul werk verloor het en nie weer werk kan kry nie.

Ons koop doringdraad vir ekstra omheining, ons sluit hekke, ons glo ons kinders het nie 'n toekoms waar werk en skuiling gewaarborg word nie.

Ons het ons al in 'n donker gat ingepraat en teen R100 per uur soek ons raad by sielkundiges.

HIERDIE "SKEET" is nie depressie nie. Gerieflikheidshalwe praat selfs sielkundiges ook van "depressie" as hulle erge mismoedigheid bedoel. Dis eintlik eerder 'n geestestoestand as geestesversteuring, dié ellendigheid wat mense ondervind.

Werklike depressie is 'n biologiese toestand en dit word as major-depressie met melancholie en ook endogene depressie getipeer. Stres kan 'n produktiewe verskynsel wees want dit kan kreatiwiteit of konsentrasie meebring, maar voortdurende stres kan op die lange duur in neerslagtigheid oorslaan en uiteindelik kan volgehoue neerslagtigheid 'n psigiater se oë oopmaak vir onderliggende, of oorerflike faktore wat begin tel, soos chemiese wanbalans.

Terwyl ons dan nou smartvrate word en drogbeelde vir die toekoms optower, is ons ook besig om slagoffers te skep - mense wat nie die "weelde" van sitkamermismoedigheid kan "geniet" nie - ons kinders, en, vreemd genoeg, die polisie.

Kinders wat nie ten volle die neerslagtigheid van hul ouers kan begryp nie, maar op 'n ongedefinieerde manier aan onsekerheid, swartgalligheid blootgestel word; en die polisie wat tegelyk ons beskermers en slaansakke is.

Selfmoord, veral onder polisie, en 'n waarneembare toename in kinderdepressiwiteit spits nou 'n verontrustende maatskaplike verskynsel.

## SELFMOORD IN DIE GENE?

**SELFMOORD** is nie noodwendig die willekeurige uitvloeisel van depressie nie. Navorsing wys 'n besliste genetiese komponent is betrokke. Selfmoordneigings kom in families voor en daar is aanduidings dat aktiewe aggressiewe selfmoordgevalle 'n verandering in hul serebro-spinale vog het. Die rugmurgvog wys 'n tekort aan sekere oordragstowwe. Dit is 'n biologiese aanduiding, maar dit stem ook ooreen met sekere ander rigtingwysers soos aggressie.

## DIE DIENSPISTOOL AS UITWEG



DIE hoogste selfmoordsyfer onder polisiemagte ter wêreld word onder die Suid-Afrikaanse polisie gevind. Terwyl 5 uit elke 100 000 gewone mense in Suid-Afrika selfmoord pleeg, pleeg 65 polisiemanne uit 100 000 die wanhoopsdaad. Verlede jaar was 50 persent van die selfmoorde onder swart konstabels, 39 persent onder wittes, 6 persent bruin en 5 persent Asiërs.

Nou staan sielkundiges 24 uur per dag gereed vir dié polisiemanne wat hulp soek. Brig Kobus Truter, hoof van die polisie se Instituut vir Gedragswetenskappe, sê ▶

▶ 98 persent van die polisiemanne pleeg selfmoord met hul dienspistool: dit wys hul voornemens is ernstig, dit gaan nie bloot oor aandag trek nie.

Depressie word wel aanvaar as die aanleidende oorsaak. Polisiemanne wat, hoewel deeglik gekeur, tog jonk is wanneer hulle aansluit, moet in die huidige geweldsvlaag in die spervuur staan tussen linksradikale en regsradikale. Die gedurige druk en die tekort aan polisiemanne plaas sulke buitengewone druk op hulle dat 154 mense verlede jaar psigiatries ongeskik gevind is vir die mag.

DIE KWAAISTE druk is op swart polisiemanne, sê Truter. Hulle doen diens waar hulle woon - in die stemming van haat en vrees. Daar's geen wegkomkans uit dié omgewing vir hulle nie.

Wit polisiemanne gaan saans uit die townships na huise waar daar minder stres is. Swart polisiemanne moet die ope veragting van hul bure verduur; hul kinders word "gebrandmerk"; hul vroue moet óf skoolhou en die wrokkigheid van die skoolkinders vat óf hulle moet in die winkels die snedighede van ander mense verduur.

Post-traumatiese stres tref al hoe meer polisiemanne. Eers maande ná 'n besondere spanningstyd begin die simptome. Die polisieman word depressief, hy verloor belangstelling in sy werk, in sy huis, sy seksdrif verminder, hy kry nagmerries en verloor alle selfvertroue.

Die "selfmoordmaande" onder polisiemanne is Februarie, September en Desember. Truter meen Februarie kan ekstra geldprobleme meebring met die einde van die finansiële jaar, September begin die lente en die jonger manne sien hul landgenote opgeruimd raak en in Desember gebeur dieselfde - ander mense mag jolig raak, maar die polisieman kan dit nie in sy dagure word nie.

Polisiemanne self sê ook stres word veroorsaak deur mense se houding teenoor hulle. Dikwels word hulle as die vyand gesien, eerder as die vriend wat hulle veronderstel is om te wees. ■

# kinders ly ongesiens

**B**AIE meer kinders ly aan depressie as wat die meeste mense besef, sê dr Gertie Pretorius, senior sielkundige by die RAU se Instituut vir Kinder- en Volwasseneleiding.

Pretorius meen dié verskynsel word baie keer nie opgemerk nie omdat depressie by kinders dikwels met ander simptome manifesteer as by volwassenes. By kinders onder 9 kan 'n mens dit byvoorbeeld waarneem as bed natmaak, broek vuilmaak en ernstige masturbasie.

Die simptome by kinders tussen 9 en 12 jaar behels gewoonlik die toon van ontoepaslike emosie: hulle lag byvoorbeeld oor iets wat eintlik hartseer of tragies is en huil oor dinge wat eintlik snaaks is. Dié kinders ly gewoonlik ook aan aanhoudende moegheid en ouer kinders sê dikwels hulle wil nie skool toe gaan nie.

Pretorius sê die meeste van die ouers wat hul kinders nou al hoe meer vir terapie bring, is self so vasgevang in hul eie vrese vir die toekoms dat hulle nie ag slaan op hul kinders se emosionele toestand nie. Hulle besef gewoonlik eers hoe erg die situasie is as die kind probeer selfmoord pleeg of hul akademiese prestasie drasties versleg.

Pretorius sê daar is 'n oorsaaklike verband tussen depressie en selfmoord by kinders. "Veral by kinders wat aan ernstige depressie ly. Hulle beland gewoonlik ná 'n selfmoordpoging in my spreekkamer. Maar hoeveel kinders daar buite ly nie ook aan ernstige depressie en word maar uiteindelik vanself beter nie?"

As depressie en selfmoord by kinders beslis hand aan hand gaan, lyk die prentjie nie so erg as by die polisiemanne nie. Volgens die jongste beskikbare statistiek van die Sentrale Statistiekdiens in Pretoria, het 1 700 mense in 1991 selfmoord gepleeg. (Hiervan was interessant genoeg 1 354 mans en net 346 vroue.) 166 kinders tussen die ouderdom van 10 en 19 het in 1991 selfmoord gepleeg. Hiervan was 25 kinders tussen 10 en 14 jaar oud (17 seuns en 8 dogters) en 141 kinders tussen 15 en 19-jarige ouderdom (106 seuns en 35 dogters).

**MAAR HOEKOM IS** kinders so depressief dat hulle nie meer wil leef nie? Pretorius sê buiten 'n groot klomp faktore, speel onsekerheid oor die toekoms en bekommernis oor landsgebeure 'n al hoe groter rol.

Al hoe meer kinders spreek kommer uit oor die klimaat in die land. Hulle weet nie onder watter tipe skoolstelsel hulle sal skoolgaan nie, veral as hul ouers dit nie kan bekostig om hulle na Model C-skole te stuur nie. Hulle is ook bekommerd of hulle eendag werk sal kan kry, waar hulle geld vandaan sal kan kry om te leef en wat van hulle gaan word.

Dié faktore word gewoonlik erger in eksamentye, wanneer die kinders onder meer spanning en druk verkeer.

Maak ras, geslag, taal of sosio-ekonomiese agtergrond 'n verskil in die depressiewe profiel?

Pretorius sê daar is geen statistieke of spesifieke navorsing beskikbaar wat lig hierop kan werp nie. Sy meen alle kinders is vatbaar.

Maar sy gee huiwerig haar persoonlike mening dat "meer bedreigde kinders" vandag meer geneig sal wees om depressief te raak. Dít is kinders wat 'n groter onsekerheid voel oor die toekoms, dalk omdat hul ouers nie kan bekostig om hulle na

## gevaartekens

**OUERS** wat bekommerd is dat hulle kinders dalk depressief is, moet let op dié tekens of simptome:

Enige verandering in die kind se slaap- en eetpatrone; 'n toename in masturbasie; skielike afname in akademiese prestasie; en as die kind haar- of homself al hoe meer begin afsonder.

Dié faktore is dikwels van die mees opsigtelike waarskuwingstekens dat alles nie pluis is nie, sê die sielkundige dr Gertie Pretorius. Maar, waarsku sy, ouers moet probeer vasstel of die kind werklik depressief is en nie dalk net manipulerend is nie. Dié tipe gedrag kan egter dikwels eers uitgeken word ná deeglike kliniese waarneming en evaluering.

Navorsing deur Louis Kirstein, Esma Anderson, Martie Meiring en Annalize van Rooyen


daar's net twee soorte mense,
sê **ANTJIE KROG**,
en jy ken hul aan hul comics


# watter soort mens is jy: 'n kuifie *of* 'n asterix?

DAAR is twee groepe mense: dié wat Kuifie lees en dié wat Asterix lees. Heel weinig mense hou van albei.

Ek is in die Kuifie-kamp. Die gelyklopige verhale van Asterix wat altyd ná 'n towerdrankie die onmoontlike kan regkry, se sotte woordspeletjies interesseer gewoonlik net persone wat Latyn geneem het. Hoe kan 'n mens dan ook die logge, omvangryke Obelix met sy fiksasie op geroosterde wildevark in dieselfde asem noem as die bontgeskakeerde Kaptein Sardyn?

Kuifie is ons gesin se held - 'n onopvallende skraletjie, 'n joernalis wat jy in al die boeke slegs eenmaal sien skryf. Kuifie is die gewone, passiewe janalleman. Aan sy sy is die hartstogtelike Sardyn bedeeld met 'n durende dop en 'n verwoestende woordeskat. Hy is soms gewelddadig, soms swak, maar uiteraard, altyd beskonke. Hy wil die goeie, maar die kleurvolle kwade staan hom by. Kuifie en Sardyn is op reis, onderweg, op pad, en bevind hulle onverwags op plekke waar vreemde paddastoele opskiet, in grieselstate waaruit slegs die intelligente besinning en weiering om jou om die bos te laat lei, uiteindelik 'n uitbreekkans bied. In eenlynige tekeninge en kragtige taal is Kuifieboeklees soos om 'n entjie in 'n goedgemaakte motor te ry - jy kan vir 'n hele ruk vergeet van jou afskuwelike middelbare skool en jou saaie ouerhuis. Dit is dus vanselfsprekend dat Kuifie hom sal bevind in *Bitterkomix twee* - al is dit met 'n paar koddige knaterjies sigbaar as hy uit die bed spring tydens, van alle dinge, 'n drugraid deur Uys en Buys.




"Vir die emosioneel armoediges" het dit voorop gestaan. In die gedempte Exclusives in Stuttafords, tussen al die swierige kleurcomics was die byna kru, swart-en-wit tydskriffie 'n anachronisme. Ek het my eerste *Bitterkomix* gekoop en die ekstra sekonde se staar van die dunlippige verkoopsman het dit dubbel die moeite werd gemaak.

Die twee stripboekies begin al hoe meer lyk na deel van die protes aangeteken deur die jeug in die vroeë negentigerjare saam met klipgooi, marsjeer en brandsteek. In Afrikaans is dit die heel enigste, die totale geheel van protes, saam met dan en wan 'n glinsterende brief in *Vrye Weekblad*. ▶








LINKS: Kuifie se avonture deur Hergé word o.a. uitgegee deur Mammoth.

REGS: Asterix se avonture deur Goscinny en Uderzo word o.a. uitgegee deur Hodder Dargaud

*I Love the country*
*But I can't stand the scene...*

sing Leonard Cohen op sy jongste plaat. Ons ook. Maar niemand vat die scene aan nie. Behalwe dié twee kontrasterende honde: soos die massiewe vuis van 'n dikgespierde bokser teen die Christelike Nasionale onderwyser ontplof met 'n Vatso Barries! bliksem die twee ons strukture deurmekaar as inkteater.




Uit Bitterkomix 2 deur CH Botes en A Kannemeyer.

Elke raampie is 'n soort doodsberig: dit is ek; dit sien ek; dit beveg ek; dit oorleef ek. Gekonsentreerde informasie word met eenvoudige kodes en min woorde oorgedra. Bittergal op sy paalkrans voor die Drie Susters met 'n sakkie Zen aan sy touleer, sy AK 47 wat van alle geluide sabakka, sabakka skiet, die demokratisering van Afrikaans wanneer Lampman se volgelinge swart Afrikaans praat of die karakter in Suidoos-Kaaps. Die deurmekaarklits van kodes lei tot spanninge wat soos sweephoue uit die verhale val: die onderwyser met die Hitlersnorretjie, Bittergal as stigterslid van die ANC ingeteken op die beroemde foto, maar wat later aangeval word deur die vlieënde Koos Malgas met sy fesagtige kopstut, Frikkie Willemse wat na die duisende lampies lig 'n donkerbril opsit wat eggo's oproep van 'n skrywer wat werklik met lig doenig was.

BITTERKOMIX IS DUS nie 'n deftige motor nie. Die leser loop te poot - reeds goed opgefobia deur Afrikanerparanoïa en groeperingsmania loop hy bevrees en weerloos, soos Kuifie loop hy, hoewel 'n mens, kan hy byna net aan eenkeer in sy lewe dink waarin hy geméns het. Saam met die pimp, die skoolseun met sy bewende hande op die lessenaar word ons weerloosheid uitgebeeld teen aggressie en domheid. Soos in Kuifie wys *Bitterkomix* die enigste uitweg na die intelligente analise is die kernagtige, verwoestende woordeskat en díe chaotiese instommeling in sorgvuldige, patriargale beplannings. Wanneer die menacing skaduwee in die oop deur val, peul ineens honderde lampies by die weerloses uit, kan massiewe vuiste met lapsteke geteken word wat alle monsters kan moer. Bevry kan jy fraaitjies nog invoeg: met liefde.

Saam met Kaptein Sardyn lig 'n mens graag 'n glas whiskey op *Bitterkomix*: ellendige erdwurms, snortorre, kolporteurs, bloedhonde, skuiwergate, poelpetate, artisjokke, erdvarke, filloksera, katalisators, bitterboelas, brollokse, kaktusse, silogismes... overgeset synde: doe zo voort... overgeset synde... fok hulle op. ■

(Geplunder uit verskeie artikels en ervarings.)




Seks word getemper, maar geweld is aanvaarbaar in die Japanse manga (comics). Hier speel die stoute dogtertjie Dynamite Flower sonder toestemming met haar pa se robot-vegters.

# 'Fugya!'

## skree die katte in Japannees

### die Japanners koop méér comics as toiletpapier

deur william pretorius




**AS** jy dink Batman, The Teenage Mutant Ninja Turtles en The X-Men is mega-verkopers in die comics-wêreld, het jy dit mis. Hulle word verbygesteek deur manga, die Japannese woord vir comics, met titels soos Akira, Silent Mobius en Ranma 1/2, sê die manga-geesdriftige Frank E Bailey.

Dié comics is nou vir die eerste keer in Suid-Afrika beskikbaar, spesiaal ingevoer deur die spesialis-boekwinkel Fantamania in Norwood, Johannesburg.



In Japan is manga 'n lewenswyse. Daar is mangas oor elke denkbare onderwerp vir almal - van verpleegsters, witboordjiewerkers en vroegryp kinders tot musiekgeesdriftiges. Die Japanse samelewing is vandag gevul met comic-beelde - en historici wys op sterk ooreenkomste tussen die hedendaagse comics en antieke godsdienstige en satiriese dokumente.

In 1984 het 27 persent van Japan se fiksie-publikasies uit comics bestaan. Die land gebruik meer papier vir comics as vir toiletpapier.


Die Westerse invloed op manga het toegeneem, maar superhelde soos Superman en Spiderman is nie baie gewild nie. Die grootste invloed kom van ouer strokiesprente soos The Katzenjammer Kids en Bringing Up Father.

Manga, hoogs gewild in Amerika sedert 1987, het verkies om eie temas en artistieke style te ontwikkel - dikwels op maniere wat Westerse lesers dronkslaan. 'n Ballon van slym wat uit 'n neus kom, wys byvoorbeeld dat 'n karakter slaap. Word die afstand tussen die neus en die lippe verleng, wys dit dié mens het wellustige gedagtes. Spuit daar bloed uit die neus, is die karakter seksueel opgewek.

**DIE "KLANK-EFFEKTE"** verskil ook van die Westerse comics. Ritssluiters wat oopgetrek word, maak "cha", kermende katte skree "Fugya!"

Die gebruik van Engelse frases het soms 'n bisar onsinnige effek, en vul soms die verhaal aan met 'n zen-agtige stelling.






Geweld is aanvaarbaar in manga, al het Japan een van die laagste misdaadsyfers ter wêreld. Seks word getemper: skaamhare, realistiese uitbeeldings van volwasse geslagsorgane en eksplisiete seks word oor die algemeen vermy weens aanklagte dat dit die "openbare moraliteit" kan korrumpeer. Artikel 175 van die Japanse strafwetboek is egter verouderd en op pad om geskrap te word.

Tot dusver, sê Bailey, moes Suid-Afrikaanse manga-aanhangers taamlik rondsoek in comic- en video-winkels, waar hulle - as hulle gelukkig was - verwaterde vertalings of "knol-weergawes" kon kry.

● As jy die ware Jakob soek, skryf aan Fantamania, 38 Grantweg, Norwood, Johannesburg; of aan Posbus 28854, Sandringham 2131. Die telefoonnommer is (011) 483-3220 en die faksnommer (011) 483-3221. Die vereniging Japanese Animation Network het inligting oor geanimeerde Japannese video's en manga. As jy meer wil weet, bel Frank Bailey by (011) 682-2687 of Dylan by 648-0204.




FOTO: SALLY SHORKEND

# die man met die takserende blik

## stephan welz kan jou sê wat jy werd is

deur louis kirstein

STEPHAN WELZ is soos 'n casino-croupier. Hy sien hoe mense se wildste drome waar word en hy sien hoe hul lugkastele verpletter word. En hy geniet dit.

En as jy verwag dat die huis en die kantoor van dié bekende afslaer en aanbieder van *Trommel* (elke Saterdag op GMSA) vol waardevolle kunsskatte moet staan, het jy dit mis.

Welz is geen formele versamelaar nie. Hy koop wat vir hom mooi en van sentimentele waarde is, sê hy. As hy van die buiteland terugkeer, het hy ook maar 'n klomp "robbies" gekoop waarvoor hy hom later skaam. Sy kinders het hom selfs al gesê hy moenie vra dat sy boedel opgeveil word nie - hulle sal hulle te veel skaam vir dit wat in die huis is.

As seun van die skilder Jean Welz en 'n ma wat oudhede verkoop het, is hy as 't ware in die kunste ingebore, spot hy. Maar die jonge Welz wou nie kunstenaar word nie. Hy wou 'n bedryfsielkundige word - en het reeds as een gewerk toe Sotheby's hom nader om deeltyds met hul veilings te help. Kort voor lank het hy heeltyds vir Sotheby's gewerk. "Daar is minder moeite en veel minder stakings."

Vandag is hy baas van Stephan Welz & Kie (in medewerking met Sotheby's), met 'n deftige hoofkantoor in Rosebank, Johannesburg.

Om kosbaarhede onverwags te ontdek, is vir hom 'n groot plesier. Een waardevolle Kaapse silwer suikerpot in 'n huis vol waardelose huisraad maak al die gesoek die moeite werd, sê hy.

As afslaer sien hy elke dag meer as 200 stukke. Wanneer hy opnames vir *Trommel* maak, sien hy amper 400 stukke.

"Die probleem met Suid-Afrikaners," sê Welz, "is dat hulle nie blootgestel is aan oudhede nie. Dit is eers die laaste twintig jaar dat hulle by oudhede betrokke raak. As 'n volk in 'n stryd om ekonomiese oorlewing gewikkel is, is daar nie tyd om aan die fynere dinge van die lewe aandag te gee nie.

"Dit was maar meestal die Jode en Engelse wat met 'n geskiedenis van versamel na Suid-Afrika gekom het. Dit is waarom die meeste versamelings in ons museums deur Jode of Engelse geskenk is.

"Daar is egter 'n nuwe bewussyn by Afrikaners," meen Welz. "Sedert hulle die laaste jare hul merk op professionele vlak maak en geld maak,

begin hulle ook versamel. Die meeste van hulle het deur 'n klein burgerystadium gegaan waar die drie Mercs op die grasperk belangrik was. Dit was 'n belangrike fase waar hulle mense nageboots het en dinge gekoop het wat hulle dink status meebring.

"Maar ek kom agter hulle is een stap verder. Hulle het nou die selfvertroue om te sê te hel daarmee. My erfenis is stinkhoutmeubels en klaar.

"Ek sien ook hoe baie mense weer na die lokasies gaan om die meubels te gaan haal wat hul ouma en ouers aan die bediendes gegee het. Mense keer weer terug na die tweevertrek-huisies en geskropte tafels.

"Die stadsafrikaner is nie meer die Afrikaner in die sin van hoe Constand Viljoen hom wil hê nie. Die stadsafrikaner het sy eie identiteit en sekuriteit. Hy het vrese, maar dit is nie oor sy toekoms of voortbestaan nie. Hy is 'n wêreldburger en tree so op. Dit word ook in sy versameling weerspieël.

WELZ SE REISE deur die land vir *Trommel* is nie heeltemal so met verrassings besaai soos dit dalk in die program lyk nie.

"Amper 90 persent van die oudhede wat ek op een dorp in Suid-Afrika sien, sien ek weer op die volgende dorp," sê hy. "Maar 'n mens moet nice wees met mense. Hulle doen die moeite om 100 kilometer ver te ry met oupa se Bybel van 1780 onder die arm.

"Die probleem is dat hy dalk die oudste Bybel op Pofadder het - en dat almal, die predikant inkluis, eufories daaroor is. Dan wil hy jou nie glo as jy vir hom sê die staatsargief wil nie meer Bybels aanvaar nie."

Maar dit gebeur nie net op die platteland nie, sê hy. 'n Paar jaar gelede het 'n kabinetsminister hom gevra om te kom kyk na 'n lessenaar wat selfs 'n spesiale laaitjie het waar sy Franse voorouers glo die Calvinistiese Bybel kon wegsteek.

"Dit was 'n negentiende-eeuse Victoriaanse dobbeltafel. Die laaitjie vir die Bybel was die plek waar die kaarte en dobbelstukke weggesteek is," sê Welz. "Ek is seker die man het tot sy dood nie geglo wat ek hom vertel het nie.

"Baie mense bou 'n fantasie op oor 'n sekere voorwerp soos 'n skildery. Al hul vriende maak mooi geluide daaroor en die eienaar begin in sy eie droom leef. Dan kom jy en kraak sy hele droom af in een sekonde."

Vir *Trommel* kies hy 'n mengsel van voorwerpe. Veral dié met 'n menslike storie. Dit help nie om 'n Pierneef te gebruik nie. Almal weet wat 'n Pierneef werd is. "Ek soek die tannie wat gedink het haar glasbekertjie is net R10 werd. Maar ek soek ook die vrou wat gedink het haar horlosie is R20 000 werd. Dit is soos dobbel vir die mense. Hulle weet nie wat hulle inbring nie. Dalk loop hulle met 'n R20 000 bate weg.

"Ander kere hoop jy jou bankbestuurder het nie die program gesien nie, want jy het hom dalk laat verstaan die horlosie is méér werd as wat dit werklik is. Suid-Afrikaners kan nie onderskei tussen werklike waarde en kuriositeitswaarde nie. 'n Stuk boerewors uit die konsentrasiekamp is lekker om oor te gesels - maar niemand gaan vir jou geld daarvoor gee nie."

DIE KUNS HET ook sy modes wat met elke geslag wissel, sê Welz. "Die jongste is versamelaars wat weer die jukebox en ander voorwerpe van die vyftigerjare afstof. My generasie het die glaskastele gebou. Die volgende generasie is besig met die post-modernisme. Maar mense moet dít versamel wat deel van die era is. Hulle moet nie nagemaakte voorwerpe koop nie.

"En koop waarvan jy hou," waarsku Welz. "Suid-Afrikaners koop te veel met hul ore - en nie met hul oë nie. Eers nadat jy gekoop het, kan jy 'n versameling uitbrei soos jou kennis groei. In Suid-Afrika kan versamelaars nog goedkoop oudhede by winkels koop. Dit is onmoontlik vir handelaars om te spesialiseer. As mense 'n kennis opgebou het oor 'n sekere era, weet hulle in 99 persent van die gevalle meer as die handelaar. Dit kan nie in Londen gebeur nie - daar spesialiseer almal."


En sy eie voorliefde in kuns? Volkskuns, sê Welz. "Dié mens het dit vir homself gedoen - en nie vir die geldelike waarde daarvan nie.■

# enige tv-junkie se droom

deur louis kirstein

**MOTORFIETS-BOFFINS** bederf hulself met die jongste Harley Davidson. Ander mense-met-spaargeld skaf 'n ou MG of Austin Healy aan en restoureer dit liefderyk. Maar wat maak jy as jy 'n TV-slaaf is en jy het so 'n ekstra R50 000 wat rondlê?

Hier is die antwoord: Die nuwe 86 cm Sony KV 3400 V2 met afstandbeheer en 'n Echo Star satellietskottel.



(Pasop net dat die gogga jou nie byt nie, want voor jy jou oë uitvee, het jy dalk jou eie ouditorium gebou met die regte akoestiek, beligting en vibrerende Lazy Boy-stoele van egte leer.)

Met die Sony KV 3400 V2 (net R19 000) se hoë definisiebeeld van 650 lyne op die skerm - drie maal meer as wat die "gewone" TV het - voel dit vir jou asof jy reg binne-in die wêreld van jou gunstelingsepie ingeruk word.

Die Sony het 'n multi-ontvangstelsel, wat beteken dat hy in enige deel van die wêreld in 'n sitkamer kan staan en die plaaslike kanaal kan opvang. Iets wat nie moontlik is met die huidige PAL-I stel wat nou jou sitkamer versier nie.

Sy stereo-luidsprekers kan afgehaal en só neergesit word dat jy die beste klank moontlik hoor. Maar as jy nog spaargeld het, is dit nie nodig nie - jy kan jou TV en videomasjien regstreeks verbind met jou Pro Logic klankversterker en luidsprekers van R11 000 wat M-Net se rockkonserte werklik sal laat lewe kry.

Wat jou TV so 'n "ietsie" beter maak, is sy digitale effekte. Uit jou leunstoel kan jy die aksie vir 'n oomblik laat stilstaan of raampie vir raampie laat gebeur. Jy kan selfs kies teen watter spoed dit moet gebeur. Sonder 'n videospeler.

En as jy wil sien wat op M-Net aangaan sonder om die aksie van Ballade vir 'n Enkeling te mis, verdeel jy eenvoudig jou skerm in twee. Of selfs beter. Jy hou al die kanale gelyk dop. Die stel gee jou 'n 51 cm beeld in die een hoek en wys jou wat op tot sewe ander kanale gebeur. Op die koop toe kry jy Teledata ook met dié stel.

Aan die agterkant kan jy drie videospelers of drie ander televisiestelle inprop. Dit is nou net langs die plek waar jy jou Echo Star satellietskottel inprop. Teen R11 500 vir 'n skottel met 'n deursnee van 3,9 meter het jy skielik toegang tot die wêreld se TV-kanale. 'n Dekodeerder kos tussen R800 en R1 000.

Maar al die programme gaan nie veel beteken as jy dit nie kan bêre en later weer daarna kan kyk nie. Hiervoor het jy 'n videospeler nodig wat met die televisie en die satellietskottel verenigbaar is. Soos die Sony SLV-X800MN/MI vir R5 500.

Met sy hi-fi stereoklank en oorklankingsgerief kan jy nou uiteindelik daardie tuisvideo van jou Staffies maak waarvan jy al so lank droom. Dit is nou as jy die Sony CCD 805 videokamera het wat jou maar net 'n verdere R9 000 uit jou sak gaan jaag. Jy kan boonop jou Staffies se tjank in 'n leeu se gebrul verander - want met die oorklankingsgerief kan jy al die agtergrondgeluide uitskakel en jou eie klankbaan bysit.

● Al dié toerusting is beskikbaar by Stans in Eastgate, Johannesburg.

# vrouefront

## los die ladies vir die nag, generaal

deur sus strydom

IN die politiek is die ongeskrewe, maar afdwingbare, reël: vroue betaal nie vir hul eie drankies nie, hulle was ook nie die glase daarna nie, en hulle het volle sitting in alle strukture van partye\organisasies\bewegings\fronte.

Nou waar val die AFV, generaal Constand Viljoen, die Terrible Blanx en sy Vet Vroueklappers dan van die wa?



Volgens die ooggetuie Thinus Prinsloo van *Beeld* tydens die Regse Inval nou wanneer by die World Trade Centre sou die Groot Karwats, die nimlike Terrible Blanx, om 12.15 sy jollie morsjorse gebied het om die onderhandelingskamer te verlaat, op te hou skade aanrig én die vroue moet die plek opruim. I ask you.

Self kèn Sus nie juis sulke kakie-vrouens nie, maar my netwerk het begin rondvra. Het daardie vroue in hul combatdrag miskien gehoor gegee aan die Leier? Reken, nie een positiewe antwoord van enige mens wat 'n kakie-vrou met 'n besem gesien het nie!

Beteken dit die gender issue brand in die boesem van die AWB? Dat hulle selfs die opdragte van hul leier sal veronagsaam?

Maar toe die VF (ons, die Vrouefront) die saak bespreek, was daar wragtie groter besorgdheid oor die Terrible Blanx se potty training, as oor sy vroue-vir-vloerlappe wil gebruik.

Dit blyk die Groot Karwats het tydens die oggend 'n nood gehad, maar toe moes 'n hele falanks stormjaers hom vergesel toe hy gaan piepie. Die maatskaplike werksters onder ons is besorg oor die fenomeen, maar die kliniese sielkundiges was duidelik opgetoë oor dalkies is hier 'n nuwe veld vir navorsing.

Die VF het tog gevoel 'n duidelike, hoewel sensitiewe, boodskap moet aan generaal Constand Viljoen gerig word oor hy so apologeties was dat sy mense die "ladies" aangeval het... Sê nag, generaal en gaan lê maar. Want duidelik is die generaal uit pas uit. As mens by die World Trade Centre is, praat jy nie van "ladies" nie, generaal. Daar's nie dames daar nie. Anders sou jou vrouevolk hulle tog soos dames daar gedra het, nie waar nie?

By die World Trade Centre, en in die wêreld se groot sale oral waar politiek bedryf word, word vroue as vroue aangespreek. Dis ook nou deel van NSA-speak, en los maar die ladies vir die nag of die toiletaanduidings.

Terwyl ons egter die vrouesaak vir ons susters regs van ons wil opneem, wil ons tog ook eitlik vra dat hulle nie so moet rook voor die kameras nie - soos toe hulle so ongenooid ander mense se stoele beset het tydens hul inval by die WTC. Rook is so, met permissie gesê, unladylike, en daarby sleg vir jou longe - en wie wil nou asemloos die beloofde land binnegaan, hey?

# koopkrag

## rina se revolusie kán jou help

deur helga de klerk

RINA VENTER, "die eerste gesondheidsminister wat proaktief is", aldus 'n apteker, is nie gelief onder álle dokters, tandartse, siekefondse en sulke lui nie. Omdat sy nie bang is om die spinnerakke om ou geykte mediese gebruike weg te vee nie, en ook omdat sy vierkantig aan die kant van die gewone man op straat staan.

Kyk wat sy met die prys van medisyne gemaak het. Sy trap op tone van gevestigde belange, maar sover moontlik het sy vir die verbruiker 'n voet in die deur gegee om sy medisyne goedkoper te kan koop.

Omdat die apteker self nou voorskrifte sal kan gee, maar let wel, NIE mag diagnoseer nie, kan die verbruiker baie bespaar. Dit werk so: Gestel jy't mangelontsteking; die dokter skryf 'n antibiotika voor en die medisyne raak klaar, nou kan jou apteker 'n verdere dosis voorskryf sonder dat jy weer die koste van 'n besoek aan die dokter moet maak. As jy drie maande later wéér voel jy't mangelontsteking kan jy weer die apteker aandoen vir die voorskrif. Nou is dit jou risiko. As jy sieker word of dit blyk jy makeer eintlik iets anders, sal jy tog na 'n dokter moet gaan, maar sal die dokter die apteker kan verkla? Sal JY die apteker kan verkla?

Dis nog nie duidelik wie waar hier kan kla nie.

APTEKERS SAL ekstra opleiding moet kry om te kan voorskryf, en die Departement Gesondheid kan die Farmaseutiese Raad om goedkeuring vir so 'n aansoek vra, maar die Departement behou die alleenreg om die apteker so 'n permit te gee.

Maak nou seker dat die apteker vir wie jy raad vra, wel sy permit het. Goed, nou kan jy spaar deur minder kere na die dokter te gaan (en hopelik sal daar 'n vergelyk kom dat voorskrywende dokters en aptekers nie in 'n woeste prysoorlog beland nie).

Die toelaat van generiese plaasvervanging gaan die verbruiker baie help. Dit beteken die apteker het nou die reg om aan die klant 'n gelykstaande produk te verkoop. As jy meen jou dokter se pil is te duur, moet jy vra of jy nie 'n ekwivalente pil kan kry nie. Jy sál tien teen een, want daar is sommer baie soorte medisyne wat onder allerlei etikette en teen verskillende pryse bemark word, maar eintlik presies dieselfde soort middel is.

Groot veranderinge kom met siekefondse. Hulle kan apteke, selfs hospitale besit en hoewel daar nou verskillende vlakke van versekering kan wees wat mense keuses kan bied, sal 'n siekefonds ongetwyfeld die versekerde na spesifieke hospitale, spesifieke apteke en selfs spesifieke make medisyne dwing.

Die oorkoepelende diens van die siekefonds kan dus goed wees, maar jou kanse op wyer keuses word tog gekortwiek. Met ander woorde, jou kans om 'n goedkoper prys by die apteek net om die hoek te gaan beding, is nou nul.

Die slim verbruiker sal voortaan met groot omsigtigheid sy siekefonds, sy voordele, moontlik selfs sy skete moet bedink om baat te vind by Rina se revolusie. ■

# CHRISTI SPEEL POP



deur christi van der westhuizen

★★★★★ BRILJANT
★★★★ UITSTEKEND
★★★ OULIK
★★ BEIGE
★ NAT

## MATT SE WÊRELD IS KOUD

**★★★★ THE THE - *DUSK*** EPIC: CD

"Infect me with your love" was Matt Johnson van The The se slagkreet in 1986. En dís Johnson: in sy wêreld is daar liefde, ja - maar dis soos 'n vretende siekte of 'n engel wat 'n bloedige swaard in jou sy boor.



Daar is geen wuiwende grasvelde in die Johnson-prentjie nie; geen lafende strome water nie: eerder 'n druppende kraan in 'n smetterige kamer. Angstig skarrel Johnson van steeg tot steeg terwyl hy alles om hom met bloedbelope oë dophou. 'n Knellende stank hang in die deuropeninge waar hy vertoef; hy stik in die uitlaatgasse.

Wellus is 'n donker monster wat net wag om hom te verorber - selfs die hulplynwerkers wil hom seksueel oorrompel. Hees en wanhopig sing hy: "Put your tongue into the mouthpiece/And whisper in my ear/Everybody's looking for true love/To help them feel what they cannot feel."

Pessimistiese kêrel, dié: "All our lives we hunger for those we cannot touch", sing hy. En dan: "I've got my sight set on you/And someday you'll come my way/ But when you put your arms around me/I'll be looking over your shoulder for something new/'cause I ain't ever found peace upon the breast of a girl."

'n "Sweet sadness" omgewe elke liedjie sieklik: "I ask myself/Why love can never touch my heart like fear does." Sy verwronge stem spoeg die lirieke uit: "By our actions we are bound/We're running out of love/running out of hate/running out of space for the human race." Alles is hopeloos.

Johnny Marr (ja, van The Smiths-faam) help die hulpkreet die wêreld in met 'n voorstuwende kitaar op die meeste snitte. DC Collard se bedrieglik opgeruimde honky tonk-klavier op "This is the night" sal die dikvelligste luisteraar weemoedig stem. En Johnson beïndruk met die akoestiese kitaar op "True happiness this way lies". Die kenmerkende teatrale trompet spyker die oor met ongereelde tussenposes; synthesizer-klanke swiep steeds soos moeë neonstrale verby.

Die fasade is aan 't verkrummel. Johnson is nader aan die einde as ooit tevore. Sy vingers begin gly. Hy's in die oog van die kernstorm. Die nag sluk hom in.



## GEEN SLANGE IN DIÉ PARADYS NIE

**★★ 10,000 MANIACS - *OUR TIME IN EDEN*** ELEKTRA: CD

Dit was seker 'n helse tyd - dié tyd in Eden. Veral saam met Natalie Merchant, hoofsanger van 10,000 Maniacs, daar. Sy klink óf skril óf doods: haar stem gee 'n nuwe betekenis aan die woord eentonig - en die musiek red nie die songs nie.

10,000 Maniacs swoeg seker vir dae aaneen om een liedjie aanmekaar te sit. En dan sit hulle in elk geval die pot mis: heelparty snitte skop belowend af - en raak die kluts langsamerhand heeltemal kwyt. (Daardie skerp titel van een van The Smiths se liedjies, "I started something I couldn't finish", kry hernieude betekenis.)

Van logiese struktuur het die Maniacs nog nie gehoor nie. Elke song (met uitsondering van twee) is 'n uitmergelende luistervaring: suutjies tjommel hulle voort. Dit verhoed Merchant egter nie om pretensieus te raak nie: uitspattig verlustig sy haar in intense introspeksie: "To know I was carefully building the mask I was wearing for two years, swearing I'd tear it off. I've sat in the dark explaining to myself I'm straining to hard for feelings I ought to find easily." Arme meisie.

Die musiek komplimenteer Merchant se stem: dis voorspelbaar en sussend. "Jezebel" breek die patroon; asook "Noah's Dove" en "Candy everybody wants", 'n gevatte song oor die grootste gemene deler. "Give 'em what they want," gil die jong Merchant manies. Wel, soort van.


**★ INNER CIRCLE - *BAD TO THE BONE*** WEA: CD

Dié sagte reggae-groep klink omtrent so bad soos 'n groep sesjariges wat Ring-a-ring-a-rosies speel. En hul groot Europese somertreffer, "Sweat (A La La La La Long)", klink nogal suspisieus baie soos "Ring-a-ring-a-rosies."

**★★★ BOBBY LYLE - *SECRET ISLAND*** ATLANTIC: CD


Lyle maak liggewig jazz vir mense wat nie hul tande met cocktail-sambreeltjies skoonmaak nie.

**★ EDDIE MURPHY - *LOVE'S ALRIGHT*** MOTOWN: CD



Ja, Eddie is nie net 'n gemiddelde akteur nie - hy is ook 'n onder-gemiddelde sanger. Die openingsnit, "Yeah", bewys dat Amerikaners vyf minute-lange liedjies kan sing wat slegs een woord bevat: Yeah. En natuurlik is sy kenmerkende laggie ook te hoor: op "Good Day Sunshine", 'n obskure, oninspirerende Lennon-McCartney komposisie. Murphy klink soos 'n kruis tussen Bob Dylan en Hothouse Flowers - met 'n skoot Prince ingegooi. Die eindresultaat is nie mooi nie. ■

# grappe kan ook pynlik wees




**o.a. Daantjie Dromer**
Deur Jeanne Goosen
Queillerie Uitgewers
Posbus 1206
Strand 7140
Prys: R39,95

**GERRIT OLIVIER**

JEANNE GOOSEN se jongste roman, *o.a. Daantjie Dromer*, herinner 'n mens soms sterk aan die spel met taal in *Om 'n mens na te boots*, 'n teks van agtien jaar gelede. In albei boeke beklee die cliché, die spreuk, die talige gemeengoed 'n sentrale posisie, maar die hantering daarvan is so verskillend dat 'n mens daaruit 'n ontwikkeling sou kon aflei: nie alleen in Goosen se skryfwerk nie, maar ook in die Afrikaanse literatuur.

Wanneer die verteller in *Om 'n mens na te boots* dinge sê soos "Wat van 'n wyntjie vir die pyntjie?" 'n "Punt in die wind", is dit 'n teken dat sy/haar poëtiese wêreld vernietig is deur die banaliteit van mevrou Johannes Dippenaar. In die kontras tussen genoemde uitdrukkings en die verteller se vroeëre taal lê die spanning tussen die alledaagse en die gedroomde, die konvensies van die burgerlike samelewing en die brose, intieme sfeer van die hoofkarakters.

In *o.a. Daantjie Dromer*, net soos in Goosen se suksesverhaal *Ons is nie almal so nie*, is die alledaagse die oorheersende diskoers. Die sewentienjarige Bubbles is die verteller, en haar taal vertoon al die kenmerke van 'n informele register wat aan baie Afrikaanssprekendes bekend sal wees: Engelse woorde, 'n groot hoeveelheid verafrikaansde Engelse uitdrukkings, gemeensame en gemeenskaplike stelwyses. Met tye klink Bubbles byna na 'n onwesenlike spreekbuis van die "Kaapse" Afrikaans waaroor haar ma op bladsye 92-98 uitwei.

Veel sterker nog as die vermaaklike besonderhede oor ervaringe in die OK-basaar, die innerlike spanninge van 'n laer middelklasgesin en sonde met die bure roep hierdie taal 'n verbye wêreld op. Die parallelle met *Ons is nie almal so nie* - 'n boek waarna plek-plek verwys word - is te vinde in die huldiging van 'n bepaalde Afrikaanse milieu, die viering van 'n taal wat nooit in Afrikaans 'n literêre status verkry het nie.

DIT IS VERAL die taalbewustheid en die subtiele taalironie van *o.a. Daantjie Dromer* wat hierdie boek en sy voorganger van jeug- of populêre kultuur onderskei. Die motto uit Lewis Carrol - 'n skrywer in wie se werk taal op die voorgrond staan - dien al as waarskuwing: "You shouldn't make jokes," Alice said, "if it makes you so unhappy."

Nogal 'n merkwaardige inleidende teks tot 'n boek wat so opvallend op 'n gelukkige oomblik eindig. By 'n noukeurige lees merk 'n mens agter die gemoedelikheid en die nostalgie 'n ander, deurlopende motief: dié van taal wat nie heeltemal pas nie, wat ontoereikend is.

Bubbles is 'n redelik komplekse verteller wie se verskillende rolle nie volkome oortuigend gekombineer word nie. Sy is deel van die Tiervlei-wêreld wat sy beskryf, so deurdrenk van sy idioom dat sy herhaaldelik grootmenswyshede in 'n grootmenstoon aanmekaar ryg; sy is egter ook 'n organiserende verteller, wat spreukbeurte aan die ander karakters afstaan; en sy is ten slotte die een wat die begrensinge van haar eie wêreld en haar eie taal besef.

In haar momente van onmag sê sy dit self: "Ek wil iets sê, maar ek weet nie wat nie" (21); "Woorde sê wat woorde nie kan sê nie" (65); "Dit lyk my as 'n mens suffer, soek jy woorde" (88). Al dié uitsprake dui op 'n onderliggende besef in *o.a. Daantjie Dromer* dat die taal wat so maklik oor die karakters se lippe rol, juis nié die raak gesegde is nie, inteendeel: dit is die taal van die magtelose.

Die politieke gesprek oor die besetting van die OK deur inbrekers verloop heeltemal in 'n reeks clichés en nikseggendhede (87-88). Ma misgis haar altyd met die lewenswaarhede wat in spreuke vervat is. En elke karakter is 'n dromer soos Daantjie, wat in 'n ontoereikende taal uiting gee aan die hunkering na iets anders, 'n groter geestelike ruimte: Ma wat droom van verpleegster-wees, Pa in sy rapsodieë oor Little Sunbeam, Bubbles met haar liefde vir musiek.

Die boek eindig met 'n reeks positiewe verwikkelinge wat by nadere beskouing miskien nie so ondubbelsinnig is nie. Vir Bubbles beteken die sukses van haar pa se onderneming en die toenadering tussen haar ouers dat die ou man wat haar ma gesoen het (kyk 36: "My ma verneuk my altyd met God"), nie meer "tel" nie. haar wete dat sy nie altyd in Duifstraat sal bly nie is die beklinking van die "Softly awakes my hart"-motief met sy feministiese botone. Maar juis die nadruklike slotsin ("Ek weet net, nou, soos dit nou is, is goed") moet saamgelees word met die ewe verblydende besef dat 'n ontsnapping moontlik is.

'n Mens sou kon sê dat *o.a. Daantjie Dromer* 'n soort pre-literatuur is: die oproep van 'n wêreld waarin daar nog geen taal is vir die uitreik na iets anders nie,. Op hierdie manier gee Goosen aan 'n teks wat op die oog af slegs 'n gemoedelike en populêre beeld van 'n verbygegane era is, 'n element van wrangheid en ironie. Voeg hieraan toe die feit dat die Swanepoels in hulle verhouding met Piet Stader agter toe gordyne 'n vryheid probeer behou wat deur die politieke verwikkelinge rondom hulle onmoontlik gemaak sal word, en dit word duidelik waarom Alice ingespan word om onste waarsku dat grappe ook pynlik kan wees ■

# woorde teen die wanhoop



**JEANNE GOOSEN** sê na watter skrywers sy haar haas in dié wêreld wat hurk en borrel

MY einde sal eendag saf word in boeke. Ja, ek lees baie. Boeke het my honderde jare oud voor my tyd gemaak, en op 'n beskeie manier wys, want ek kon iets met my lewer en my sout en my hartslag begryp: mense (soos ek) het boeke nodig. Waar anders sal ons hulp vandaan kom?


Watter werke en watter skrywers kan 'n mens ná soveel stapels uitsonder? Die taak is byna onbegonne. En tog, heel eerlik, dit is die realiste van die vorige eeu wat my steeds help deur 'n obskure tyd van geweld, irrasionaliteit en houe, gate en gatte - geletterd en ongeletterd. Ek noem van die skrywers: Dostojewski, Tolstoi, Stendahl, Dumas, Balzac, Zola, Tsjechof, Dickens, Gogol en Gorki. Veral Gorki, ja veral Maxim Gorki.


Ek haas my steeds telkens na dié skrywers. Omdat. Wel, omdat ek 'n soort medemenslikheid

# kortkeuse

deur william pretorius

**POTTER ON POTTER**, geredigeer deur Graham Fuller. Faber and Faber, R85,80. Die Britse skrywer en TV-regisseur Dennis Potter maak werklik eienaardige rolprente. Dié wat al gelukkig genoeg was om (op maniere wat hulle liefs stil hou) rolprente te sien te kry soos Pennies from Heaven of sy TV-reeks, The Singing Detective, met die akteur Michael Gambon as Marlowe, 'n speurder, neuriesanger en hospitaalpasiënt met 'n ondraaglike velsiekte wat snaakse musieknommers hallusineer, sal weet wat ek bedoel. Potter beliggaam ook die unieke karakter van die Britse televisie-drama. Dié boek vertel jou alles van hom - en waarom ons na sy werk behoort uit te sien noudat die kulturele boikot oor is.




**I BELIEVE IN ANGELS**, deur Fiona Cooper. Serpent's Tail, R62. Miskende minnaars, hartstogtelike dromers, dole queue-helde en heldinne uit die Franse weerstandbeweging, walsende oumas en religieuse fanatici tree na vore in dié kortverhale. Eksotiese mense word aarde toe gebring in 'n realistiese styl wat jou soms laat verlang na meer verbale vuurwerke, maar jou dikwels die ontdekking van die eksentrieke in die gewone laat waardeer.

**HOLLYWOOD VS AMERICA: POPULAR CULTURE AND THE WAR ON TRADITIONAL VALUES**, deur Michael Medved. Harper Collins, prys nie vermeld nie. Medved meen Amerikaanse rolprente ondermyn die gesin en patriotisme deur buitensporige geweld en seks. Hulle is Amerika se vyande. Hy's verkeerd: rolprente ís Amerika en as Amerikaners nie na hulle wou kyk nie, sou hulle nie. Die rolprente wat Medved haat, maak mega-dollars, en dis al wat tel in Hollywood. Medved is gekant teen sensuur en staan verandering deur boikotte en drukgroepe voor - maar dit dwing nes sensuur 'n besondere gesigspunt voor.

Hy wil hê kultuur moet mooi wees, en hy is 'n teenstander van wat hy noem die verheerliking van die lelike. Iemand wat dit met hom eens sou wees, het gesê: "Kuns moet die diensmeisie wees van sublimiteit en skoonheid en dus bevorder wat natuurlik en gesond is. Doen die kuns dit nie, word die geld wat daaraan bestee word, gemors." Dit was Hitler, op 'n Neuremberg-saamtrek in 1935.

Twee politieke boeke wat nou weer van Oxford University Press beskikbaar is, is **ADVANCING HUMAN RIGHTS IN SOUTH AFRICA** deur Albie Sachs (R36) en **WEALTH OR POVERTY IN SOUTH AFRICA**, onder redaksie van Robert Schrire (R62). Die nuwe vlaag onlangse politieke boeke wys dat Suid-Afrika 'n waterskeiding bereik het - en dat dit tyd is om terug te kyk na wat bereik is sedert Mandela se vrylating. Albei dié boeke lewer waardevolle bydraes tot die voortdurende debat oor die maniere waarop 'n volle demokrasie bereik kan word.

**WALKING THE TIGHTROPE**, deur Elizabeth de Villiers. Jonathan Ball, R32,36. Die ervarings van 'n jong wit Engelse onderwyser in die tagtigerjare in Soweto. Die boek is in 1990 geskryf en dié herdruk bied 'n waardevolle insig in die onderwyskrisis in die townships wat steeds voortduur.

## groot kanonne oor afrikaans

**BREYTEN BREYTENBACH** en Jakes Gerwel bring Afrikaans se posisie in die Suid-Afrikaanse letterkunde onder die loep by die Winterforum, by Wits, in 'n tweedaagse saamtrek van die groot kanonne in en om die Afrikaanse boek.

Op 15 Junie die aand skop die simposium af met 'n debat oor die minderheidstatus van die taal. Van Zyl Slabbert, Neville Alexander, die filosoof-skrywer Marthinus Versfeld en Breyten neem deel - en daarna sal die erotika, feminisme, die rol van uitgewers onder meer bespreek word.

Die sessies op Vrydag en Saterdag (16 en 17 Julie) kan afsonderlik bygewoon word teen R10 per sessie. Kaartjies is by die deur (Wits Downstairs-teater) te koop.

ervaar wat in die hedendaagse literatuur ontbreek. *In A Small Personal Voice* sê Doris Lessing wat ek bedoel: "The great men of the nineteenth century had neither religion nor politics nor aesthethic principles in common. But what they did have in common was a climate of ethical judgement; they shared certain values; they were humanists. A nineteenth-century novel is recognizably a nineteenth-century novel because of its moral character."

Om nog iets by te voeg: dit is die werke van die skrywers wat my bewus maak van 'n gemis aan filosofie in Suid-Afrika, die gebrek aan 'n kultuur van etiek.

Die groot romansvan die vorige eeu bly deur alle dekades geldig, en miskien nou meer as ooit tevore. Die wêreld hurk en borrel. Mense oor die algemeen is wragtag nie gaaf nie. Dis vir almal 'n gevaarlike tyd om in te leef. Veranderinge lê om die draai.

DIE HERE WEET wat wag, maar ek dink ons is almal bang. Skrywers is deel daarvan. Geen skrywer kan meer in afsondering sit en wag op begeestering nie. Of op 'n verhewe saak nie. Almal is deel van dieselfde universele dilemma. Hoe vind 'n mens geesdrif?

Tolstoi en tydgenote help, en ekskuus vir die moralisme, maar mense wat suffer soek woorde. Hulle soek dit in boeke. Hulle wil weer lees - iets wat lig kan werp op eksistensie. Skrywers het lesers te lank verwaarloos. Jy kom van mense en uit mense, is gevoed deur hulle; jy behoort aan hulle, moet vir en namens hulle artikuleer en dis aan hulle aan wie jy verantwoording moet doen.

Ek meen dit is wat Lessing bedoel wanneer sy oor die etiek van die groot realiste praat. Ek glo ook as die besef eers tot 'n mens deurgedring het, is dit die einde van selfbejammering en wanhoop - dalk die begin van 'n sielsnoodsaaklike geesdrif.

Ook hedendaagse skrywers, veral Jiddisje skrywers soos Bertelman, Rosenfeld en Malamud, beteken ontsaglik baie vir my. Maar deesdae tap ek energie by Maxim Gorki. Sy *My Universities* maak my Johanna van der Merwe en God terselfdertyd. Hy eis nederigheid. Ek probeer, ek leer nog algaande... ■

boeke

# as jy jou boek moet soek...



## Dis nie vanselfsprekend dat daar altyd boeke sal wees nie, sê WILLIAM PRETORIUS

BOEKEBLAAIE werk nie in 'n lugleegte nie. Hulle word beïnvloed deur wat in die boekebedryf gebeur. Maar wat ís aan 't gebeur?

Mens hoor somber stories: oor 'n ekonomiese resessie waarin min mense nog boeke kan bekostig, oor hoe die ongunstige wisselkoerse tussen rand en pond en dollar van boeke weelde-artikels maak, oor ongeletterdheid, oor 'n onstabiele politieke situasie wat sleg is vir boeke, oor oop markte waarin boeke net op bestelling beskikbaar is en spesiaal ingevoer moet word, en oor geslote markte waarin uitgewers boeke teen lae pryse invoer, en hulle toespits op gewilde leesstof en blitsverkopers. Die gebrek aan goeie hardeband-fiksie is een van die rampe van laasgenoemde stelsel - "Dis waansin om hardeband-fiksie van gehalte in te voer," sê die bestuurder van 'n boekwinkel aan my. "Dié boeke is duur en jy gaan nie baie verkoop nie."

Nog rede tot pessimisme word só gestel deur iemand in die boekebedryf: "Boeke trek agter die gegoede klasse aan - en hulle woon nie in die middestad nie, maar in die rykmansbuurte." Boeke het dus 'n geografiese kwessie geword: jy kry hulle waar die geld is. Maar wat van gewone boekkopers?

DIS ALLES WAAR - maar ook nie heeltemal so eenvoudig nie. As jy gek genoeg is om 'n kort oorsig oor die boekebedryf te wil waag, ontdek jy dat die boeketoneel verstommend ingewikkeld is - met soveel sienings as wat daar mense betrokke is. 'n Mens het 'n boek se ruimte en tyd nodig as jy die onderwerp deeglik wil behandel.

Teoreties behoort Suid-Afrikaners eintlik gelukkige lesers te wees met toegang tot plaaslike boeke, boeke uit Afrika (boeke wat oorsee afgeskeep sou word en "Derdewêrelds" genoem word omdat daar blykbaar geen beter woord is nie), en Amerikaanse, Europese en Britse letterkunde - die heersende lande in die uitgewerswêreld.

Ons leesgewoontes behoort so eklekties, uiteenlopend en ryk aan verskeidenheid te wees soos die talle boeke wat hier en wêreldwyd gepubliseer word...

Maar die leeskultuur kan hier dalk uitsterf nog vóór dit by die meerderheid mense 'n lewenswyse geword het. As daar één tema na vore tree uit gesprekke in die boekebedryf, is dit dat die tegnologie ons ingehaal het. Boeke moet meeding met video's, televisie, rolprente, rekenaar-speletjies, skynwerklikheid (virtual reality) - die nuwe, inter-aktiewe media wat, anders as boeke, die gebruiker 'n aktiewe déél van die vertelling maak, en enigiets anders waaraan mense hul vrye tyd bestee.

Aan dié lot kan Suid-Afrika waarskynlik nie ontkom nie. Soos Marx eenkeer gesê het: niemand behoort in hul agterplaas gevange gehou te word terwyl die res van die wêreld vooruitgaan nie.

Kan boeke oorleef? Die geskiedenis van letterkunde, het die sosialistiese kritikus Ralph Fox in die jare dertig gesê, is ook die geskiedenis van tegniese vooruitgang. Wanneer mense 'n manier vind om te kommunikeer behou hulle dit - solank dit doeltreffend is. Boeke sal net uitsterf as hulle nie meer 'n funksie het nie.

Maar boeke - soos Antony Ward, verkoopbestuurder van die Literary Group, onderstreep - is deel van 'n "voortdurende verhaal". Dis eintlik na die idee van 'n "boek" dat 'n mens moet kyk. Wat kan boeke doen wat ander media nie kan doen nie?

Dít is die uitdaging waarvoor die boekebedryf hier sowel as oorsee te staan kom.

IN SUID-AFRIKA IS daar natuurlik ander uitdagings. 'n Groot persentasie van die potensiële leserspubliek is ongeletterd. Sommige uitgewers meen dié mense kan regstreeks beweeg na tegnologiese geletterdheid (elektroniese media, ens) - en boeke buite in die koue laat.

Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) maak boeke duur. Uitgewers betaal belasting op ingevoerde boeke wat in hul pakhuise geberg word en neig dus om hul voorrade te besnoei. As daar oor één ding saamgestem word in die boekebedryf, is dit dat BTW moet waai - onmiddellik!

BTW help ook om mense ongeletterd te hou. Daar is uitstekende projekte om mense te leer lees, maar wanneer die kursus voltooi is, is dit vir die nuwe lesers finansieel moeilik om aan te hou lees. Die mense wat boeke die nodigste het, kan hulle nie bekostig nie. Die koop van boeke, meen sommige uitgewers, het 'n elitistiese tydverdryf geword...


Die deel van die bevolking wat boeke koop, word ook al hoe kleiner. Suid-Afrika het geen tradisie van lees as lewenswyse soos jy dit byvoorbeeld in Londen of New York kry nie. Dié stede is positiewe rolmodelle en moet nie verwerp word as Eurosentries nie. As skrywers boeke skryf, wil hulle immers hê soveel mense moontlik moet hulle lees.

As boeke - en die boekebedryf - moet oorleef, is 'n lewendige mark nodig.

IRONIES KAN die eise van die mark en die uitdaging van die elektroniese media 'n teenmiddel vir pessimisme oor die boekebedryf wees. Om te oorleef moet boeke, hier en oorsee, met baie verbeelding en skeppende energie bemark en verkoop word. Sommige uitgewers volg die maklike uitweg met goedkoop sensasie - 'n Amerikaanse uitgewer het byvoorbeeld 'n doodgewone gay boek, *John and Martin*, verander na *Fucking Martin.* Goed en wel - maar boeke verdien om baie beter as dít behandel te word.

En oor al dié dinge moet gepráát word. 'n Boekeblad behoort dus 'n voortdurende dialoog te wees met die mense wat boeke uitgee en verkoop, en natuurlik met die boeke self.

Nou moet 'n mens almal net losskeur van hul video-speletjies. ■



## iets nuuts om te lees


**DANSMAAT.** Elsa Joubert. 'n Versameling kortverhale met Afrika as verskeurde land as tema. Tafelberg. R39,95. Resensie volg.

**WAT HET GEWORD VAN PETER BLUM? DIE SPEURTOG NA DIE STEPPEWOLF.** JC Kannemeyer. Op soek na die enigmatiese Blum - die letterkunde as speurverhaal. Tafelberg. Resensie volg.

**DIE PREDIKASIES VAN JACOB OERSON.** Thomas Deacon. Griekwa-Afrikaanse gedigte wat Oerson se lewensverhaal vertel. Tafelberg. R39,95. Resensie volg.

**THABO RED 'N SOKKERHELD.** Nora Turkington. Illustrasies deur Alida Botham. Die opwindende kindervehaal van Thabo wat sy sokkerheld Shakes Mbeki help wanneer 'n Tsotsi-bende op sy spoor is. Human en Rousseau. R19,99. (Ook in Engels).

**NIE 'N NAG VIR KATTE NIE.** René Deetlefs. Illustrasies deur Mel Todd. Bekoorlike prenteboek oor die minsame Hond en sy onverwagse gaste op 'n koue, reënerige nag. Human en Rousseau. R21,99.




# almal behalwe madonna

**Die Tweede Lewe**
Deur Chris Barnard, sy memoires geredigeer deur Chris Brewer
Vlaeberg Uitgewery
Kaapstad

**MARTIE MEIRING**

AS jy bloot 'n opgaaf van sekskapades verwag, moenie *Die tweede lewe* lees nie, maar as jy 'n volbloed, derms- en binnegoedbiografie wil lees, moenie dié kans misloop nie.

Die snydokter, hartoorplanter, playboy, skrywer, soort-van-sakeman, en 'n marathon voet in die dingestrapper het 'n boek die lig laat sien wat verstommend, leesbaar én ensiklopedies is.

Klink dit soos uitasem-reklame vir 'n pruluitgawe?

Maar dit IS 'n boek wat jou uitasem laat vir die presiese, oorweldigende eerlikheid van Christiaan Barnard, vroeër hartchirurg.

'n Register van groot name verskyn feitlik op elke bladsy. Onse Chris betower die glitterati al sedert 1964 en daarom kan mens met nostalgie lees van die beeldskone Odette, weduwee van Porfirio Rubirosa, ook 'n playboy in dieselfde liga. Jy lees van Mme Soekarno - vergete name vandag, maar op hul tyd die gelyke van Christie Buckley, Fergie en Naomi Campbell.

Chris die lover was in vele beddens en hoewel sy skryftaal wragtie die limit in sulke gevalle is ("Maak met my liefde, Chris!" Asseblieftoggie) is sy vreeslike eerlikheid oor watter gat hy van homself by vele geleenthede maak, verfrissend. Van Gina Lollobrigida (sy het hom verlei en nou haat sy hom, met rede) deur 'n spul eerstenaam meisietjies, tot Francoise Hardy en net duskant Sophia Loren se bed vier Chris sy seksdrif met baldadige joligheid.

Later erken hy dat hy 'n spesmaas kry sy dae is getel toe Karin so half sukkel om swanger te word.

MAAR *Die tweede lewe* kry sy reddende bonus in die noukeurige detail wat die proffie aan sy operasies en sy navorsing wy. Philip Blaiberg se vier uur lange operasie lees soos 'n riller. Die verlore stryd om Martin Franzot se lewe is aangrypend - en geskiedkundig. André, Chris se seun, vra wanhopig waarom sy pa dan nie maar Martin se ou hart teruggesit het nie toe hy die nuwe hart verwerp het. André se hartseer en sy vraag spook by die prof - en so word die abbahart-operasies bedink en eindelik uitgevoer.

Chris Barnard het vele mislukkings gehad - met die koppeling van sy naam aan kosmetiese middels, sy mondverby-pratery voor die pers en sy restaurants is op die ou end nie één 'n dawerende sukses nie. Mense steek hom in die rug; hy verstaan dikwels hoekom sommige mense hom haat en hy verpes sy eie onvermoë om betyds te dink.

Terselfdertyd is hier geen sweempie van beskeidenheid nie. Die man praat en oordeel net so sekuur soos sy skalpel.

Met groot politieke naïwiteit, maar asemrowende logika takel die prof die politici - kabinetministers, presidente, Rapportryers en Broederbond asook 'n hele paar ander skynheilige instansies. En dan is hy nogal gekrenk toe hy sy toegang tot die BBP-lokale op ons lughawens verloor!

Met die klaarlees - wanneer Arnim gebore word, sy vierde seun uit vyf kinders by drie vroue - dink jy nog: Barbara hét met prins Charles gedans; Imelda Marcos hét hom koninklik behandel en ingestop, hy hét president Lyndon Johnson te na gekom, na sy eerste oorwinning oor David Frost, maak hy 'n deeglike gat van homself die tweede keer; Peter Sellers sterf tragies - nadat hy sy vriend Chris se hulp opsy gestoot het. As jy uiteindelik voel die enigste wêreldfiguur met wie Chris Barnard nié gepraat of gevry het nie, kan net Madonna wees, sal jy ook ongeveer reg wees.

# kinders wat nie speel nie


**WILLIAM PRETORIUS**


VIR verbygangers is straatkinders naamlose hindernisse. In A Day Like Any Other (Cosaw), kry hulle name, teken hulle prentjies en vertel hul verhale. Die verhale gaan oor werklikhede en wense. Die kinders beskryf die lewe op straat en in verbeterskole; en vertel waarom hulle van die huis weggeloop het en hoe hulle moet steel om te oorlewe.

Hulle verlang na beter dinge, motors, 'n huis, 'n spesiale vriend. "I wish to be a priest," skryf Hlotse Moreki, "but now I am a thief."

Die stories is saaklik en getuig van 'n aanvaarding van die werklikheid wat op vervreemding neerkom - die ryk fantasielewe, die speletjies en verbeelding van gelukkiger kinders ontbreek. Maar dis geen terneerdrukkende boek nie - die kinders se uitdrukkings en bewustheid van die lewe is ook tekens van hoop.

Nadine Gordimer sê: "Dié boekie is 'n honderd sosiologiese oorsigte werd." Sy's reg.




# viergoeievriende

**JANICE HONEYMAN**

DIE beste toets vir kinderboeke is om hulle aan kinders voor te lees - en toe ek een Saterdagmiddag Kati Teague se boeke vir twee kinders lees, is hulle heeltemal meegesleur. Die boeke is 'n heerlike verrassing. Alledaagse, herkenbare gebeure word kleurryk uitgebeeld - die klein karakters is, nes ons kinders, besig om die wêreld om hulle te ontdek.

Dieselfde vier kinders is die hoofkarakters in Teague se hele reeks - hulle besoek 'n plaas, die dokter en so aan - en word naderhand ou vriende. Die tekeninge wys dat die kinders uit verskillende rassegroepe kom, maar hierop word in die verhale kommentaar nie gelewer nie. So word verhoudings tussen mense van verskillende rasse genormaliseer en as 'n alledaagse deel van die gewone lewe aangebied.

Daar is ook geen geslagsrol-stereotipes nie. Pa bak 'n verjaardagkoek, Sarah bestuur 'n trekker, die dokter is 'n bruin vrou met wit hare. Die teks is eenvoudig en duidelik, en sal die kind nie verveel nie - ook nie die volwassene wat dit aan hulle voorlees nie! Dié boeke word sterk aanbeveel. ■



Die patriarg (Tom Skerritt, heel regs) en sy seuns...

film

# die post-macho man

deur christi van der westhuizen

## hollywood verken die sagter sy

DIE ruwe manne kraai nie meer koning in Hollywood nie. Nee, valerige outjies soos Kevin Costner in *Dances With Wolves* is nou witwarm. Of 'n sensitiewe Nick Nolte (die gewelddadige *48 Hours* lank vergete) in *Prince of Tides*; 'n bedagsame, ordentlike Richard Gere (*American Gigolo*? Ha!) in Sommersby. Selfs Daniel Day Lewis se Hawk Eye in *The Last of the Mohicans* is geen love 'em and leave 'em-soort nie.

Wat Hollywood betref, is die Amerikaanse man nou ywerig op soek na sy sensitiewe sy. Die machismo moet weggestroop word om die miskende anima weer te vind. Die Nuwe Man skroom nie om emosie te wys nie - op 'n viriele manier, natuurlik. En die Nuwe Man is in voeling met die natuur.

In sy jongste rolprent as regisseur, *A River Runs Through It*, kyk Robert Redford na die wortels van die Nuwe Man. Die rolprent speel in die goeie ou dae toe mans nie gehuil het nie - hulle't eerder gaan bal skop, klippe oor water gespin, of... gaan visvang. In dié rolprent is forel-hengel Die Sport. (Daardie opperste man's man, die skrywer Ernest Hemingway, was ook 'n ywerige kunsvlieghengelaar.)

*A River Runs Through It* is gegrond op Norman Maclean se outobiografiese novelle met dieselfde naam, waarin Maclean vertel hoe hy moes worstel met die patriargale manlike rolmodel van sy pa, 'n Presbiteriaanse predikant.

"Mense dink dis net jong mense wat sukkel met die probleem van identiteit," sê Maclean, "maar hoe ouer ek geword het, hoe meer het ek besef 'n mens kan nie vir ewig aangaan en wonder wie de hel jy is, wat jy kan doen en wat die beste is vir jou nie." Hy het eers ná sy aftrede op sewentig jaar sover gekom om dié intens persoonlike verhaal te vertel.

Die boek gaan oor die verhouding tussen die pa, John Maclean, en sy twee seuns, Norman en Paul. John is streng en onverbiddelik, rigied en moralisties. Hy kan nie meegevoel wys nie en is emosioneel van sy twee seuns verwyder. Slegs in oomblikke van manlike kameraderie - wanneer hulle saam hengel na forelle - vind die seuns samesyn met hul pa. In dié sportsoort word die vis om die bos gelei met die swiep van 'n nagemaakte insek aan die hoek oor die water.



Brad Pitt, 'n jong Redford?

Maar selfs as hengelaars kan die seuns nie aan hul pa se wit-of-swart-benadering ontsnap nie: "If our father had had his say, nobody who did not know how to fish would be allowed to disgrace a fish by catching him," skryf Maclean in sy boek.

John se kilheid het dodelike gevolge. Sy jongste seun, Paul, neig na selfvernietiging en hoewel die ander gesinslede dit weet, probeer hulle geensins om die naderende krisis te verhoed nie.

BRAD PITT, wat merkwaardig baie soos 'n jong Redford lyk, speel die verstote Paul. Menige kyker sal hom onthou as die versinnebeelding van ongeoorloofde fantasieë in *Thelma and Louise*: die jong, weer-

barstige, gladbekkige, sexy ryloper in jeans.

"Paul," sê Pitt, "is 'n ou met begeertes en oortuigings wat nie strook met sy familie se planne of die manier waarop hy grootgemaak is nie. Weens dié dilemma kan hy homself nooit openlik uitlewe nie. Daar's dus altyd skuldgevoelens en 'n rolspelery. As jy nie toegelaat word om jouself te wees nie, as jy 'n valse fasade moet voorhou aan mense wat vir jou baie belangrik is, dink ek lei dit vroeër of later tot selfvernietiging."

In *A River Runs Through It* vertolk Craig Sheffer (wat in die tienerprent *Some Kind of Wonderful* 'n bedorwe rykmanskind was) sy eerste groot rol - Norman Maclean: die ouer seun wat deur sy pa oordonder word. Hy volg die respektabele paadjie wat sy pa verwag: hy word 'n professor in Engels.

"Emotionally immobilized," sê Tom Skerritt van sy karakter, John Maclean. Skerritt se mees onlangse rolle was in *Top Gun* en *Steel Magnolias* (as Sally Field se man). Hy het ook 'n hoofrol in die swak *Poison Ivy* wat nou hier draai.

ROBERT REDFORD sê in 'n onderhoud hy het met "a tremendous passion" begeer om Maclean se verhaal op film vas te lê. Maclean was egter onwillig om die filmregte af te staan. Redford was eerlik met hom: "Ek het hom gesê ek is nie seker of ek dit kan laat werk nie. Dis 'n literêre werk, moeilik om in 'n ander medium te vertaal." Ná talle ontmoetings het Redford hom uiteindelik oorreed.

Vir Redford is die Macleans se Skots-Ierse afkoms deel van die verhaal se bekoring - hy het self Skotse bloed. "Die Skotte is 'n baie eienaardige nasie," sê hy. "Hulle is sterk en taai, hulle het 'n humorsin en is wonderlike storievertellers. Tog is dit vir Skotte uiters moeilik om hul gevoelens en emosies uit te druk. Hulle het ook die neiging om mense streng te veroordeel en te straf deur stilswye." Redford het in sy eerste prent, *Ordinary People*, ook na 'n emosioneel afgestompte gesin gekyk.

REDFORD WOU 'n groen boodskap aan kykers stuur. Hy meen die film sal mense bewus maak van hoe riviere onder die rookskerm van "vooruitgang" vernietig word.

Op stel was die groen bewussyn sterk: die forelle is met groot ontsag hanteer. Die Montana Humane Society het 'n ogie oor die visse gehou - en ná die verfilming is hulle weer in die rivier vrygelaat.

Dié omgewingsbewustheid sluit aan by Redford se tweede rolprent as regisseur, *The Milagro Beanfield War* (1988), waarin hy 'n klein gemeenskap se stryd teen magtige eiendomsontwikkelaars bekyk.

Redford vertel nostalgies: "Ek het in die suide van Kalifornië grootgeword in 'n tyd toe jy oral om jou kon gaan jag of visvang. Ek het dit sien verdwyn toe die ontwikkelaars oorgevat en die landskap met huise en sypaadjies gevul het - onbeteuelde ontwikkeling ter wille van wins. Ek het die wortels van my kinderjare sien verdwyn. Dit is ons land dié - en dit word tesame met ganse kulture uitgewis. Dié rolprent vang 'n stukkie vas van dit wat ons verloor het."

Vir die Nuwe Man is Redford self 'n uitstekende rolmodel. Pitt sê van hom: "Robert Redford is hierdie absolute man, iemand soos wie mans wil wees, iemand saam met wie vroue wil wees. Hy is sterk, maar stil, 'n man wat alleen gelaat moet word." ■

# geld is nie alles nie

## Die silwerdoek moet 'n siel hê, meen Robert Redford

**ROBERT REDFORD** het 'n ver pad gekom van die blonde Sundance Kid - sedertdien was hy by meer as dertig films betrokke: as akteur, regisseur én vervaardiger.

'n Filmresensent het een keer gesê Redford is "as cuddly as a teddy bear". Maar hy is ook 'n kampvegter vir gehalte in die Amerikaanse rolprentbedryf.

Sy akteursloopbaan het in 1959 met 'n klein rol op Broadway afgeskop. Talle kleiner TV-rolle het gevolg. Sy spel teenoor Jane Fonda in Barefoot in the Park het sy groot deurbraak in Hollywood gebring.



Redford... meer as net 'n mooi gesiggie

Redford was vroeg al geïnteresseerd in wat ágter die kameras aangaan. In 1968 stig hy sy eerste filmmaatskappy, Wildwood Productions. Films soos The Candidate en All the President's Men sien die lig - laasgenoemde met Redford as akteur én vervaardiger.

Sy regie van Ordinary People bewys Redford is méér as net 'n mooi gesig: die film word met vier Oscars bekroon - onder meer vir Beste Film en Beste Regisseur. Sy loopbaan as akteur het nie agterweë gebly nie: Redford blink veral uit in The Great Gatsby, Brubaker, The Natural en Out of Africa.

In die begin van die tagtigerjare raak hy keelvol vir die gebrek aan nuwe idees in Hollywood. Een simptoom daarvan is die Amerikaanse weergawes van Franse kunsfilms soos The Return of Martin Guerre (as Sommersby) en La Femme Nikita (as Point of no Return). Opvolgprente is 'n ander uitweg: as 'n idee werk, melk dit leeg met 'n rits prente op dieselfde tema. Verder is daar die stapeldieet: komedies en skop, skiet en donder-films.

Talentvolle, onafhanklike rolprentmakers word deur die groot ateljees geïgnoreer; tegnologie en finansies oorskadu dikwels die mensliker aspek van rolprente - die verhaal en die karakters.

Dié oppervlakkige winsbejag, waarin gehalte en kreatiwiteit geen hoofrol speel nie, het Redford bekommer. As teenvoeter het hy in 1980 die Sundance-Instituut gestig: 'n nie-winsgewende kultuursentrum met werkwinkels vir choreograwe, draaiboek- en musiekskrywers. Met 'n jaarlikse filmfees bied Sundance 'n vertoonvenster vir meer eksperimentele Amerikaanse prente.

Redford wou "humanistiese" films 'n kans gee. "Sundance gaan nie oor films maak nie," sê hy. "Dit gaan daaroor dat filmmakers aangemoedig word - en dat daar só 'n verskeidenheid films die lig sien."

Premières van films soos Sex, Lies and Videotape en Metropolitan is by die Sundance-filmfees gesien. Die filmweergawe van André P Brink se A Dry White Season is deur Sundance ontwikkel. Een uit elke drie draaiboeke by die Instituut haal die silwerdoek - meer as by enige ander ateljee.

Die Goue Seun van Hollywood réd moontlik nog Hollywood...

- CHRISTI VAN DER WESTHUIZEN





So kan jy speel met 'n versameling. Dié "Fifties"-versameling is volledig bestel deur 'n Kaapse versamelaar. Moenie vergeet om 'n tikkie lighartige pret in jou samestelling te sit nie.

Foto's: Sally Shorkend

Rudi Vosser en Philip Uys voor 'n bravura-versameling aan die muur. Die skildery is van Gerhard Rissik, in lewe goewerneur van die Reserwebank.

lewenstyl

# moenie skaam wees vir kitsch nie

deur martie meiring

AS die versamelgogga byt, dan byt hy diep. Snuffelaars word dikwels versamelaars en versamelaars word dikwels óf goeie antikware, óf kundiges, óf verslaafdes - maar nooit word hulle verveeld nie.

Rudi Vosser, kunstenaar en antikwaar, het pas met Philip Uys in Pretoria die kuns van versamel in hul nate-uit galery begin wys. Porselein, glas, silwer, antieke materiale en waardevolle meubels word gegroepeer en bied op dié manier baie inligting oor die versamelings.

Maar moenie bang wees om kitsch te versamel nie, sê Vosser - en dan bedoel hy sommer ook plastiek-eendjies, balletjies, die soort ding wat iemand op vensterbanke vergeet.

Maar regtige kitsch, soos die eendjies aan die muur, kan deesdae goeie pryse haal - tot R500 vir 'n volledige stel, veral as dit Beswick is. Kitsch, sê Vosser, gee 'n tydsgees weer. Kyk maar na ou *Huisgenoot*-advertensies en jy kry 'n sweempie van daardie tye.

Daarom, meen hy, is die versamelaar van Voortrekker-eeufeesmemorabilia, koppies, bekertjies en borde, om nie te praat van die pleisterreliëf-ossewaens of die Voortrekkermonument-radio's nie, 'n baie eerlike en belangrike versamelaar. Dis mode om volkseie-dinge nou op 'n kru manier op te stuur. Mense is half skaam vir sulke dinge. Verkéérd, meen Vosser, want dit vertel jou iets van 'n bepaalde tyd in die geskiedenis.

Hoewel Victoriaanse dinge, en selfs of veral Victoriaanse kitsch, tans goeie waarde bied, het 'n wêreldwye gier weer vir die vyftigerjare opgevlam. Maar die ernstige versamelaar is die een wat weet wanneer om te elimineer en weer te bou. Die koper wat nou meubels uit die dertiger- en veertigerjare koop, maak goeie beleggings. Hout word skaars en selfs of veral die vermaledyde bal-en-klou sal een van die dae goeie versamelstukke wees.

Met Stephan Welz se TV-program *Trommel* het mense miskien te groot verwagtinge van hul erfgoedjies begin koester. Dit maak dit vir antikware moeilik om te versamel, maar terselfdertyd wakker dit belangstelling aan, en mense word nou baie meer bewus van die "ander" waarde van hul besittings - die geskiedenis daarom. ■



# die hemelse reisiger

## As jy jou Hoër Self vind, gaan alles voor die wind, sê **Shirley Maclaine**

deur christi van der westhuizen



Shirley Maclaine soos sy lyk in *Used People* wat nou hier wys. Sy tree op 10 Julie in lewende lywe by Sun City op.

**DIS** iewers in 1988. In 'n groot lesingsaal gepak met Paradyssoekers word die ligte gedoof.

Plotseling weergalm 'n stem deur die saal: "Verbeel jou jy loop deur 'n landskap. Voor jou sien jy die mooiste, wonderlikste wilgerboom. En daar staan jou Hoër Self. Jy's verheug en vat dit aan die hand. Saam vertrek julle - hemel toe."

Die "hemelse" reis word afgesluit met die opdrag om jou te verbeel 'n hond urineer op jou gesig.

Die koorsige geprewel van iemand wat minstens 'n páár varkies kwyt is? Of 'n onderduimse Swami "uit die Ooste" wat goedgelowige Westerlinge op 'n Magical Mystery-toer vat?

Nee, dis Shirley Maclaine, danser, comedienne en bekroonde aktrise. En vir so 'n "reis" vra sy jou 300 dollar - "honderd vir die liggaam, honderd vir die verstand en honderd vir die siel".

**VANDAT SY** haar Hoër Self ontmoet het, gaan alles voor die wind, sê Shirley. "Ek het die laaste sewe jaar 'n ongelooflike avontuur gehad. Ek het geleer 'n mens kán die wêreld in 'n meer optimistiese lig sien as jy net wil."

Die rede vir Shirley se mistisisme is amper vreemder as die filosofie self: John McPherson, die Skotse sakkeroller wat sy 300 jaar gelede ontmoet het. Sedertdien maak hulle gereeld kontak...

Uit haar spirituele onderonsies is drie boeke gebore: Out on a Limb, Dancing in the Light en Going Within. Soos die titels aandui, is die onderwerpe nie alledaags nie: dit gaan oor astrale reise vanaf die Peruviaanse Andes en haar ervaringe in reïnkarnasie. Transformasie, sê haar aanhangers, is die grondslag van haar boodskap: die mag om ons lewens te verander en in vrede te leef met die wêreld om - en ín - ons.

**VOORDAT SY** metafisies gemesmeriseer is, was Maclaine in die vyftigerjare 'n danser op Broadway. 'n Onverwagte deurbraak het gekom toe die hoofspeler in The Pajama Game haar enkel verstuit: Maclaine het haar plek ingeneem - en die gehore betower.

Haar filmloopbaan het gebloei. Terwyl haar pierewaaier-broer Warren Beatty gesukkel het om hond haar-af te maak, het sy gloeiende lof ontvang - en Oscar-nominasies vir Some Came Running (1958), The Apartment (1960) en The Turning Point (1977) - voor sy in 1983 die Oscar vir Terms of Endearment gewen het.

Ná talle vertolkings van prostitute sê sy droogweg: "Vervaardigers oorhandig nie meer my salaris aan my nie - hulle los dit op die spieëltafel."


Maclaine is geen mopkop nie. Sy was lank aktief in die Demokratiese Party en het in 1973 die eerste vroue-afvaardiging na China gelei. Die resultaat was 'n Oscar-genomineerde dokumentêr, The Other Half of the Sky - waarvan sy die vervaardiger, skrywer en mede-regisseur was.

Dit lyk of Maclaine se eksentrieke lewensuitkyk deesdae uiting vind in 'n keuse van meer eksentrieke rolle: die flambojante, energieke Madame Sousatzka in die film met dieselfde naam en die rol van Sally Field se "gevaarlike", maar spitsvondige ma in Steel Magnolias.

In 1988 het Maclaine die kalklig kortstondig verruil vir 'n spookagtige waas: haar Skotse sakkeroller het haar aangesê om 'n "psigiese" toer te onderneem om sterflinge in Amerika aan hul Hoër Selwe bekend te stel. Maar ná verskeie "hemelse reise" het sy het die toer gestaak. 'n Beweging het onder haar ondersteuners begin posvat, vertel Maclaine. "Ek wil g'n ghoeroe wees nie."

Maar wat beteken die storie met die hond? wonder 'n mens nog.

"Dit leer jou om vir die lewe te lag," sê Maclaine. ■



# mode waar's ons klere?

MODEL: VERONIQUE MALERBE

## jong suid-afrikaners het baie meer aan die lyf op straat as wat die modebedryf raaksien

deur judith watt

**A**S jy wonder wat van die Suid-Afrikaanse modebedryf geword het, vra jouself af: Wat word op die ou end van al die talentvolle jong mode-studente?

Elke jaar voltooi 200 hul studie aan mode-skole landwyd, sê Tony Aboud, Hoof van Mode aan die Natal Technikon.

Word dié nuwe bloed gretig deur die modebedryf gekoester as die energieke dryfvere van vernuwing?

Nie juis nie, sê Aboud. "Sowat 20 persent van hulle betree die bedryf as 'ontwerpers'. Die res gaan kleinhandel toe, maak en verkoop hul eie klere - of laat vaar hul mode-drome heeltemal.

"Hulle word eenvoudig nie deur die bedryf ondersteun nie. Dikwels karring hulle nabootsings uit van kledingstukke wat van oorsee gebring is vir die kettingwinkels.

"Dis tyd dat dinge verander," sê Aboud. "Ons het 'n lewenskragtige, vernuwende energie hier - 'n weerspieëling van ons veranderende kultuur. Hoekom word dit aan Rifat Ozbek oorgelaat om 'n Ndebele-versameling vir die mode-parade in Parys te skep - terwyl ons hier soveel talent het? Ons kan 'n wonderlike mode-ontploffing sommer hier laat plaasvind!"

Straks ons enigste waarlik oorspronklike Establishment-ontwerper is Marianne Fassler, al het sy 'n boetiek in Hyde Park, en al kriewel sy as jy praat van "ontwerper".

"Ontwerper is 'n elitistiese term wat my nie aanstaan nie," sê sy. "Dit plaas mode op 'n pedestaal - en ek glo klere moet die draer se individuele styl weerspieël. Eerlikwaar, die meeste van die klere wat hier deur 'ontwerpers' verkoop word, is in elk geval regstreekse nabootsings van Vogue se bladsye. Hoe oorspronklik is dit?"

Aan die ander kant van die spektrum is Jenni Button, wat met elke seisoen, om dit sagkens te stel, die skeppings van Armani weerspieël. Dit hou haar klante tevrede en dit bring geld in.

En tussen-in kry jy die "jong" ontwerpers, die mense wat werklik iets individueels skep - dié wat uiteindelik die onderspit delf, soos Dee Frock; of wat moet vasbyt teen die oormag, soos Blue Zoo; of wat ontnugter deur dit alles die land verlaat, soos Quartus Manna en André Vermeulen.

BLAAI 'N MENS 'n mens deur die mode-"artikels" in Suid-Afrikaanse tydskrifte, sien jy bittermin buiten 'n reeks promosies van die groot winkels se jongste reekse. Die mode-redakteurs se onafhanklikheid word bedreig deur die beheer van borgskappe van die Groot Vyf kettingwinkels: Woolworths, Truworths, Foschini, Stuttafords en Edgars.

As 'n mens enigsins ondersteuning wil kry vir mode as 'n ernstige bedryf, het mode-redakteurs 'n sleutelrol want hulle kan skeppende talent bevorder. Deur die onafhanklikes en die nuwe ontwerpers op die mode-toneel te ignoreer, kastreer hulle 'n lewensbelangrike deel van die bedryf.

Boonop is daar geen infrastruktuur waarin nuwe versamelings vir die komende seisoen bekendgestel kan word nie. Wat jy wel te sien kry, is mode-parades waarop moeë voorraad-stukke van ontwerpers en kleinhandelaars vertoon word aan dames wat middagete nuttig.

Waarom lyk dinge so saai in ons mode-wêreld? Waarom word vernuwende mode-ontwerp elders ter wêreld so ernstig opgeneem as 'n bedryf - en nie hier nie?

Konserwatief geskat, bied die mode-bedryf werk aan minstens 500 000 Suid-Afrikaners - die mense wat hul eie tuisnywerhede in die townships bedryf inkluis.


Aan die "ontwerper"-kant van die mode-bedryf heers 'n algemene opvatting dat "straat-modes" 'n taamlik vulgêre verskynsel is, iets wat te doen het met openbare vertoon, met seks, met politiek, met 'n weerspieëling van maatskaplike verandering - met enigiets behalwe die voorhoede van skeppende energie. Dié siening kom daarvan as jy 'n wit jeugkultuur bedien wat meer tuis voel binnenshuis - anonieme winkelsentrums, nagklubs en partytjies - as op straat. Die naaste wat jy sal sien aan Jean Paul Gaultier met spesiaal ontwerpte klere is in die strate van Soweto, sê Norman Callen van The Boys. Die wit jeug se beeld is taamlik*Beverley Hills 91210*-behep.

"As hier wel 'n straat-mode is," sê die modestudent Hardus Oelofse nadat hy sy kop gekrap het, "is dit denim - Levi-jeans, 'n T-hemp, miskien 'n biker-baadjie en Doc Martens. Die ouers laai hulle af en dink hulle kyk 'n fliek, maar eintlik is hulle in die Black Orchid of Hurricanes."

> "ons beweeg nou na 'n nuwe hippy **'red ons planeet'**-vibe waarin new age-waardes opgeneem word,"

TOG HET DIE vloedgolf van verandering in die land wel 'n uitwerking op die manier waarop wit jongmense aantrek - en dit beweeg verby die moeë stereotipes van Kugel, Bagel, Glitterpop en Surfer Dan. Die swart en die wit jeug het eietydse bewegings soos Rap, Hip-Hop, Hardcore, Techno en Multi-tribe ingeneem, met die kleredrag-tale wat daarmee gepaardgaan - en hulle kom na vore met 'n reeks style wat uniek is aan die land.

Die ontwerper Barry Armitage van Durban glo daar is hier ook 'n anti-ontwerper sub-kultuur, nes in Europa en die VSA. "Ons beweeg nou na 'n nuwe hippy 'Red Ons Planeet'-vibe waarin New Age-waardes opgeneem word," sê hy. "Kyk maar rond: oral om jou sien jy Ethiopiese silwerjuwele, koptiese kruise en dies meer, en oor die algemeen trek ▶



mense minder formeel aan. Ek dink daar sal al hoe meer besieling kom van Stonehenge en die Druïdes."

Hoe dol dit ookal klink, staan Brittanje se twee keer bekroonde Koningin van Mode, Vivienne Westwood, nou al jare lank die paganistiese voorkoms voor - of dit nou deur die antieke Grieke besiel is of deur Buffalo Girl. Sy het eenkeer op die Edna Everage Show verskyn, geklee in net 'n vleeskleurige lyfkous en 'n vyeblaar met blinkertjies - so dis dalk nie so onswierig soos dit klink nie.

Grunge het in sekere mate posgevat, maar die grondslag van grunge se klerestyl - die straatvoorkoms van 'n Londense lefty gekombineer met Seattle scruff - pas nie goed in by Johannesburg nie.

In die raves wat die laaste paar jaar in Johannesburg plaasvind, tree 'n sterk jeug-identiteit na vore en klubs soos Idols, Fourth World en The Doors huisves 'n subkultuur met die kleredrag-kodes wat daarmee gepaardgaan - wannabe Gaultier's, gay seuns met 'n houding, leer-klone, androgene meisies desperaat om aan die Suid-Afrikaanse "chick"-stereotipe te ontsnap. Hulle dra klere wat in klein winkels gekoop is, die skeppings van jong ontwerpers, of klere wat hulle self gemaak het.

OF JY NOU daarvan hou of nie, dis waar die mode-redakteurs se aandag behoort te wees. Hulle behoort die werklikheid te weerspieël - eerder as om die dienaars te wees van 'n utopiese ideaal van middelmark-saaiheid, 'n ideaal versinnebeeld deur wat in die kettingwinkels beskikbaar is.

Maar die wit mark, voorheen die teiken van internasionale neigings wat ad nauseum nageboots word, is besig om te kwyn.

"Denim is 'n nie-rassige gemene deler onder vandag se jeug," borrel 'n woordvoerder van Edgar optimisties. " 'n Rugby-wedstryd op Ellispark kan 'n aaklige skouspel wees, maar jy kan parallelle trek tussen die swart kinders en die wit kinders van die noordelike voorstede. Albei trek ewe goed aan." Daar is beslis 'n tikkie paniek.

Louis Rutstein, eienaar van die ingevoerde ontwerper-winkel Lutik, waar jy die skeppings van Versace, Ozbek, Byblos en Moschino te koop kry, sê hy verkoop aan 'n gemiddelde klandisie van 200 mense landwyd. "Daar is eerlikwaar nie veel meer wat belangstel nie."

Hy verkoop pakke hier na R2 000 se kant en dit is interessant om te verneem dat die meeste van sy klante swart is. "Swart ouens weet meer van ontwerper-etikette as wit ouens," bevestig 'n assistent in sy winkel.

Maar terug na Fassler - en straat-modes. "Daar is nie so iets in Suid-Afrika nie," sê sy.

"Dis nou as jy van die wit mark praat. Die mense hier stap nie, hulle klim in hul motors en ry. Hulle gaan spog met hul klere by swierige openings of in restaurante.

"As jy straat-modes wil sien, gaan kyk na swart mans en vroue. Hulle wys hul status in hul klere, nie in hul motors of huise nie. Hulle wil goed lyk en hulle soek kwaliteit."

Dié siening word beaam deur ander klerehandelaars - moontlik sien hulle hul hoop vir die toekoms daarin: solank hul kan aanhou klere verkoop aan die vooruitstrewers en die yuppies. Kyk maar na die toonaard van Sales House se "Man van Afrika-"reklameveldtog: openlik seksueel, maar binne die perke van die ewige, nie-bedreigende grys pak. Sekerlik die grootste swart grap ooit was die oorname van die BOY-kenteken - gegaps van 'n klein winkel vir terminale mode-slagoffers in Londen se Soho, met Boy George as die grootste ondersteuner.

So as Sales House, met sy tradisionele greep op die swart mark, ook pynstillende klere produseer, presies waar kom hierdie idee vandaan dat straatmode essensieel deel van die swart kultuur is?

In die klassieke Suid-Afrikaanse "ons" en "hulle"-scenario sal "hulle" geld aan klere bestee omdat hulle nie die oorhoofse koste van tradisioneel wit statussimbole het nie. En in die goeie ou dae het daardie aangename, glimlaggende swartmense beter skoene en beter pakke gedra as witmense, wie se gedagtes by ernstiger dinge was.


Om die waarheid te sê, dit het te doen met 'n begrip van die taal van klere en 'n nie-Protestantse benadering van versiering. Klere gaan veral oor individualiteit, en die genot van klere aantrek het min te doen met die sobere Calvinistiese tradisie van werk en uiterlike manifestasies van middelklasmoraliteit. Een van die groot uitgewers het dit 'n paar jaar gelede oorweeg om 'n modetydskrif vir mans te begin. Hulle het die idee laat vaar omdat daar gemeen is net "moffies" sou belangstel. Tog hoor jy ook die mening dat die voorste boetieks se swart klante meer van die jongste modes weet juis omdat hulle die internasionale mansmode-tydskrifte lees.

Sales House, wat in 1948 begin het met die vriendelike bemarkingsleuse "Klassieke modes vir die hele gesin", het sy nie-modieuse, laer mark-beeld verander en mik hoog. Die groep het pas ABC en Cuthberts gekoop. In 'n imposante aanbieding verlede jaar het die gehoor - joernaliste, winkeliers en verteenwoordigers van die Sentrale Sakegebied - verneem Sales House beweeg na 'n nie-rassige toekoms, waar aan die wit sowel as die swart mark verkoop sal word.

Sal die noordelike voorstede ooit kleurblind wees? het Carolyn Raphaeley van Cosmopolitan gevra, en 'n wrang glimlag van die spreker ontlok. Dit lyk asof Sales House self 'n kleurblinde benadering probeer volg, want die personeel het 'n reeks klere vir mans en vroue vertoon wat onbeskaamd "besiel" is deur die Verre Ooste, Europa en Amerika. En toe die swart model van Londen verbystap in 'n besonder onoorspronklike "Amerikaanse" bofbal-sweethemp, vra ek: sal hulle ooit kledingstukke verkoop met die Malcolm X-embleem?

"Ons probeer om nie polities te wees nie," was die diplomatiese antwoord.

Dis sekerlik hoog tyd dat die modebedryf 'n slag deeglik kyk na wat aangaan onder die jeug in dié land - en nie net in hul behoeftes voorsien nie, maar die talent gebruik wat in die jongmense ontluik. Dis al manier waarop ons modebedryf sal groei, en ernstig opgeneem sal word. ■



'n Toneel uit Atlantian Light Productions se opvoering van *'n Koffer in die kas* deur Jeanne Goosen.

# grahamstad word suid-afrikaans

deur nelleke de jager

## Boeiende fees verken die onsekerheid van die jare negentig

GRAHAMSTAD se groen-beligte stadsaal is nie al nuwigheid op die dorp nie. Vanjaar se Standard Bank Nasionale Kunsfees spog met menige Suid-Afrikaanse première waaroor jy werklik huis toe kan skryf.

Twee jaar gelede was kritici nie optimisties oor die fees se toekoms nie - 1991 is as 'n "fees van afwesighede" beskryf. Maar 'n blik op vanjaar se program herstel die geesdrif.

Op die Hooffees is sewe van die nege toneelstukke deur Suid-Afrikaners geskryf, en in Fringe-venues wemel dit van nuwe dramaturge en gemeenskapsgroepe. Naas ou bekendes soos Nicholas Ellenbogen, Stephan Bouwer en Jennifer Ferguson, word werklik nuwe rigtings ingeslaan deur veral Matsemela Manaka, Phyllis Klotz en Gary Gordon - om net 'n paar te noem.

Glo my: in 1974 met die amptelike opening van die 1820 Stigtingsmonument - die begin van die fees - het die program heel anders gelyk. Die hoogtepunte was Guy Butler se setlaars-stuk *Take Root or Die*, en Michael Atkinson in *King Lear*. Al bydrae deur swart akteurs was dié van die Ikhwezi-akteurs onder leiding van Don MacLennan: *My Childhood* - en dit eintlik 'n verwerking van 'n Maxim Gorki-roman.

Negentien jaar later blyk dit die geskiedenis het ons teater toegelaat om stil-stil te ontwikkel in 'n collage van onkonvensionele, of liewer minder Westerse style, met veral Mbongeni Ngema en Phyllis Klotz se fokus op gemeenskapsteater vooraan.

Sê Lulu Khumalo, regisseur van *Elagqubushea Umacebo* (Molière se drama Scapin in Xhosa): "Gemeenskapsteater word gebore uit 'n gemeenskap se behoeftes... Dis 'n teater wat met behulp van dans, musiek en ander epiese elemente die hedendaagse sosiale, kulturele en politieke milieu nie net weerspieël nie, maar dringend ondersoek."

Protesteater was net een uitvloeisel van dié tendens. In die tagtigerjare kon die Sakheni Cultural Group, End Conscription Campaign en ander "polities korrekte" aktiviste hul walging oor apartheid luid uitroep. Maar geslaagde teater vind plaas in verhouding tot 'n bepaalde realiteit, anders verloor dit trefkrag. En dít maak vanjaar se fees opwindend: sowel Fringe- as Hooffees-produksies verken 'n onsekerheid kenmerkend aan die negentigerjare.

KLOTZ BESKRYF die hedendaagse gemeenskapsteater as 'n noodsaaklike kommunikasiemiddel wat inlig en opvoed, met 'n klemverskuiwing na al hoe meer groen- en geslagspolitiek. Die Sibikwa-geselskap se première van *Ubuntu Bomhlaba*, en Daughter of Nebo (onder leiding van Suid-Afrikaner Hillary Blecher) verbeeld dié nuwe neiging tot 'n ware hoogtepunt in Suid-Afrikaanse teater.

Teenoor die tipies Eurosentriese produksie waar dialoog oorheers, ontwikkel musiek en libretto die intrige van gemeenskapsdramas soos *Daughter of Nebo* en *Cry Freedom* op die Fringe. Dit word tereg musiek-teater genoem.

*"Ubuntu Bomhlaba,"* sê die skrywer, Smal Ndaba, "word gedramatiseer met behulp van dans, musiek en ritueel... Die drama behoort nie aan één kultuur nie. Ons het ons eie gemeenskap probeer skep - met elemente van oral in Afrika."

"Tradisionele" teater, soos Shakespeare en klassieke opera, is nie heeltemal agterweë gelaat nie. Andrew Buckland en Aletta Bezuidenhout speel Anthony and Cleopatra, geregisseer deur Marthinus Basson. Kruik se ander Hooffees-bydrae is 'n volskaalse opvoering van *Madama Butterfly* - weke vooraf uitverkoop.

Afrikaanse en Engelse tuisprodukte het ook nie hul aantrekkingskrag verloor nie. Hooffees-produksies sluit Reza de Wet se *Mis* (die tweede drama in haar nuwe trilogie) en *'n Koffer in die kas* deur Jeanne Goossen in.

Op die Fringe lok Paul Slabolepzy, Ian Frazer, Theatre for Africa en Pieter Braaf se Cape Flat Players jaarliks al hoe meer toeskouers. Die talle Britse en Europese stukke - voorheen baie gewild - is vervang met oorspronklike produksies deur veral studente en amateurs. Die Fringe is 'n toeganklike platform waar enigiemand met behulp van enige taal hulself kan bewys. In 1985 het niemand geweet wie Reza de Wet of Deon Opperman was nie. Vanjaar is *Mis* 'n hoogtepunt.

NOG 'N HOOGTEPUNT is die werk van die 1989 Standard Bank-pryswenner in die danskategorie, Gary Gordon. Hy is nou, as professor aan Rhodes se dramadepartement, druk besig om "fisieke teater" te verken - saam met Andrew Buckland en Lulu Khumalo. Dit is 'n eklektiese vermenging van feit, fiksie, beweging, mimiek, teks, sang, dans en ontwerp - holistiese teater.


Teenoor die Westerse klem op tegniek en eindproduk, fokus hy op die genot van dans en beweging. Hy spoor sy studente aan om teater as déél van die lewe te beskou, en gebruik byvoorbeeld 'n 80-jarige vrou in van sy danse.

Daar's 'n parallel tussen Gordon se *Manifesto I, II, III* en Klotz en Ngema se doelwit om teater as leerskool te manipuleer - met die fokus op gehoor én deelnemer. Khumalo sê die fees begin geleidelik wegbeweeg van ons dominerende Westerse kriteria. 'n Volgende stap kan wees méér werkwinkels, en besprekings ná opvoerings. Maar die sukses van so 'n verandering gaan van die gehore afhang en nie van borge of regisseurs nie.

'n Geheelindruk van dié bont collage? Vanjaar se kunsfees vier beslis méér as net Standard Bank se tienjaar-lange borgskap. Dit wys hoe 'n duidelike Suid-Afrikaanse identiteit na vore begin kom. ■

# resensies
# films

deur christi van der westhuizen



'n Tragiese teenstelling: Madeleine (Anne Brochet) en haar pa (Jean-Pierre Marielle)



Liefde wink in bekende oë: Demi Moore bekyk Woody Harrelson van naderby

## musiek is nie vir konings nie

**TOUS LES MATINS DU MONDE**
**(All the mornings of the world)**

DIE Franse hou nou maar een maal van die platteland - soos *Jean de Florette* en *Manon of the Spring* onder meer bewys. Dié film speel ook op die platteland, maar gaan nie oor brood-verdien-in-die-sweet-van-jou-aanskyn nie. Dié keer gaan dit oor die onverskrokke edelheid van die lydende kunstenaar.

'n Bepoeierde, bepruikte Marin Marais (Gerard Depardieu - kompleet met kosmetiese moesie) vertel die verhaal van Sainte Colombe (Jean-Pierre Marielle). Sy verdriet oor sy vrou se ontydige heengaan verrig wondere vir sy skeppingsvermoë: hy komponeer die een roerende stuk musiek na die ander op die trendy instrument van daai jare (die 1660s): die viola. Die koning hoor van sy musikale genialiteit en ontbied hom, maar hy is nie beïndruk nie. Musiek is nie vir konings nie, sê hy.

Marin Marais (Guillaume Depardieu, seun van Gerard) wil aan die meester se voete leer. Hy kan wel musiekmaak, sê Colombe - maar 'n musikant is hy nie. Intussen verlei Colombe se dogter, Madeleine (Anne Brochet), Marais. Hy word aangestel as koninklike musikant; sy weerstand verkrummel voor die aanloklike Hoë Lewe en hy verlaat Madeleine. In tragiese teenstelling met haar pa kwyn Madeleine weg: sy kan nie die leed hanteer nie.

Regisseur Alain Corneau raam eenvoudige, treffende tonele wat aan Renaissance-stillewes herinner. Hy kies onbeskroomd romanties kant: die trippelende mans op bestrikte satynskoene, met plomp wange en oordadig-krullende pruike, is lagwekkend ligsinnig langs die humorlose Colombe se stoere, pynvertrekte gesig. En die mees hardgebakte sinikus sal nie onaangeraak wees deur Brochet nie.

## nie vir voyeurs

**INDECENT PROPOSAL**

ALMAL dog toe dié gaan 'n lekker seksfilm wees - maar Adrian Lyne het ander planne gehad. Ja, daar ís mooi lywe en heelparty liefkosings - selfs op meer intieme sones - maar die seks is skamel: erotiese smulpape kan hul slegs in 'n enkele kombuisvloertoneel verlustig.

Pleks daarvan het ons romantiek - en baie daarvan: mistige, geheime ontmoetingsplekkies, oulike sinsnedes wat met oorgawe gekoer word, 'n getuur in liefde-benewelde oë.

*Indecent Proposal* is soos 'n advertensie vir die ryk, suksesvolle mooimense daar buite: aan geld is daar geen tekort nie; Moore, soos Sharon Stone in *Basic Instinct*, se voorkoms is tot op die laaste wenkbrou-haar afgerond.

Dié wêreld blínk, die lywe is soepel en glad, die *coiffures* maak haarkappers groen. Wat voorkoms en hare betref, is Robert Redford dus 'n uitstekende keuse as die ouer man-met-die-miljoen. Die seks-vir-'n-miljoen waaroor die film nou eintlik gaan, word egter nie gewys nie. Moontlik omdat 'n onwelvoeglike boepie die filmiese equilibrium sou versteur?

Adrian Lyne kry dit nie reg om die reeds onopvallende spanningslyn te intensifiseer nie. Ná die seks gekoop is, verval die film in banaliteit. Die boodskap op die ou einde? Tweeledig: ware liefde sterf nooit/geld kan nie liefde koop nie.

## klingelende spore


**POSSE**

SKULDGEVOELENS doen lelike dinge aan 'n mens - en het soms onaantreklike gevolge. Ook in Hollywood, blyk dit. Die koloniale verlede pla nou. Cowboyfilms was 'n medium vir menige (wit) mite en Hollywood-lieflinge soos Kevin Costner en Clint Eastwood het al gepoog om die onewewigtige prentjie meer akkuraat skets.


Posse is 'n meer opregte soeke na historiese waarheid. Mario Van Peebles se weergawe van die African-American verlede verskil drasties van Spike Lee se sentimenteel-dogmatiese aanslag - én hy trap met klingelende spore om tipiese Hollywood-soetsappighede en -stereotipes.

Tog bly die ideologie nie uit nie: Van Peebles stof die helde nie net af nie, maar maak van hulle larger-than-life-figure - manne wat 'n bars kan kyk. Sy simboliek is ook nie alte duister nie: die laaste toneel wys 'n bejaarde swart hand wat 'n verweerde boekie van historiese belang in 'n jeugdige swart hand lê.

Die gewone skiet en skop is daar - met die verwagte showdown aan die einde. Maar Van Peebles se kamera is beweeglik: verveling word verhoed deur die energieke vloei van tonele. *Posse* behoort verpligte kykstof vir Eastwood en Costner te wees.



Bridget Fonda... geen potlode deur handpalms



Mario Van Peebles... 'n held wat 'n bars kan kyk

## moord met lipstiffie

**POINT OF NO RETURN**

AMERIKANERS doen alles groter - maar nie noodwendig beter nie, wys *Point of No Return*: dis gegrond op *La Femme Nikita*, 'n Franse film oor 'n merkwaardig wreedaardige jong vrou wat 'n "tweede kans" gegun word na sy 'n moord gepleeg het. 'n Misterieuse staatsinstansie lei haar as 'n ietwat ongewone sluipmoordenaar op: sy's sexy, mooi en dra mini's. En dis wonderlik wat 'n nuwe haarstyl en grimering aan 'n mens kan doen: ons meisie word binne ses maande nie net hoogs verfynd nie, maar ook vriendelik en gedweë. Weg is daai onbeheerste begeerte om potlode deur handpalms te druk.

Die Franse het genoeg flair aan die dag gelê om dié onwaarskynlike storie te laat slaag. Die Amerikaners? Wel, 'n meisie is 'n meisie, en om te bewys dié een is óók een, doen sy meisie-dinge. Soos? Wel, sy soen 'n kêrel, piksoen haar baas uit dankbaarheid, is geskok wanneer sy 'n onverwagse moord sien. Sagte musiek dui aan wanneer sy nou régtig vroulik is.

As Schwarzenegger iemand "skiet" dat die bloed spat, is dit okay, want mans doen mos sulke dinge. 'n Vrou is egter die sagter vat, die versorger, die moeder - of dan die slet. Sy kan miskien moorddadig optree, maar nie sonder sielewroeging nie. Of eyeliner nie.

# teater

## knyp waar dit seermaak

**DECADENCE:** MARKTEATER

**"VERVAL,** agteruitgang gepaard met oorverfyndheid," sê die woordeboek oor dekadensie. En met dié einste eienskappe spot die Britse dramaturg Steven Berkoff in sy skreeusnaakse stuk, Decadence.

Fiona Ramsay en Michael Richard speel albei twee karakters: Steve en sy ryk minnares Helen; en Steve se vrou, Sybil, en haar woedende, papbroekige werkersklas-minnaar Les, wat Steve wil vermoor weens sy verhouding met Helen. Steve is bang Sybil jaag hom weg of skei hom - want dan kry hy nie meer geld van haar nie.

Ramsay en Richard is uitstekend; hulle gee aan hul verskillende karakters elk 'n eie identiteit. Berkoff lewer sy venynige aanval op die klassestelsel deur die interaksie tussen dié twee paartjies.

Met poëtiese spitsvondighede steek hy veral die draak met die Britse upper class: hul verveling, die banaliteite waarin hulle opwinding soek en hul oordrewe patriotisme (baie nou verweef met klassisme en rassisme) word uitgebeeld in 'n Us and them-scenario.


Berkoff kap ook sylangs na die werkersklas se impotente woede: hulle haat die rykes, minag hul waardes en skel hulle uit as uitbuiters - maar verkrummel tot 'n gedienstige gepeupel wanneer hulle lede van die hoër stand regstreeks ontmoet.

Arm en ryk is maar net verskillende kante van dieselfde muntstuk: kleingeestig, inhalig en onder al die pretensie heel barbaars.

Al speel die stuk in Brittanje, is die menslike foute wat aangespreek word, universeel genoeg om ook hier relevant te wees. Fred Abrahamse, regisseur en ontwerper, kwyt hom uitstekend van sy taak.

- ESMA ANDERSON


*Kultuur* IS VROT MELKPOEIER WAT HULLE DESTYDS IN KOEVERTJIES VERKOOP HET.



*Kultuur loop sy eie paadjie. Van Hans Die Skipper tot by Griet Skryf 'n Sprokie. Van Maria Callas tot by Karla Krimplien. Vir die een mens is dit kuns en musiek, vir 'n ander is dit godsdiens en politiek. Afrikaans Stereo is 'n kultuurstasie.*

*In vandag se warrelwindwêreld luister ons hoe die moderne Afrikaanssprekende leef, wat hy doen, wat hy sê, wat hy glo, hoe hy sing, lag, huil en onthou. Ons gaan terug na die goeie goed van gister, haal dit uit en vryf dit blink. Afrikaans Stereo loop oor die brûe na anderland en ondersoek die bande met ons stamkulture. Ons spring oor die draad en gesels met die buurkulture. Ons dink onafhanklik, ons diens is vars en lewenskragtig, dit erken verskeidenheid en praat met insig. Ontmoet ons by 100/104 FM en ontdek die kultuurwêreld van vandag saam met Afrikaans Stereo.*

AFRIKAANS AS STEREO 100-104 FM

*r a d i o s o n d e r g r e n s e*

LINDSAY SMITHERS-FCB 5900/1/A

# wynproe
# bybelse bottels

deur henry nolte



VOORT met die vonkelverhaal. Van die polisieman op die spoor van die Bolandse colombar en steen wat iewers, met 'n paar kunsborrels in, as 'n dure Moët et Chandon-sjampanje gedrink word, het ons nie onlangs gehoor nie. Dis 'n verneukstorie so boeiend soos ou Springbok-Radio.

Intussen het Moët et Chandon laat weet hulle sny hul pryse met 25 persent. Die kalkkelders in Epernay lê vol bottels, maar die yuppies koop al minder.

Nie dat daar nie in Frankryk goedkoop egte sjampanje te kry is nie. Dis juis een van die plesiere om in die winkeltjies rond te snuffel en 'n egte sjampanje teen 'n derde van die bekendes se prys te kry. Talle van dié sjampanjes kom van klein plase of koöperatiewe wynmakerye. Hoewel selde so elegant en fyn van skuim soos die bekende premier-handelmerke, kan hulle wel 'n piekniek langs die Seine opkikker.



Ware Franse sjampanje word streng beheer. Kyk op elke etiket links onder is 'n N.M.-registrasienommer wat wys dis eg.

En dié feesdrank kom in 'n verskeie bottelgroottes. By die swierige hoofkantore van Moët, Mercier, Jouët-Perrier en ander kan 'n mens selfs buksies van 250 ml koop. En as jy vooruit bestel, sal Moët jou voorsien van 'n spesiale handgemaakte knewel van 15 liter.

Dit word 'n Nebukadneser genoem. (Seker omdat jy geklik ryk moet wees om sóveel vir jou gaste te skink.) Tradisioneel het al die verskillende sjampanjebottels hierdie onheilige Bybelse name...


Die groot bottel Moët et Chandon waarmee elke keer so by 'n Grand Prix gemors word, is 'n 3 liter-nommer. Dis bekend as 'n Jerobeam. Sy jonger boetie van 1,5 liter is 'n magnum - twee gewone 750 ml-bottels.



(Die alwetende snob sal jou vertel ware sjampanje word net in twee groottes bottel gegis: die gewone en die magnum. Alle ander groottes word uit dié bottels gevul.)

Al plaaslike vonkelwyn wat geredelik in 'n jerobeam beskikbaar is, is Nederburg se Premièr Cuvée Brut (R94,40 by Picardi). Ek het destyds een van dié knewels by Christine Rudman van SBW present gekry en dit ná ses jaar op 'n roekelose groepgeselligheid oopgemaak. Vanweë die grootte van die bottel het die wyn rustig verouder sodat die steen/riesling-versnit 'n heerlike heuningagtigheid by gekry het. Die goeie skuim het bewys: hier is gehalte in die bottel.

Vandag het dié Nederburg-vonkelwyn (R15,99) 'n voller dimensie, want sauvignon blanc is ook deel van die versnit. Agterop is die volmaak-datum van elke bottel. Goeie inligting as jy dit vir 'n wyle wil wegsit.



Dié Nederburg is ook in magnums (R33,55) te kry. Maar die lekkerste Cap Classique-vonkels wat in die magnumbottel gegis is, is Achim von Arnim se Pierre Jourdan (R63,50) en Villiera se Tradition (R49,90).

Achim se wyn is onverskrokke kurkdroog met 'n byt. Dis op tipiese sjampanje-wyse van 60 persent chardonnay en 40 persent pinot noir. In teenstelling is Tradition meer vrugtig, byna romerig en meer toeganklik. Interessant dat die wyn naas chardonnay en pinot noir, ook 'n bietjie steen en ons eie pinotage in die versnit het.

Absoluut heerlik. En met 'n magnum kan 'n mens die vonkelplesier deel - anders as 'n gewone bottel sjampanje of Cap Classique, wat vir my net nie genoeg vir twee mense is nie.

# ontdek 'n eetplek

## dit sit in die familie

**PACHA'S**
CLUB-SENTRUM, HAZELWOOD, PRETORIA

deur ina van der linde

FAMILIES waarin die kostradisie dik loop, steek deesdae kleim af in die restaurant-bedryf. Vat nou maar vir Braam Cilliers van Cecile en 'n ant Madeleine van Biljon op die agtergrond. Daai kinners het feitlik grootgeword met 'n resepteboek in die hand.

Braam en vennoot se Yard of Ale by die Markteater het 'n reputasie opgebou as gesellige kuierplek en lekker kos met so tussen-in 'n paar ras-egte (oeps!) Suid-Afrikaanse geregte op die spyskaart.

En hier in onse Pretoria, kan jy die kos-dinastieë so uitwys. Die Van Heterens is een. Jare lank het Henk en Cynthia die Hof van Holland bedryf - een van die smartste eetplekke op die dorp gewees.

Toe die Hof van Holland deure toemaak, so tien jaar gelede, maak die twee seuns, Jan en Henk, vir Cynthia's oop in Hazelwood, en twee jaar later vir Pacha's in die Club-sentrum, net om die draai.

Saam met die Van Heterens by Pacha's het Lloyd Snyman gekom, self met 'n kospedigree wat begin by sy ouma wat hoofkok was van die Bloemfontein Hotel, op die plek waar die blink President Hotel vandag staan. En vroeg dié jaar het hulle nog 'n vennoot bygekry: Jan-Willem Pont, seun van baaskok Rina Pont.

In die dae toe geld nog volop was, het ons Cynthia's bo Pacha's verkies - oor Jan wat soos 'n gesellige buurman in die omgewing rondhang, die uitstekende kos en die Oosterse tafelmatte soos by die Hof van Holland.

Nou't ons so ietsie gehad om te vier en besluit toe om ons begroting te blaas op die nuwe vennootskap by Pacha's - dit beteken glo kersies op Spaans. Die plek ís kersierig: van die mooi meisies in stylvolle mini's tot by die blink menu en natuurlik, die pryse.

By 'n eetplek soek mens 'n eie karakter, stemming en 'n kosstempel wat verskil van al die baie ander eetplekke. Ek vind die spyskaart te lank en so tradisioneel. Maar Lloyd maak op met 'n kortbegrip. Viskos, sê hy, en as mens so bietjie aan hom torring, vertel hy hulle sit party middae en nuwe resepte praat totdat 'n nuwe gereg ontstaan. En hou die mense genoeg daarvan, kom dit op die spyskaart.

Dis hoe die gerookte eendslaai ontstaan het, 'n wonnerlike maaltyd op sy eie: fyn groenslaai met tamaties, dun repies eend en fyngekapte gedroogte vye, gedoop in heuning en mosterd. Voorts eet ons vars oesters en kabeljou met suurlemoen-bottersous - meer uit verlange na die Kaap as uit waagmoed. En 'n vlakvarkie - salig sy nagedagtenis - in blokkies gesny en sag gesmoor saam met 'n room-en-speksous. Anders, ryk en geurig.

Kyk, die plek is duur. Maar dit het styl, uitstekende diens en onder die glanslagie en vervelige Franserige geregte, tog die interessante en eiesoortige. Oordeel maar self of jy die volgende wil spandeer: oesters, R21,95; eendslaai, R11,95; vlakvarkie, R26,95; vis R31,50, en Dewetshof Chardonnay Finesse, R30,70...

# fynproe met nettie pikeur

## kuier deur 'n nuwe kookboek en hou stil by amerikaanse kos

DIS altyd lekker om 'n vrolike nuwe kookboek op jou lessenaar te kry - veral as die Kaap lyk soos hy nou lyk, nat en tries, winderig en nogal koud ook. Die handdoeke bly klam en die see lyk vanmôre soos lood.

Moenie alweer brom oor die weer nie, klink vrind Marthinus se stem uit die kombuis op. Jy weet hoe voel winter in die Kaap, en dis nou winter. As jy helder dae wil hê, gaan woon op Cornelia.

Wat op aarde hom aan Cornelia laat dink het, weet nugter. Nou ja, hier is die vrolike kookboek. Dit heet *Keurgeregte van die wêreld* en verskyn uit die pen van die vermaarde Pat Kossuth, wat nie net 'n gesoute kok is nie, maar die kuns verstaan om 'n resep helder en eenvoudig te maak. Sy het talle resepte self oor die wêreld bymekaar gemaak en is dus 'n praktiese kok, nie een wat gaan navorsing doen oor die real thing nie.

Ek moet dadelik byvoeg: hoewel die boek aantreklik is met 'n helderblou omslag van die een of ander Chinese gereg en hoewel dit talle pragfoto's op glanspapier bevat, is die resepte op die meeste toeganklik - nie avontuurlik nie. Dit het ook 'n ietwat vertaalde gevoel, die Afrikaanse kopie sprankel nie eintlik nie.

Nietemin is dit 'n workmanlike, bruikbare boek, uitstekend vir die gasvrou wat lus het om 'n nuwe gereg voor te sit.

Net een ding: Mies Pikeur het in haar jeug in 'n Turkse restaurant leer kook en Turkse kookterme geleer. Mev Kossuth beweer Cacic is Griekse tamatiejogurtsop met seekos. No way. Cacic is die Turkse weergawe van die bekende Griekse Tzatziki, wat sy ook onder die Griekse hoofstuk saam met Cacic liasseer. Dis gewoon verkeerd.

MAAR DIS KIBBEL. Sy het waarskynlik die resepte by 'n Turkse eetplekkie gekry waar die eienaar hoog en laag gesweer het dis wat cacic is.

Vandag hou ons by Amerikaanse kos, want ek verlang alweer New Orleans toe en hoewel baie Amerikaanse geregte power is, het ek in daardie land, veral in New York en San Francisco, en natuurlik New Orleans, van die lekkerste kos in my lewe geëet. Die ander lande in die boek strek van Frankryk en Italië, Oostenryk, Duitsland en Rusland, China, die Midde-Ooste, Spanje en Portugal tot by Griekeland, Indië en Skandinawië. Omvattend, hoor.

Maar hier is eers 'n New England-visbredie waarvoor New Englanders en New Yorkers al twee eeue stry. Gapermossels koop jy in 'n blikkie of gebruik witmossels wat jy self op Hermanus gaan uitgrawe.

Ek het die resepte effens aangepas.

**NEW ENGLAND-VISBREDIE**

Braai 100 g rou ham of spekvleis, in blokkies gesny, in 'n eetlepel botter. Skep uit en braai 2 groot gekapte uie in nog 'n bietjie botter by. Roer by sowat 1 koppie gekapte tafelseldery, 2 gekapte aartappels, bietjie tiemie, swartpeper en 4 teelepels hoenderaftrekselpoeier. Vul die vloeistof uit 'n 750-blik gapermossels aan met water tot 500 ml verkry is, en voeg 1 liter melk by. Prut groente tot net sag en voeg die gapermossels by 5 minute voor opskep. Verdik met 'n bietjie meel as jy wil, maar die aartappels sal die gereg genoeg verdik om 'n stewige bredie te maak.

Dis genoeg vir 6-8 porsies en ek stel voor baie brood en botter is the form. Jy kan natuurlik ook kierang en stukke vis by die gereg voeg, maar dan is dit nie meer reg nie.

Hierdie spinasie-en-sampioenslaai kom van Atlanta in Georgia. Ek is 'n ou liefhebber van die kombinasieslaai en dié een klink eg-Amerikaans en lekker.

**PEACH TREE SE SPINASIE-EN-SAMPIOENSLAAI**

In 'n groot bak rangskik jy 'n kop sagte botterslaaiblare, asook 15-20 jong spinasieblare, silwerskoon en grof met die hand geskeur.

Marineer 250 g knopiesampioene, in skyfies gesny, saam met knoffel in die spekvleis, croutons (come on, jy weet hoe om blokkies brood te braai!), gekapte pietersielie en 'n handvol varsgerasperde Parmesaankaas oor.

Die slaaisous is 'n klassieke vinaigrette met 'n halfkoppie olyfolie, 'n 2 lepelsvol wynasyn, sout en peper na smaak, miskien met 'n tikkie mosterdpoeier. Klits goed.

Dié twee brode kom uit twee heeltemal verskillende streke: die mieliemeelbrood uit Louisiana, seker naby New Orleans vanweë die byt, die ander van die Episkopaalse Kerk naby Ivy, Virginia. Nes ons s'n is hulle kerkbasaarkos voortreflik.

**LOUISIANA-MIELIEBROOD**

Verhit 'n swaar braaipan sonder handvatsel of 'n koekp[an by 200 grade in die oond. Sif 1,5 koppies mieliemeel, 'n halwe koppie koekmeel, 1 eetlepel suiker, 2 teelepels bakpoeier, 1 teelepel koeksoda alles saam en voeg dan 1 koppie gerasperde cheddarkaas by. Klits 2 gekapte vars rooirissies, of net een as jy nie van soveel brand hou nie, met 2 groot eiers en 1,5 koppies karringmelk.

Smelt 3 eetlepels botter in die warm pan en skep die deeg in. Bak 25-30 minute tot die brood van die wande loskom. Sit in die pan voor met botter.

**THIMBLE FARM-PIESANGBROOD**

Klits 100 g botter en 1 koppie suiker. Voeg 3 groot ryp fyngedrukte piesangs en 2 eiers by en meng deeglik. Sif 2 koppies meel met 'n knypie sout en 1 teelepel koeksoda, 4 eetlepels warm water en 1 opgehoopte teelepel bakpoeier en roer by. Skep in 'n gesmeerde en meelbestrooide pan en bak sowat 1 uur by 180 grade of tot 'n pen skoon uitkom.

Die laaste twee resepte, hoewel nie oordadig soet nie, is vir al die mans wat altyd so neul oor poeding en dies meer. Hulle kan stroop oor albei brode gooi as hulle wil.

● *Keurgeregte van die wêreld*, deur Pat Kossuth, Tafelberg, sowat R60.



televisie

# klipoog

## Waarom Klipoog saans wegbly van Van Zyl Slabbert

KLIPOOG hoor sitcoms en seepsages gee Van Zyl Slabbert 'n pyn. Hy sê dis 'n ligsinnige vermorsing van tyd, veral die Amerikaners s'n. As mense rêrig na dié soort strooi wil kyk, is dit hul demokratiese reg, sê hy, maar dan moet ons dit liewers self hier in Suid-Afrika maak.

Sy persoonlike demokratiese keuse is glo om heeltyd opvoedkundige programme te sit en kyk, want dan leer 'n mens ten minste iets. Klipoog het nie gehoor presies watter soort opvoedkundige programme nie, maar vermoed Slabbert se ideale TV-stasie is iets soos TSS - net met nuus by, en meer aktualiteit, en straks heelparty Suid-Afrikaanse programme met name soos *People, Ordinary People, People in Focus, Political People, People at Work, People in Crisis, People on the Move, People Watch, People Who Love People*.

Klipoog hou self baie van TSS, want dit leer 'n mens heelwat en doen dit dikwels lekker. Klipoog hou ook van die onverwagse spronge waarmee dit soos 'n ensiklopedie omblaai van byvoorbeeld kosmetiek na die kosmos. Klipoog wil egter bieg dat heelparty van Klipoog se gunsteling-dokumentêre op TSS nie inheems is nie, maar uitlands en selfs Amerikaans, soos die uitstekende reeks op Saterdagaande die laaste tyd oor dinosouriërs en waarom hulle uitgesterf het (*The Dinosaurs*, 8.30 nm).

Klipoog meen Slabbert sal darem toegee heelparty van die TV-dokumentêre wat die uitlanders maak, is universeel genoeg om vir Suid-Afrikaners kosjer te wees. Ons het byvoorbeeld soortgelyke atome in ons inheemse materie, soortgelyke sterre in ons stukkie hemel en soortgelyke fossiele in ons deel van die geologiese laagkoek. So hy sal seker nie daarop aandring dat Carl Sagan altyd vervang moet word deur Marinus Wijnbeeck nie.

MAAR AL WORD Klipoog hóé gretig opgevoed, glo Klipoog nie in te veel stigting sonder vermaak nie. Anders as Slabbert, wil Klipoog soms tóg 'n bietjie wegbreek van 50/50 en University of the Air en Denis Beckett en 'n bietjie strooi sien sonder om vertel te word wat die spesifieke gewig daarvan is, hoe dit ekonomies opgehef kan word en hoe 'n mens dit kan gebruik om water mee te filtreer.

Klipoog is dus ongesellig en gaan kuier 'n hele paar aande van die week nooit by Van Zyl Slabbert nie, anders moet Klipoog heeltyd simpel verskonings uitdink om weg te glip. Is Klipoog on-Suid-Afrikaans as Klipoog se hart oopstaan vir nimlike uitlanders soos *Alf, Cheers, The Golden Girls,* Vir die Verdediging en deesdae veral *Goeiemôre Alaska?*

Klipoog skroom selfs nie om te sê Klipoog verkies staatmakers soos dié bo heelwat van die inheemse strooi nie - veral Afrikaanse strooi soos Die Glaskasteel en daardie onkruid wat maar net nie wil vergaan nie, maar aan twéé tydgleuwe (Donderdag én Sondag) bly vasklou soos 'n parasitiese gewas, *Ballade vir 'n Enkeling*. Snert soos dié word miskien wel hier te lande gemaak - tot die betrokkenes se groot skande - maar wat is in ieder geval Suid-Afrikaans daaraan?



KLIPOOG WIL DUS 'n lansie breek vir die sitcom as een van die vorms van televisie wat 'n mens se siel die meeste goed kan doen en jou die skerpste insigte in die mensdom kan gee. Klipoog wil ook 'n lansie breek vir die Amerikaners - want kom dit by die sitcom is hulle beter as baie ander uitlanders, miskien selfs die Britte. Maar dan onderskei Klipoog natuurlik, anders as Van Zyl Slabbert, beslis tussen die seepsage en die sitcom. Oor melodramatiese Amerikaanse seepsages soos *Rustelose Jare, Santa Barbara* en dies meer raak Klipoog net so xenofobies soos hy, want dis blote lofliedere op die soort oppervlakkige materialistiese waardes - rykdom, skoonheid, ens - wat die Amerikaanse kultuur so kultuurloos kan laat raak.

Maar die Amerikaanse sitcom is 'n heel ander storie. Dit gaan oor mense se koddighede en quirks - en niks is so universeel soos die dinge wat jou vir mense laat lag nie, want dis altyd dinge wat jy kan herken. 'n Toets vir 'n goeie sitcom is dat dit jou laat vergeet dit kom uit 'n ander land. Volgens dié toets slaag *Alf*, want jy dink nie aan hom as 'n Amerikaanse wese uit die buitenste ruimte nie. (Iets soos *Beverley Hills 9021* deurstaan dié toets egter nie, want dis nóg sitcom nóg seepsage, sommer net 'n Reader's Digest-tipe preek oor pure Amerikaanse moral values.)

DIE UITLANDSE SITCOM wat Klipoog die lekkerste tuis laat voel, is *Goeiemôre Alaska*, wat (anders as *Alf*) beter in Engels klink as Afrikaans. Wat Van Zyl Slabbert nog nie agtergekom het nie, is dat dié koddige gemeenskap omtrent 'n spieëlbeeld is van Suid-Afrika se mense: 'n klomp mense met die uiteenlopendste opvattings van die lewe denkbaar - om die waarheid te sê van die effens weerlose doktertjie tot die fascistiese radiostasiebaas het jy omtrent die hele spektrum van links tot regs, met ook die drop-outs tussenin.

Al verskil met Suid-Afrikaners - en dis waar die opvoedkundige aspek inkom - is dat dié bondel kleurryke karakters, wie se afsonderlike quirks so onversoenbaar lyk, tog heel vreedsaam en doodgelukkig kan saamleef. Die eenvoudige rede is dat die mense van dié dorpie die verskille tussen hulle nie sien as rede tot oorlog nie, maar mekaar se eiesoortighede eerder geniet omdat dit die lewe des te interessanter maak.

Alle Suid-Afrikaners - ook die ouens in die World Trade Centre wat so kibbel oor hoe om bure te wees - kan gerus 'n bietjie kers gaan opsteek by Cicely se mense. Daar weet hulle alte goed: die lekkerste bure is juis dié met wie se smake en menings jy verskil, want afwisseling kruie die lewe. ■

**AFRIKAANS STEREO HOOGTEPUNTE**

| | |
|---|---|
| PROGRAM: | Klankbord - Mense, menings en musiek |
| AANBIEDER: | Susan Booyens en David van Lill |
| INHOUD: | 'n Tydskrifprogram vir almal wat oop is vir verandering (Gedagte, woord en daad). |
| DAT. EN TYD: | Elke Maandag om9:15 |
| PROGRAM: | Ekoforum |
| AANBIEDER: | Norma Odendaal |
| INHOUD: | 'n Program waar huidige natuur kwessies onder die soeklig kom. |
| DAT. EN TYD: | Elke Maandag om 7:30 |
| PROGRAM: | Dokumentêr - Toemaar, die donker man |
| AANBIEDER: | Chris Swanepoel |
| INHOUD: | 'n Program oor Ingrid Jonker |
| DAT. EN TYD: | Sondag, 18 Julie 1993 om 4:30 |



Soos altyd is Uli Schmidt (2) in die middel van die stryd. (Foto: Jon Hrusa)

rugby

# die murg is daar

deur louis kirstein

## Dis net die ervaring wat die Springbokke kort

HOPELIK sal die Springbokke die lesse toepas wat die Vyfnasie-kampioen hulle die afgelope twee toetse geleer het.

Kry die losbal, trek die ander spelers in by die losgemaal, wees gedissiplineerd en laat die bal na die agterlyn loop.

Ian McIntosh se jong bokke het in die toetse gewys hulle het murg in hul pype. Dit raak net soms waterig as die internasionale ervaring van ander spanne begin toon. Miskien is dit net dié ondervinding wat in die laaste toets tussen wen en verloor gestaan het. Nie omdat ons so lank van die wêreld afgesny was nie, maar omdat die span op internasionale rugby-gebied nog jonk is. Curriebekerrugby en toetsrugby verskil hemelsbreed.

Dit kos in elk geval baie moed om die Hane, ná 'n so-so eerste toets, in die tweede toets te laat bontstaan van die afskop af. Dis net jammer Pienaar het nie munt geslaan uit die situasie nie. Die Springbokke het gewys: as die agterlyn die bal laat loop, laat hulle die Hane swaarkry.

Hopelik word daar in die drie toetse teen Australië meer gebruik gemaak van die twee vleuels. Australië hou graag die spel by hul voorspelers. Die Wallabies speel 'n spel wat al amper met die Suidelike Halfrond vereenselwig word.

Hulle voorspelers speel hard en vinnig. Dalk net so effens harder as die Franse.

As die Suid-Afrikaners vinniger as die Wallabies is en die bal vinnig by die vleuels kan laat uitkom, gaan die Wallabies moet bontstaan. 'n Voordeel vir die Springbokke is dat heelparty spelers aan die Super 10 reeks deelgeneem het. Hulle het die krag van Australië geproe. Dalk kan die Suid-Afrikaners hierop 'n spelpatroon bou.

DIE SPRINGBOKSPAN na Australië is 'n mengsel van ou en jong manne. Al gemene deler is dat hulle omtrent almal ewe min internasionale ervaring het.

As heelagter sal Theo van Rensburg (Tvl) seker die eerste keuse bo Hugh Reece-Edwards van Natal wees. Van Rensburg is besig om deur harde werk sy merk te maak. As skopper is hy dalk nie so briljant nie, maar hy het sy senuagtigheid onder 'n hoë bal lankal oorkom en staan geensins terug vir ander groot heelagters nie.

Die insluiting van Chester Williams (WP) saam met Jaques Olivier (N Tvl) is 'n goeie keuse vir die linkervleuel. As vleuel kort Williams net meer ondervinding. Hy is vinnig, sterk en gevaarlik as hy begin hardloop. En hy kan verdedig.

Op regtervleuel is James Small (Ntl) en Deon Oosthuysen (N Tvl) gekies. Oor Small se spel kan daar min onsekerheid wees. Hy soek heeltyd werk op die veld en is aggressief as hy aanval.

Hoewel Honiball van Natal as 'n senter gekies is, is dit in 'n mate goeie nuus. Saam met Hennie le Roux (Tvl) behoort hulle die voordeellyn oor te kan steek. Albei hardloop vorentoe en speel aanvallend. Boonop kan Honiball skop. Seker 'n idee wat by die Franse "geleen" is. Die senters wat gekies gaan word, sal seker Pieter Muller (Ntl) en Heinrich Fuls (OP) wees. Die insluiting van Thinus Linee (WP) het baie mense onkant betrap. Bring hy nie sy kant op die toer nie, sal daar seker weer 'n kop geëis word.

Met Du Preez, Le Roux, Honiball, Small en Van Rensburg in 'n agterlyn kan dit na 'n "skoppende" agterlyn lyk.

Die toer kan vir Joost van der Westhuizen (N Tvl) 'n deur na die toetsspan oopmaak. Al lyk dit of hy soms oor die hoof gesien word tot voordeel van Robert du Preez (Ntl), is sy skoonmaakwerk ná 'n skrum of lynstaan net so effens vinniger as Du Preez s'n. Dit gaan tel as daar teen Australië gespeel word. Van der Westhuizen kan ook agter 'n verloorpak speel, terwyl Du Preez in sulke gevalle soms die kluts kwyt raak.


'n Goeie keuse is die belowende John Allan van Natal as plaasvervanger vir Uli Schmidt (Tvl), sou dié beseer raak.

VIR LOSKOPSTUT sal Willie Hills (N Tvl) hopelik al herstel het ná sy besering teen die Hane. Johann Styger (OVS) is 'n sterk aanspraakmaker vir die loskopposisie. Tussen Keith Andrews (WP) en Balie Swart (Tvl) is daar min te kies vir die vaskopstut.

Hannes Strydom (Tvl), Kobus Wiese (Tvl), Nico Wegner (WP) en Rudi Visagie (Ntl) maak almal aanspraak as slotte. Van die vier het Strydom en Wegner die meeste vir die Springbokke beteken in die tweede toets teen die Hane.

Ruben Kruger (OVS) is in die ongelukkige posisie dat hy saam met Francois Pienaar (Tvl) vir loskopflank gekies is. Dit is seker net 'n besering wat Kruger die posisie in 'n toets kan laat inneem. Deon Lotter en Ian Macdonald, albei van Transvaal, sal sake vir die vaskopflank moet uitspook. Macdonald se spel het hom egter in die eerste toets teen die Franse in die steek gelaat.

Op agsteman is daar maar min te kies tussen Tiaan Strauss (WP) en Adriaan Richter (N Tvl). Strauss het dalk net daai bietjie ekstra instink wat nodig is om teen die Wallabies te speel. ■



Ernie Els

# putjies vol beproewing

deur neil simms

## Dis weer tyd vir gholf se grotes om te swets

"ONE damn event after another," het Oscar Wilde van die lewe gesê. En vir gholf-spelers raak die Britse Ope dikwels 'n donker beproewing van "one damn shot after another".

Die rede, kennelik, is die aard van Britse bane - kaal, ongelyk en winderig. Daar was byvoorbeeld die dag in 1985 op Royal St George's toe die magtige Ballesteros die 17e setperk nie eens met twee houte kon haal nie. Laatmiddag het Sandy Lyle dieselfde putjie ('n syfer-4 van 425 jaart) met 'n dryf en nege yster oorrompel.

Voorbeelde soos dié is volopper as voëltjies. Laasjaar, ná twee rondes op Muirfield, het vier van gholf se grootstes binne drie houe van mekaar lê en bloei: Ballesteros, Player, Nicklaus en Watson.

Met veertien Britse Ope-titels tussen hulle - en vyftien houe agter Faldo - kon geeneen vir die laaste twee rondes kwalifiseer nie. Voeg ook die name van Curtis Strange, Fred Couples, Tom Weiskopf, Jeff Sluman en Bob Tway - almal Major-wenners - by die verslane viertal s'n, en mens begin die wispelturige wreedhede van 'n links-baan verstaan.

Wat ons terstond by nog 'n insiggewende stukkie statistiek bring: aan die einde van genoemde Ope, net sewe houe agter Faldo - en gesamentlik in die vyfde plek - was die jong Suid-Afrikaner Els.

"Die nuwe Nicklaus," het stoere Britte gesê en hul droë bo-lippe in "bitters" gebêre.

HET DIE AMERIKANERS meer in gholf belang gestel, en minder in patriotisme, sou hulle vanjaar op Baltusrol ewe gaande oor Ernie kon raak. Maar die 23-jarige se getuigskrifte en Rolls Royce-swaai, die blonde hare en groot lyf - nes Nicklaus - sou die Yanks meer beïndruk het as hy Amerikaans was.

Oor Ernie had hulle dus min te sê. Palmer, ja, het hom op 'n keer as die wêreld se beste jong speler geprys. Maar die media noem eerder die Mudds en Micklesons en Clearwaters. Selfs Price het gedempte applous ontlok, veral oor die laaste nege, toe 'n swetterjoel sette nie wou sink nie.

Daarbenewens het Frost, Allem en Johnsten nou nie juis Baltusrol aan die brand gespeel nie.

Al dié dinge kan vanjaar op Royal St George's verander. Voeg Gary, McNulty en Wayne Westner se name by bostaandes, en Suider-Afrika stoot oudergewoonte 'n sterk vuis in die veld.

Dis 'n tradisie wat al in 1949 - en hoeka op St George's - deur Bobby Locke begin is. In die jare daarop het hy en einste Player die Ope sewe keer gewen; Locke die laaste keer in '57, en Gary die eerste keer twee jaar later - op dieselfde ouderdom as wat Els vandag is.

Buiten die twee Suid-Afrikaners is die Ope in die laaste vier dekades deur Amerikaners, Australiërs en die briljante Spanjaard Ballesteros oorheers. Eers in die middel-tagtigerjare, met Sandy Lyle se sege - snaaks genoeg ook op St George's - en Nick Faldo se drie oorwinnings in ses jaar kon die Britte weer heerskappy op eie bodem herwin.

Kan St George's vanjaar nogmaals as katalisator dien? 'n Renaissance van Suid-Afrikaanse oorheersing ontketen? Nick Price se fabelagtige talent voluit ontsluit? Ernie Els op die pad na roem en rykdom plaas?

Kan St George's die Spaanse bul Ballesteros tot 'n heropstanding besiel? Of Watson 'n slag weer laat wen?

Weiskopf ken die Ope. Vyf keer in nege jaar was hy koning, die laaste keer in '83 op Royal Birkdale. Deesdae slaan hy die bal so goed soos ooit. Nou die dag het Nicklaus nog gesê niemand looi 'n yster soos Watson nie. Met sy kompakte, kragtige swaai kort die oud-kampioen net 'n jong asem op die setperke en hy ewenaar wragtag Harry Vardon se rekord van ses Opes.

SEVE? MENS sou hom graag in die vergelyking wou inskryf. In die legendes van Lytham staan sy naam lewensgroot: 'n briljante 65 in die laaste ronde van '88. Nes Nicklaus en Watson elf jaar vroeër op Turnberry, had mens die gevoel dat hy as speler nie alleen in beheer van sy bestemming was nie; dat ook die gode daardie dag die spel déúr hom gespeel het.

Vandag is Seve, helaas, die kluts kwyt. Sy Spaanse mantel hang oor ▶

## word groot, wayne

**STOPPIE** prêm, stoppie prêm! My rakette, 'seblief!

Dis nou Keith Diepraam se protegé, Wayne Vlakraam. Want sy speelgoed het hy weer uit die sputnik gedonner toe een van sy donderbus-houe nie die kol tref nie.

Sampras het Agassi in hul kwarteindstryd uitoorlê deur spoed van die bal af te haal. Arthur Ashe het dit al in '75 se eindstryd teen Connors gedoen.

Maar Wild West Wayne warrel voort. Hy kap sooie uit Wimbledon se groen gras as dinge skeef loop. En drentel met daardie oordrewe cool stappie dwars oor die baan, neus in die lug en 'n woordeboek vol woede.

Word groot, Wayne. En speel tennis, man, nie toneel nie. - NEIL SIMMS

# brolloks & bittergal



## Vra my broer Jack, hy lieg nes ek

Ná alles gesê en gedaan is oor die skollie-inval in Kemptonpark, weet Suid-Afrikaners nou dit: die polisie is óf onnosel en naïef deur met ver-regses te onderhandel en hulle dan te glo, óf hulle is geheel en al useless; óf hul sentimente lê baie naby aan dié van die AWB-vandale. Daar is nie ander moontlikhede nie.

Want dié wat nog half lus was om die SAP te glo oor hulle totale gebrek aan optrede teen die wit bullebakke, het hulle 'n paar dae later glad nie meer geglo toe almal op TV kon sien hoe hulle toesak op die arme bendetjie van die PAC wat vreedsaam en sonder uniforms en wapens wou gaan betoog nie.

Dit gaan 'n lang tyd neem voor die gewone mense weer die polisie glo en vertrou. En dit net toe ons gedink het die probleem is vinnig aan die beter word.

Daar is nog 'n ding waaroor Suid-Afrikaners wonder: hoe is dit dat Constand Viljoen 'n ganse weermag in Suid-Afrika en in die buurstate kon beheer en regeer - en hy kan nie 'n handvol willewragtags in Kemptonpark beheer nie?

## Hoe meer dinge verander...

Dit is die eerste week in Junie 1993, dit wil sê nadat die SAUK al 'n nuwe raad gekry het. 'n Lid van TV1 se *Agenda*-span gaan soek in die argiewe van die SAUK na tonele van 16 Junie 1976 om as agtergrond by 'n dokumentêr te gebruik. Die video's is daar, sê die bibliotekaris, maar hy mag dit nie uitgee nie, want op elkeen van die kassette staan daar: Dié kasset mag nie sonder die toestemming van die Veiligheidspolisie gebruik word nie.

Dit is toe nie gebruik nie.

## *RDM* se comeback

Die senior redaksie van die destydse *Rand Daily Mail* het maar gemengde fortuine gehad nadat dié koerant toegemaak is. Maar nou lyk dit of van die manne 'n comeback maak: Ameen Akhalwaya, wat ná die sterwe van die *RDM* redakteur van *The Indicator* was, is pas aangestel in 'n baie senior en sensitiewe pos by TV1 se *Agenda*. En die stories loop dik dat John Mattison, nog 'n senior *RDM*-man wat intussen 'n paar draaie by Public Radio in Amerika gemaak het, as hoof van radio by die SAUK aangestel gaan word.

Miskien is daar darem vordering.

## Eskom ook

Nog getuienis dat daar vordering gemaak word: Eskom, eens 'n stuffy, burokratiese para-statal, is pas deur die Black Management Forum aangewys as een van die drie mees progressiewe maatskappye in die land. Die ander twee is Nampak en Upjohn.

## Arme De Klerk

FW de Klerk kan ook nie meer wen nie. Die Amerikaanse pers het die laaste maande 'n paar keer skerp na hom gekap toe hy dinge gedoen het waarmee die ANC nie tevrede was nie. En nou, noudat hy op die punt is om sy mag aan 'n meer demokratiese liggaam oor te dra, kap hulle hom wéér: dié keer omdat hy 'n "lame duck" president is wat eintlik net in Amerika kom koebaai sê het. Soos die ou storie gaan: as hulle hom op die water sien loop het, sou hulle geskryf het: De Klerk can't swim!

De Klerk het met reg geprotesteer: "I am not a colonial governor about to relinquish his post and sail away into the sunset."

Ja, maar dit was darem sy swanesang. Has-been-status lê net voor die deur.

## Die probleem

Jon Qwelane, redakteur van *Tribute* en provokatiewe rubriekskrywer, het een van ons landjie se grootste struikelblokke dié week 'n naam gegee: The White Problem.

Qwelane verwys na die voorval by die onderhandelinge toe die KP se Tom Langley uitgestorm het toe die voorsitter opmerk dat sy (Langley) se mikrofoon nie werk nie omdat dit deur die regses beskadig is. Hy skryf: "The petulant and thoroughly spoiled nature of people like Langley best exemplifies the heart of the White Problem. Most of the hordes who stormed the talks' centre were brought up on a diet of naked racism underpinned by selfishness. Early in life they were taught arrant racism as an article of faith, and they were taught all the bad things that elevate 'race' above common humanity... Anyway, why do the extremists think they are so special? Does that belief come about because their spiritual mates in the police force stood idly by and mouthed wishy-washy reasons why they should not stop the rot?"

## Ons gaan jou mis

Brolloks se hart bloei vir Ken Owen, redakteur van die *Sunday Times*. Hy gaan Suid-Afrika se bes-geleesde rubriek, syne in die *Sunday Times*, nou net so nou en dan skryf.

"Few journalists are able to sustain the unrelenting pressure of writing a regular newspaper column, year in and year out, without lapsing into banality, or depravity, or tired old jokes..."

Ken is reg. Gelukkig spesialiseer Brolloks in banalities en depravities, so vir minstens een rubriekskrywer is dit nie 'n probleem nie.■

---

► Olazabal se skouers; sy Europese koninkryk is Langer s'n. 'n Jaar gelede kon die Duitser nie onder die eerste vyftig op Muirfield eindig nie. Vandag is hy Amerika se Meesterskampioen en tweede op die wêreldrang-lys.

Bó Bernhard boer Faldo steeds as grootbaas van die syferformules. Tegnies swaai hy dus die septer. Wat sy ewe tegniese gholfswaai betref, is Siek Nick egter in niemandsland. Op Augusta kon hy vir die eerste keer sedert 1987 nie die top-20 van 'n Grote haal nie, en in die Amerikaanse Ope het sy probleme vererger. Faldo is 'n stroewe en soms onaangenaam ongeskikte vent. Ná laasjaar se Ope het hy die pers uit die "heart of his bottom" bedank. Is die sleutel tot sy serebrale swaai en eentonige persentasie-gholf inderdaad verlore, sal min mense die Engelsman mis.

Veral nie as die ander Nick, genaamd Price, Faldo se spore begin volstap nie. In die Meesters het die gewilde Zimbabwiër as gunsteling afgeslaan; droefgeestig is hy daar weg. In die Amerikaanse Ope was dit 'n skewe setyster.

Maar Price kan 'n gholfbal braai. Vanjaar het hy al twee PGA-titels ingeoes. In sy sak is 'n nuwe setyster. En met sy instinktiewe vermoë om 'n tonnel deur enige Engelse wind te boor, het die Zimbabwiër vanjaar so 'n bietjie kans soos ooit om vir die verspeelde geleenthede van Troon (1982) en Royal Lytham (1988) te vergoed. ■

# laastesê

## die huilende humanis met die wit sakdoek

**KENNETH KAUNDA**


sê aan JULIUS OWAGA waarom hy glimlag vir die mense wat hom haat

**Wat beteken die wit sakdoek wat u altyd dra?**

As ek daarmee wuif, sê ek God seën jou, laat vrede met jou wees. Ek het dit al by my van die dag in 1960 toe ek uit 'n koloniale tronk gekom het.

**Wat was u belangrikste bydrae in u loopbaan?**

Ek het die voorreg gehad om Zambië in die stryd om onafhanklikheid en ná bevryding te lei. Ons vrywording was 'n groot oomblik. My tweede grootste prestasie was dat ek die mense van Zambië na 'n eenheid help lei het onder die slagkreet *One Zambia, One Nation.* Zambiërs het God se gebod aanvaar dat jy jou naaste moet liefhê soos jouself. Ons het menseregte in groot mate gerespekteer. Daar was nooit Zambiërs in ballingskap nie. Verder sal ek sê 'n prestasie was dat ons teen onafhanklikwording net honderd Zambiërs met universiteitsgrade gehad het, en vandag is daar honderdduisende. Met onafhanklikwording kon Zambiërs net waentjies rondstoot, vandag is daar Zambiërs wat groot kapitaliste is.



**Kenneth Kaunda is 'n rare verskynsel in Afrika: 'n staatshoof wat bereid was om sy posisie prys te gee toe hy in 'n verkiesing verslaan is. Die gewese Zambiese president, deesdae hoof van die Kaunda Stigting vir Vrede en Demokrasie, het min van sy statuur in Afrika prysgegee en speel op talle plekke die rol van bemiddelaar en diplomaat - ook in Suid-Afrika. (Foto: SALLY SHORKEND)**

**U is bekend as 'n humanis wat glo die mens moet in die middel van alles geplaas word. Was dit nie in stryd met die kapitalistiese etos nie?**

Ja, ek is steeds 'n humanis. Dit is die enigste manier om werklik vrede aan 'n gemeenskap te bring. Met onafhanklikwording was daar baie maatskappye wat geld uit die land wou neem. Ons moes dié groepe oorneem. Maar ons het 'n stelsel ingevoer van ko-determinasie tussen werkers en nyweraars. Ons het later geliberaliseer en besighede teruggegee aan die mense, maar ons het geglo, anders as die nuwe regering, dat 'n mens nie alles net sommer kan privatiseer nie. Posterye en elektrisiteitvoorsiening moet in die hande van die staat bly.

**U administrasie is van korrupsie beskuldig...**

Ja, daar was korrupsie. In watter land, selfs in die Weste, is daar nie 'n mate van korrupsie nie? Wat belangrik is, is dat die leiers opstaan en dit aktief beveg.

**Maar het u mense nie te sagkens behandel nie? U kon nooit iemand afdank nie...**

Ja, dit is seker so. Ek het 'n baie sagte hart, en ek sien dit soms as 'n swakheid in myself. Maar met die ergste vorme van korrupsie het ek koppe laat waai - sommige van dié mense wat in die nuwe regering sit inkluis.

**Wat sou u anders wou doen?**

Ons het verbruik te lank gesubsideer, pleks van om produksie te subsidieer. Ons het dit te laat agtergekom, en dit was 'n fout.

**Sou u ook die eenpartystelsel herhaal het?**

Ons het weggespring as 'n veelparty-demokrasie, maar elke keer met 'n verkiesing was daar geweld en lewensverlies. Ek en Harry Nkumbula het toe bymekaar gekom en besluit dit moet einde kry. Ons het toe 'n groot indaba met sy mense gereël en die resultaat was dat hulle by UNIP aangesluit het. Dit was die begin van die eenpartystelsel - dit het van die mense self gekom. Baie mense wou hê ek moes lewenslank president word, maar ek het gesê dit is ondemokraties. En toe mense begin stemming maak teen die eenpartystelsel, het ek gesê nou maar kom ons hou 'n referendum daaroor.

**Het u regverdig verloor in die verkiesing?**

Ons doen nou nog navorsing daaroor. Maar as ons agterkom daar was ongerymdhede, soos ons vermoed, sal ek dit nie gebruik om terug te gaan in die politiek nie. Ek het geen politieke ambisies nie. Ons sal dit blootlê sodat so iets nooit weer kan gebeur nie. My ambisie nou is om 'n vaderfiguur vir my mense te word. Ek wil almal in Zambië sien as my kinders. Ek het hulle grootgemaak, selfs die korruptes.

**Kry u 'n pensioen?**

Nee, my regering het besluit ek verdien niks, geen huis nie, geen pensioen nie. Ek het niks geld nie. Wanneer ek reis, is dit my gashere wat betaal.

**Hoekom haat hulle u?**

Hulle haat ontstaan uit hul onsekerheid, uit hul vrees dat ek weer president wil word. Dis hoekom hulle my so aanval en probeer verneder. Dit is tragies.

**Maar u lyk eerder geamuseerd as bitter...**

Ja, ek is geamuseerd en ek is nie bitter nie. Jy moet die Afrika-glimlag korrek verstaan. Ons het gelei onder slawerny en kolonialisme. Ons het regdeur geglimlag. Dit is 'n deug om te kan glimlag. Die nuwe regering soek naarstig na iets om my aan te kla. Hulle kry niks. En ek glimlag regdeur. Hulle vrees selfs my skaduwee. ■

# Hoeveel langer moet 'n siekte wat 36 mense elke dag laat sterf dié behandeling kry?

Wat gaan ons laat besef hóé ernstig tuberkulose geword het? Dit laat meer mense per dag sterf as padongelukke, politieke geweld en selfs VIGS. 'n Kwartmiljoen mense het dit reeds. Tog is ons só geneig om dit te ignoreer.

Hoewel die Suid-Afrikaanse Nasionale Tuberkulose Vereniging alles moontlik doen om TB te voorkom, is die beskikbare fasiliteite nie in staat om die groeiende epidemie die hoof te bied nie.

TB raak buite beheer. Dis tyd dat ons drastiese maatreëls daarteen neem. Voor dit te laat is.

TB is 'n siekte wat niemand ontsien nie. Ryk of arm. Swart of wit. Ons almal is in gevaar. Enigiemand kan daaraan sterf. Meer as 13% van alle kinders wat in 'n SANTA-veldtog getoets is, het 'n primêre infeksie van tuberkulose onder lede gehad. En dit groei elke dag.

TB is aansteeklik en kan net deur 'n kiem veroorsaak word. Ondervoeding vererger die toestand. Dit begin met 'n hoes wat nie wil weggaan nie, en dan moegheid veroorsaak, nagsweet en bloed in die speeksel. Maar die ontstellendste aspek van TB is dat baie mense nie weet dit kan voorkom en genees word nie.

As u van iemand weet wat enige TB-simptome toon, laat hulle kliniek toe gaan vir 'n ondersoek.

As die toetse positief is, moet hulle behandeling kry en dit is volkome gratis. En slegs deur die volledige behandeling te ontvang, genees die TB-pasiënt.

Laat almal van ons die TB-probleem konfronteer. Deur weg te kyk, sal TB nie sommer net verdwyn nie. Maar mense sal ...

Vir meer inligting, skakel asb. ons TB-rooilyn (011) 29-9636, of u plaaslike SANTA-tak.

**Help TB Bestry.**

OGILVY & MATHER RIGHTFORD SEARLE-TRIPP & MAKIN 615721/A







HUNT LASCARIS TBWA CAPE B/5014/E

MARTELL

MARTELL BRANDY. IT'S A QUESTION OF STYLE.